'N GESTALT-ASSESSERINGSHULPMIDDEL VIR DIE LAERSKOOLKIND IN TERAPIE

deur

ELMARI BOTHA

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR M DUNN

NOVEMBER 2006

16 November 2006

Die Sentrum vir Spelterapie en Opleiding
Hugenote Kollege / UNISA
WELLINGTON

Vir Wie Dit Mag Aangaan,

Ek, Mev. Lydia Swart, verklaar hiermee dat ek die tesis, getiteld skripsie "'n GESTALT-ASSESSERINGSHULPMIDDEL VIR DIE LAERSKOOLKIND IN TERAPIE", taalkundig versorg het.

Ek het die verskeie kwalifikasies in Afrikaans behaal, onder andere: BA Onderwys (Ranse Afrikaanse Universitet, 1980); BA Hons Afrikaans (Randse Afrikaanse Universitet, 1991 cum laude) en MA Afrikaans (Randse Afrikaanse Universitet, 1994 cum laude en kanseliersmedalje). Ek is op gereelde basis by taalversorging betrokke.

Indien u enige verdere navrae het, is u welkom om my te kontak by:
082 487 0956

Vriendelike groete

_____

Lydia Swart
(Taalversorger en onderwyser)

Verklaring

Studentenommmer: 35128453

Ek verklaar hiermee dat **'n Gestalt-asseseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie** my eie werk is en dat alle bronne wat gebruik of aangehaal is, deur middel van volledige verwysings aangedui en erken is.

_____ _____

HANDTEKENING DATUM

(MEJ E BOTHA)

Kennisname

Aangaande die inligtingsboek en bordspel:

- Die inligtingsboek sowel as kleur afskrif van die bordspel word slegs vir eksamendoeleindes ingesluit. Vind dit as afsonderlik gebinde bylaag.

- Vir enige ander navrae aangaande die borspel kontak asseblief die navorser: Elmari Botha: 072 600 7612 of (011) 207 8984 (w) of (011) 902 8782

In die inhoud van die studie:

i.) word regstreeks van die manlike aanspreekvorm gebruik gemaak, wanneer daar van die kind gepraat word, om 'n lomp skryfstyl te verhoed. Dit word gedoen sonder voorkeur of enige seksuele diskriminasie.

ii.) word regstreeks van die vroulike aanspreekvorm gebruik gemaak, wanneer daar van die Gestaltspelterapeut, spelterapeut of terapeut gepraat word. Dit word gedoen sonder voorkeur of enige seksuele diskriminasie sowel as om 'n lomp skryfstyl te verhoed.

iii.) word verwys na 'n ‘skuifklippie’ wat die ronde gekleurde glas voorwerp versinnebeeld waarmee op die bordspeletjie rondgeskuif word.

iv.) word verwys na 'n ‘teller’ wat die ronde gekleurde glas voorwerpe is, wat die kind insamel soos wat hy 'n vraag antwoord. Hierdie tellers word aan die einde getel en dien as deel van 'n toekenningsisteem word die kind vergoed vir die hoeveelheid tellers wat ingesamel is.

v.) word na die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel verwys as die Schoeman-3-aspekmodel.

Bedankings

"Toe ek gedink het my voete gly, het U troue liefde my regop gehou, Here. Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het U vertroosting my tot rus gebring" (Ps. 94:18-19).

Hiermee wil ek my opregte dank oordra aan die volgende persone vir hulle begrip, hulp en ondersteuning:

- My ouers, suster en swaer, vir al hulle liefde, motivering, volgehoude ondersteuning en aansporing wat by gedra het tot die voltooing van hierdie studie. Hulle belangstelling het weerspieël hoeveel vertroue hulle in die sukses van my loopbaan het en hulle ondersteuning het my voortdurend verseker dat ek op die regte pad is.

- Oom Roen, Tannie Elize, Jeanet en Roelize dankie vir die positiewe bydrae wat julle gelewer het. Dankie vir julle liefde, geduld en ondersteuning gedurende die voltooing van hierdie studie. Julle belangstelling en opgewondenheid beteken vir my so baie.

- Anton, Jolandi en Melissa. Dankie vir die laat aande wat julle geduldig gehelp het, om my opnames klaar te kry. Ek waardeer dit opreg!

- Vir my vriende wat my ondersteun het, hul belangstelling getoon het en net daar was om te luister of aan te por wanneer ek moeg was. Judith en Paul; Chantellie en Arno; Colleen en Bernard; Marlia en Robert; Megan (you are an amazing friend); Woudie en Pierre (dankie vir julle opregte vriendskap); Nadia; Tannie Ounooi; Tannie Magda; Tannie Diana; Jeanie (thanks with helping with all the last minute stuff); Kubesh; Leeanne, Anesh; Jacqui; Marco en Heide; Trumè en Jacques. Eugene dankie dat jy altyd daar was as ek ondersteuning nodig gehad het en dat jy altyd bereid was om te help waar jy kon, veral met die kinders, ek kon waarlik my passie met jou deel. Elkeen

van julle se belangstelling en motivering het meer beteken as wat julle besef. Julle is vir my baie kosbaar!

- Phillip vir die hulp met die druk van my skripsie en bordspel ek waardeer dit opreg.

- Dr. Munita Dunn vir haar insette en bekwame leiding, motivering, ondersteuning en positiewe gesindheid wat by gedra het tot die voltooing van hierdie studie.

- Marlia en Robert vir hulle deurlopende ondersteuning, baie opoffering en hulp met die taalversorging van my studie en soveel meer. Julle is dierbaar en baie spesiaal!

- Lydia vir haar hulp en lang ure wat sy ingesit het, met die taalversorging van die skripsie. Jou bydrae het werklik 'n groot inset gelewer.

- Oom Arrie en Tannie Alice vir hulp met die proeflees van my skripsie, dankie dat julle 'n lang naweek vir my opgeoffer het.

- Oom David, Tannie Beaula, Diandra en Dedre vir julle gasvryheid. Dankie dat julle altyd 'n plekkie vir my gemaak het as ek in Pretoria klas moes loop. Julle het my so tuis laat voel en ek het die laat aand gesprekke oor my loopbaan en studies veral baie geniet.

- Juan-Louise Viljoen vir die tekeninge van die borspel. Dankie vir jou opoffering en die passie waarmee jy dit aangepak het, dit lyk pragtig.

Opsomming

Gedurende die aanvangsfase van Gestaltspelterapie is kwalitatiewe assessering 'n belangrike komponent binne die vertrouensverhouding. Die doel is om soveel moontlik inligting rakende die kind in te samel, om die verhouding te versterk, vir bewusmaking en vir die beplanning van 'n intervensie.

Die literatuur bevestig dat daar 'n tekort aan assesseringshulpmiddels is in Gestaltspelterapie en ander hulpverleningsareas. Probleme wat ervaar word met huidige assesseringstegnieke en -prosesse, skep 'n leemte wat in hierdie studie aangespreek word.

Die bordspel as Gestalt-assesseringshulpmiddel is saamgestel vir die laerskoolkind en fokus op die terapeutiese verhouding, sensoriese stimulasie en die kind se proses (Schoeman-3-aspekmodel). Inligting is ingesamel deur 'n literatuuroorsig, semi-gestruktueerde onderhoude met twee kundiges en die waarneming in die toepassing van die bordspel op een laerskoolkind.

Tydens die toepassing van bordspel, is waardevolle inligting rakende die kind ingesamel en voldoen aan die Schoeman-3-aspekmodel. Waarnemings gemaak is met 'n literatuurkontrole bevestig en versterk, waarna gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak is. Hierdie bordspel, kan met sukses deur spelterapeute benut word vir verhoudingstigting, sensoriese stimulasie en ontdekking van die kind se proses. Die navorsing lewer 'n belangrike bydrae in die aanvanklike assessering van die laerskoolkind.

Title of thesis:

A GESTALT ASSESSMENT TOOL FOR THE PRIMARY SCHOOL CHILD IN THERAPY

Summary

During the initial stages of Gestalt play therapy qualitative assessment is vital within the therapeutic relationship, to gain information about the child in order to strengthen this relationship, enhance awareness and for further interventions.

Research confirmed the lack and problems with current assessment tools, within various helping professions, which were addressed in this study.

The board game, as a Gestalt assessment tool, was compiled for the primary school child and focuses on the therapeutic relationship, sensory stimulation and the process of the child (Schoeman-3-aspect model). Information was gathered by a literature review, semi structured interviews with two professionals and by observing the application of the board game.

Valuable information was gathered concerning the child and was strengthened by literature. Relevant conclusions and recommendations were made. This board game can be effectively used by play therapists in the initial stages of assessment with the primary school child, for relationship building, sensory stimulation and determining the child's process.

Key terms:

Primary school child; Schoeman working model; Assessment; Gestalt assessment tool; Board game; Gestalt play therapist; Therapeutic relationship; Sensory stimulation; The process of the child; Awareness

Inhoudsopgawe

		Bladsy
	Verklaring	**i**
	Kennisname	**ii**
	Bedankings	**iii**
	Opsomming	**v**
	Summary	**vi**
	Glossarium	**xiii**

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN OORSIG VAN DIE STUDIE

1.1	**INLEIDING**	1
1.2	**MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP**	4
1.3	**PROBLEEMFORMULERING**	7
1.4	**DOELSTELLING EN DOELWITTE**	9
1.4.1	**Navorsingsdoelstelling**	9
1.4.2	**Doelwitte**	9
1.5	**NAVORSINGSAANNAME**	10
1.6	**NAVORSINGSMETODOLOGIE**	11
1.6.1	**Navorsingsbenadering**	11
1.6.2	**Soort navorsing**	12
1.6.3	**Navorsingstrategie**	13
1.6.4	**Navorsingsprosedure en werkswyse**	14
1.6.4.1	**Insameling van inligting**	14
1.6.4.2	**Ontledingstrategie**	16
1.7	**UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE**	18

1.7.1	**Literatuuroorsig**	18
1.7.2	**Konsultasie met kundiges**	20
1.7.3	**Voorondersoek**	20
1.8	**OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, POPULASIE, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN DIE WYSE VAN STEEKPROEFNEMING**	21
1.9	**ETIESE ASPEKTE**	22
1.10	**BEGRIPSOMSKRYWING**	23
1.10.1	**Gestaltspelterapeut**	23
1.10.2	**Gestalt-assesseringshulpmiddel**	23
1.10.3	**Bordspel**	25
1.10.4	**Die Schoeman-werksmodel**	25
1.10.5	**Sensoriese stimulasie**	26
1.10.6	**Die kind se proses**	26
1.10.7	**Bewustheid**	27
1.10.8	**Kind in die middelkinderjare**	27
1.10.9	**Sosiale ontwikkeling**	28
1.10.10	**Emosionele ontwikkeling**	28
1.10.11	**Kognitiewe ontwikkeling**	30
1.10.12	**Fisiese en liggaamlike ontwikkeling**	30
1.11	**HOOFSTUK INDELING**	31

HOOFSTUK 2
DIE ONTWIKKELING VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

2.1	**INLEIDING**	32
2.2	**TEORIEË VIR KINDERONTWIKKELING**	33
2.3	**ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE**	34

2.3.1	**Fisiese en liggaamlike ontwikkeling**	35
2.3.1.1	**Algemene fisiese ontwikkeling**	35
2.3.1.2	**Breinontwikkeling**	35
2.3.1.3	**Sensoriese ontwikkeling**	36
2.3.1.4	**Motoriese ontwikkeling**	38
2.3.2	**Kognitiewe ontwikkeling**	39
2.3.3	**Sosiale ontwikkeling**	43
2.3.3.1	**Selfkonsep en selfbeeld**	44
2.3.4	**Emosionele ontwikkeling**	46
2.4	**SAMEVATTING**	52

HOOFSTUK 3

SPEL EN SPELTERAPIE: 'N GESTALT-PERSPEKTIEF

3.1	**INLEIDING**	54
3.2	**SPEL, SPELVORME EN SPELTERAPIE**	54
3.2.1	**Speel as deel van ontwikkeling**	55
3.2.2	**Spelvorme**	58
3.2.3	**Spelterapie**	61
3.3	**GESTALTSPELTERAPEUTIESE BENADERING**	63
3.4	**DIE SCHOEMAN-WERKSMODEL**	68
3.4.1	**Die terapeutiese verhouding**	68
3.4.2	**Sensoriese stimulasie**	71
3.4.3	**Die proses van die kind**	73
3.5	**ASSESSERING**	74
3.5.1	**Die doel van assessering**	76
3.5.2	**Bestaande assesseringstegnieke**	78
3.6	**DIE BORDSPEL**	81
3.7	**SAMEVATTING**	85

HOOFSTUK 4
NAVORSINGSMETODOLOGIE: 'n Empiriese perspektief en integrasie van die navorsingsbevindinge

4.1	**INLEIDING**	86
4.2	**DIE KWALITATIEWE NAVORSINGSPROSES VIR DIE EMPIRIESE STUDIE**	87
4.2.1	**Aanvanklike beplanning en probleemformulering**	89
4.2.2	**Formele beplanning**	92
4.2.3	**Implementering van die empiriese ondersoek**	95
4.2.4	**Prosessering van die data, interpretering en integrering van navorsingsbevindinge**	105
4.3	**SAMEVATTING**	117

HOOFSTUK 5
GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

5.1	**INLEIDING**	119
5.2	**NAVORSINGPROBLEEM, DOELSTELLING EN DOELWITTE**	119
5.3	**GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS VOLGENS DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE**	121
5.3.1	**Doelwit 1: Literatuuroorsig**	122
5.3.2	**Doelwit 2: Semi-gestruktureerde onderhoude**	123
5.3.3	**Doelwit 3: Toepassing van die Gestalt-assesseringshulp-middel op 'n kinderrespondent**	125
5.3.4	**Doelwit 4: Die samestelling van 'n Gestalt-assesseringshulp-middel vir die laerskoolkind in terapie as dienavorsingsproduk**	127
5.4	**TEMAS VIR VERDERE NAVORSING**	128

5.5 MOONTLIKE LEEMTES VAN DIE STUDIE 128
5.6 ALGEHELE GEVOLGTREKKING 129

BIBLIOGRAFIE 131

Lys van tabelle

		Bladsy
Tabel 1:	**Stadiums in die kind se ontwikkeling**	33
Tabel 2:	**Ontwikkeling van algemene en fynmotoriese vaardighede gedurende die middelkinderjare**	39
Tabel 3:	**Die aangepaste skematiese voorstelling van die kwalitatiewe navorsingsproses**	88
Tabel 4:	**Inligting vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude met twee kundiges as respondente**	97
Tabel 5:	**Die saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel**	99
Tabel 6:	**Die toepassing van die Gestalt-assesseringshulp-middel op die kinderrespondent**	107

Lys van bylae

Bylaag A	**DIE SCHOEMAN-WERKSMODEL**
Bylaag B	**ONDERHOUDSKEDULE VIR DIE SEMI-GESTRUKTU-EERDE ONDERHOUDE**
Bylaag C	**BRIEF AAN DIE SKOOLHOOF EN BEHEERLIGGAAM VAN JOHN MITCHELL PRIMARY SCHOOL**
Bylaag D:	**BRIEF AAN DIE OUER**

Glossarium

Duidelikheidshalwe word die begrippe vir die doeleindes van die navorsing, wat deurlopend voorkom, kortliks beskryf.

Laerskoolkind:	'n Kind in die middelkinderjare lewensfase en spesifiek tussen die ouderdom van ses- tot twaalf jaar (vergelyk Berk, 2003:6 en Brems, 2002:49).
Schoeman-3-aspekmodel:	Die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel, naamlik die bou van ‘n terapeutiese verhouding, sensoriese stimulasie en die ontdekking van die kind se proses (Schoeman, 2002:12).
Assessering:	Die insameling van inligting, met die oog op die Schoeman-3-aspekmodel, ten opsigte van die kind se proses en huidige probleem wat hy ervaar, om dit te verstaan vanuit sy verwysingsraamwerk en vir verdere beplanning en terapeutiese intervensie (Blom, 2004:74).
Gestalt-assesserings-hulpmiddel:	Die gebruik van 'n hulpmiddel vir assessering, wat gebaseer is op die Gestaltbenadering (vergelyk Blom, 2004:73; Guskey, 2000: 47; Van der Merwe, 1996:98 en Sheafor, Horejsi & Horejsi, 2000:301).
Gestaltspelterapeut:	'n Opgeleide persoon, wat terapeuties te werk gaan met die kind, deur middel van die gebruik van spel as kommunikasie medium (vergelyk Blom, 2004:54 en Webb, 1999:29).

Terapeutiese verhouding: Die gelyke verhouding wat gevorm word met die kind tydens Gestaltspelterapie (Schoeman, 1996:30).

Sensoriese stimulasie: Die stimulering van die kind se sintuie om hom in kontak te bring met homself en sy omgewing (Oaklander, 1997:294).

Die kind se proses: Die kind se unieke persoonlikheid wat onder andere sy temperament, emosies, denke en behoefte-bevrediging insluit (Blom, 2004:83).

Bewustheid: Die kind, sowel as die terapeut, se aandag wat gevestig word op 'n aspek van die kind wat as belangrik beskou word en lei tot selfsteun (Yontef, 1993:139 en Yontef & Jacobs, 2000:321).

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN OORSIG VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Die kind bevind hom tussen die ouderdom van ses tot twaalf jaar, in die middelkinderjare (Berk, 2000:240; Louw, Van Ede en Louw, 1998:342). Hierna sal deurgaans na die kind in die middelkinderjare, verwys word as "'n kind" of die manlike aanspreekvorm sal gebruik word. Bogenoemde navorsers huldig die mening dat die meeste sosiale ontwikkeling tydens die middelkinderjare plaasvind. Die kind wat vir terapie verwys word, beskik dus oor besondere lewensvaardighede, maar ervaar terselfdertyd ook behoeftes.

Verskeie ander skrywers, wat dié kind se totale ontwikkeling beskryf, onder andere Ladd en Lesieur, (in Kaplan, 1998:241), noem ook dat die kind gedurende hierdie middelkinderjare, sy sosiale netwerke betekenisvol uitbrei en sodoende gewoonlik, die hoeveelheid en belangrikheid van sy vriendskappe verhoog. Kaplan (1998:241) voeg by dat kinders van dié ouderdom terugvoering van baie meer hulpbronne ontvang en dat hulle dus 'n gevoel van hul eie vermoëns, kragte en swakhede ontwikkel. Dit is daarom duidelik dat die kind reeds as gevolg van die lewensfase waarin hy verkeer, meer bewus raak van sy eie proses. Wederkerige beïnvloeding tussen die ontwikkelingsterreine, onder andere die fisiese, emosionele en kognitiewe, vind ook plaas. Juis om hierdie rede kan die emosionele ontwikkeling van die kind nie onderskat word nie, veral indien die emosionele dikwels sonder die ander aspekte, sy gedrag en besluitneming foutiewelik kan rig. Soos reeds vermeld, is suksesvolle sosialisering volgens Ladd en Lesieur (in Kaplan, 1998:241) vir die kind belangrik en daarom ook hoe hy die wisselwerking met sy omgewing hanteer. Coie,

Belding en Underwood (in Wicks-Nelson & Israel, 2003:161), noem dat indien 'n kind 'n emosie soos aggressie – volgens sy ouers, maats en die skool – ontoepaslik openbaar (byvoorbeeld ander seermaak of voorwerpe breek), hy deur die portuurgroep verwerp gaan word. Van sy ontwikkelingstake op sosiale vlak, pas hy dus nie suksesvol toe nie. Dieselfde groep genoemde navorsers ondersteun die mening van die navorser dat onsuksesvolle uitdrukking van emosies binne verhoudings, later ook aanleiding kan gee tot hoër vlakke van depressiwiteit, eensaamheid en 'n negatiewe selfpersepsie.

Voordat hierdie ontwikkelingstake in ag geneem kan word, behoort die verloop van die spelterapeutiese proses, soos deur Schoeman (2002:12) uiteengesit , die vertrekpunt te wees. Die rede hiervoor word duidelik gestel in die beskouing van Oaklander, (1994:149) naamlik dat die terapeutiese verhouding die mees fundamentele aspek van die terapeutiese proses is. Sy beskou dit as dié geleentheid waartydens die kind se terapeutiese behoeftes geassesseer kan word en waarsonder terapie dus nie in 'n vertrouenskonteks kan plaasvind of realiseer nie. Fokussering en stimulering van die sensoriese funksies, kan vir die kind bewusmaking en kontakmaking van sy sintuie bewerkstellig, aldus Schoeman (1996:41). Aangesien bewuswording doelgerig plaasvind, sal stimulering van die sintuie, vanuit die Gestaltspelterapeutiese benadering, ener syds 'n bydrae lewer tot die helingsproses en andersyds die kind in totaliteit aanspreek, (Blom, 2004:97-101). As deel van die bewuswordingsproses word die kind ook bewus gemaak van sy eie proses, wat volgens Oaklander (in Blom, 2004:50) beskryf kan word as wie die kind is, wat hy voel, waarvan hy hou en nie hou nie, wat hy nodig het, wat hy wil hê, wat hy doen en hoe hy dit doen.

Dit is in hierdie terapeutiese verhouding waarin die terapeut poog om inligting aangaande die kind, deur assessering en ontdekking van sy proses, te verkry. Vanuit die beskikbare literatuur kon sover vasgestel word, nie 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel gevind word, wat spesifiek met behulp van spel aangewend kan word nie. Bestaande metodes wat gebruik word vir assessering

in Gestaltspelterapie is onder andere dierekaarte, wat bestaan uit vraag- en antwoordkaartjies; 'n grafiese familietekening (Blom, 2004:73-77); 'n persoonlike tekening en die roosboomtegniek (Oaklander, 1988:32,187-188). Hierdie metodes fokus egter, sover vasgestel kon word, op 'n spesifieke area en nie oorhoofs op die totale ontwikkeling van die kind soos beoog word met die samestelling van ‘n assesserings-bordspel in die studie nie.

Die navorser huldig die mening dat die bordspel die benutting van ander spelvorme en –tegnieke as gevolg van die “opdragte” op die bordspel-kaartjies moontlik maak. Deur middel van verdere navorsing, kan die bordspel moontlik ook die terapeutiese proses oor die geheel insluit. Dit sal dus beteken dat die kind deur middel van spel, naamlik die bordspel, deurentyd ten opsigte van sy proses geassesseer sal kan word. Ander assesseringsriglyne of –prosesse word vanuit Gestaltspelterapie gevind in die navorsingsdata van Schoeman (2002:12) en Oaklander (1988:181-205). Vanuit maatskaplike werk is Potgieter (1996) se model vir assessering gevind. Meeste navorsers voel juis dat hierdie assesse-ringsmiddele deur bogenoemde navorsers met groot welslae gebruik word. Met die oog op 'n oorhoofse weergawe van die bestaande literatuur in dié verband, was die navorser genoodsaak om vanuit minder- en resente bronne, navorsingsdata te bekom.

In die lig van die voorafgaande oorhoofse bespreking, blyk dit dat spel, in die formaat van 'n bordspel, ondersoek behoort te word. Die rede hiervoor is om vas te stel of dit op 'n terapeutiese vlak, as 'n Gestaltassesseringshulpmiddel, betekenisvolle waarde kan toevoeg ten opsigte van verhoudingsbou tussen die terapeut en die kind, sensoriese stimulasie, asook om die kind se proses te kan begryp deur te fokus op die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel. Vir 'n verdere uiteensetting van die Schoeman-werksmodel verwys na bylaag A.

Aangesien hierdie navorsing van 'n beperkte omvang is, word daar op drie aspekte van dié Gestaltspelterapeutiese proses gefokus, met die vooruitsig om

mettertyd die navorsingsproses voort te sit. Die navorser beplan dus om, as gevolg van die leemte in hierdie verband, ten opsigte van die literatuur en vir die praktyk, 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie, te beskryf.

1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Volgens Fouché (2002:118) is dit belangrik vir die navorser om in die motivering van sy studie, die leser bewus te maak van die waarde van die studie en die voordele wat dit vir verskeie teikengroepe inhou. Daarmee saam is dit ook belangrik dat die navorser op die bruikbaarheid fokus en dat dit soos vir die doeleindes van hierdie studie, 'n bydrae tot kennis moet bied en ook deur praktiserende spelterapeute toegepas moet kan word.

Vanuit bestaande navorsing blyk dit dat die kind in die middelkinderjare se ontwikkeling gevorderd is, die meeste sosiale ontwikkeling tydens hierdie stadium plaasvind en sy vaardighede meer op voorkoming van probleme en probleemoplossing gerig is (vergelyk Cole & Cole, 2001:554-562; Kaplan, 1998:241-242). Sy bestaande inherente vermoëns sal dit dus moontlik maak om sy eie en ander se emosies beter te verstaan en kommunikasie en innoverende denke wat in sy proses vervat is, in perspektief te bring en toe te pas. Hierdie vaardighede en die kind se behoeftes sal egter geïdentifiseer moet word vir die uitleef daarvan. Dit blyk juis, volgens die navorser, dat 'n leemte vir assessering met behulp van 'n Gestaltassesseringshulpmiddel vanuit bestaande praktykgerigte navorsingsdata waargeneem kon word.

Schoeman (2002:12) se werksmodel bestaan uit sewe aspekte wat as 'n raamwerk vir die terapeutiese proses kan dien. Die fokus val tydens hierdie studie slegs op die eerste drie aspekte wat in hierdie werksmodel vervat is, naamlik:

- sensoriese stimulasie;

- die stigting van die terapeutiese verhouding en
- die proses van die kind.

Om bewus te raak van die kind se proses, noem Blom (2004:83) dat die kind se proses verwys na die manier waarop hy homself aan die wêreld bied en hoe hy sy behoeftes bevredig. Volgens die navorser ontbreek 'n hulpmiddel om die kind se proses te verstaan, te assesseer en die terapeut sodoende met inligting oor die kind, toe te rus. Die rede hiervoor is dat die Gestaltspelterapeut die kind se proses in ag neem wanneer sy besluite neem vir toekomstige hulpverlening om spesifieke behoeftes en probleme wat die kind ervaar, op 'n gepaste manier aan te spreek. Blom (2004:90) beklemtoon verder dat dit belangrik is om wanneer die kind vanuit Gestaltspelterapie geassesseer word, dit vanuit 'n holistiese uitgangspunt te doen. Sy noem dat organismise selfregulering hier in ag geneem moet word. Organismise selfregulering word deur Sillis, Fish en Lapworth (1995:10) beskryf as die natuurlike geneigdheid van 'n persoon om 'n staat van balans te handhaaf. Blom (2004:90) voeg by dat alle aspekte wat die kind se gesonde organismiese selfregulering kan beïnvloed, in ag geneem behoort te word, so ook die integrasie van sy funksionering, selfondersteuning en bewustheid van sy eie proses. Vanuit 'n Gestaltperspektief behoort die bordspel, volgens die navorser, die kind se holistiese ontwikkeling aan te spreek om doelgerig terapeuties voort te gaan.

Een van die redes waarom die kind nie kennis dra van, of 'n gebrek ervaar en openbaar ten opsigte van basiese lewensvaardighede nie, is volgens De Klerk en Le Roux (2003:10), omdat die samelewing nie genoeg besorg was en voorsorgmaatreëls getref het nie. Die kind is nie bewus van die beginsels van emosionele bekwaamheid nie. Sy bepaalde vermoëns en behoeftes behoort in werklikheid ontdek te word.

Alhoewel die laerskoolkind aan die beste opleiding blootgestel behoort te word, kan sy opvoeding ten opsigte van sy sosiale ontwikkeling, volgens die navorser,

nie onderskat word nie. Daarvoor behoort die spelterapeut toegerus te wees, om byvoorbeeld sy lewensvaardighede ten opsigte van skakeling met sy portuurgroep, aanvaarding en ondersteuning, asook sy kommunikasie vaardighede en behoeftes, empatiese begrip, emosionele- en kognitiewe vaardighede of leemtes (Blom, 2004:69-74), te ondersoek en te assesseer. Die kind is tydens hierdié fase beïnvloedbaar en is daarom ook gereed om na balans te streef.

Oorhoofs beskou, bestaan daar leemtes ten opsigte van Gestalt-assesseringshulpmiddels vir die laerskoolkind, wat vir terapie verwys word. Met so 'n hulpmiddel tot die spelterapeut se beskikking, behoort vanuit 'n holistiese persepsie op die kind se proses gefokus te kan word, met die oog op kennis en begrip om selfbewussyn, -steun en integrasie aan te spreek. Oaklander (in Kaduson & Schaefor, 2000:31) bevestig juis die waarde van die kind se selfbewussyn om hom behulpsaam te wees met beheer om verantwoordelikheid te aanvaar en tot 'n groter mate na selfsteun te beweeg. Indien spel as kommunikasiemedium benut kan word deur middel van 'n bordspel vir assessering, behoort dit minder bedreigend vir die kind te wees. Die spelterapeut kan sodoende op die kind se proses fokus en dit sal terapeutiese waarde inhou.

Die motivering vir dié ondersoek het in werklikheid oor 'n tydperk ontwikkel en is bevestig deur sowel die navorser se behoefte in die skoolopset, sowel as die kinders wat vir terapie verwys is. As gevolg van hulpverlening by die skool, in die privaatpraktyk en deur middel van verdere studies, is bevind dat die kind soms bedreig voel deur die bestaande assesseringstegnieke. Dit lei dikwels tot die verlenging van terapeutiese hulpverlening, asook psigometriese assesseringshulpmiddels wat die kind in 'n bepaalde ouderdomskategorie plaas en sodoende dus nie sy uniekheid en proses in ag neem nie. Om hierdie rede het 'n behoefte ontstaan om 'n spel-aangedrewe assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie na te vors, ten opsigte van sy totale ontwikkelingsfase en die uitwerking daarvan op beide sy interaksie en funksionering.

Vanuit die motivering het twee navorsingsvrae ontstaan, naamlik:

- Wat is vanuit bestaande navorsing beskikbaar in terme van assesserings-hulpmiddels?
- Wat is die benuttingsmoontlikhede van 'n saamgestelde Gestalt-assesse-ringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie, waar gefokus word op die Schoeman-3-aspekmodel?

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Die probleemformulering hou verband met die doel van die studie (Babbie, 2002:108) en toon aan wat die fokus van die ondersoek gaan wees. Daarom sluit dit dus die eenheid van ontleding in, wat volgens Bless en Higson-Smith (1995:65), dui op die persoon of groep waaroor die navorser inligting insamel, die intervensie wat toegepas word of die tydperk.

Met spesifieke verwysing na die formulering van die probleem, hou die navorser veral drie aspekte vanuit die Schoeman-werksmodel (2002:12) aan die leser voor. Dié drie aspekte word, net soos vanuit die genoemde model, ook deur Van der Merwe (1996:22) beklemtoon. Die twee outeurs beklemtoon die drie aspekte - die waarde van die daarstelling van die terapeutiese verhouding in die helpende proses, om sensoriese stimulering te bewerkstellig en om die ontdekking van die kind se proses vir verdere terapie moontlik te maak. Vanuit die eerste drie aspekte van die terapeutiese proses soos dit uiteengesit word in die Schoeman-werksmodel, hierna die Schoeman-3-aspekmodel genoem, word die drie fokus-aspekte, kortliks toegelig.

Eerstens word die terapeutiese verhouding as noodsaaklik vir die hulpverleningsproses beskou, aangesien die kwaliteit van hierdie verhouding die kind se vatbaarheid vir terapeutiese insette bepaal (Van der Merwe, 1996:22). Hieruit is dit duidelik dat die stigting van 'n vertrouensverhouding met die kind van uiterse belang vir verdere terapie is.

Tweedens behoort die leser, ten opsigte van probleemformulering, bewus te wees van die waarde van sensoriese stimulasie en kontakmaking. Dit word ook in die klassieke werk van Oaklander (1988:128) verduidelik. As Gestaltspel-terapeut noem sy hoe die kind kontak met sy liggaam kan verloor en daarmee saam verloor hy ook sin ten opsigte van homself en so ook 'n groot deel van sy fisiese- en emosionele energie. Daarom is dit volgens laasgenoemde skrywer dikwels nodig om kinders deur middel van terapeutiese assessering te leer om hul liggame te eien. Sensoriese kontakmaking bied aan die kind die geleentheid om bewus te raak van en kontak te maak met, dit wat deel is van homself en om aan hom die geleentheid te bied om sy proses verbaal of nie-verbaal uit te druk.

Derdens word die kind se proses, spesifiek vir die doel van hierdie ondersoek, as belangrik beskou. Die kind behoort bewus gemaak te word van sy eie proses, dit wil sê hoe hy daarvolgens keuses maak om so homself te aanvaar en verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar. Binne die spelterapeutiese ver-houding, waar spel as 'n natuurlike kommunikasiemedium gebruik word, poog die Gestaltspelterapeut dan om die kind se proses deur middel van assessering te ontdek. Indien die inligting deur middel van assessering bekom word, kan hy sy probleem vanuit sy persoonlike verwysingsraamwerk begryp en met behulp van assessering op toekomstige hulpverlening fokus.

Vanuit 'n Gestaltspelterapeutiese benadering bestaan daar – sover vasgestel kon word – nie 'n assesseringshulpmiddel om te fokus op die genoemde drie aspekte van die Schoeman-werksmodel, in die vorm van 'n bordspel nie. Vanuit die literatuur, kan dié drie aspekte nie geskei word nie, maar duidelikheidshalwe is dit nodig om te onderskei. Elke fase is belangrik, ten einde die doelwitte van Gestaltspelterapie te bereik. Dit is die navorser se mening dat die bordspel as 'n kommunikasiemedium en dus ook as 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel, vir die spelterapeut kan dien, aangesien dit die drie aspekte, naamlik die terapeutiese verhouding, sensoriese stimulasie en die kind se proses, insluit.

Die probleem wat deur middel van hierdie navorsing aangespreek word, is dat sover bekend, **daar nie 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel in die vorm van 'n bordspel bestaan, wat fokus op die Schoeman-3-aspekmodel, vir die laerskoolkind in terapie nie.**

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Mouton (1996:101) wys daarop dat die navorsingsdoelstelling 'n breë aanduiding gee van wat die navorser hoop om met sy navorsing te bereik. De Vos (2002:404) sluit hierby aan deur te noem dat die doelstelling die oorhoofse uitkoms is wat benodig word.

1.4.1 Navorsingsdoelstelling

Die navorsingsdoelstelling is om 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel, wat fokus op die Schoeman-3-aspekmodel in die vorm van 'n bordspel, saam te stel vir die laerskoolkind in terapie.

1.4.2 Doelwitte

Volgens Mark (in Fouché 2002:119) moet die doelwitte spesifiek, duidelik en uitvoerbaar wees en volgens Fouché (2002:107), impliseer dit 'n spesifieke verandering in die praktyk.

Die volgende doelwitte is deur middel van 'n trianguleringsproses vir hierdie navorsing geïdentifiseer, naamlik om:

- **Eerstens** teorie te genereer deur middel van 'n literatuurondersoek en om drie sentrale temas te verken en te beskryf. 'n In-diepte bestudering van die middelkinderjare se lewensvaardighede en behoeftes vanuit 'n Gestaltperspektief; die eerste drie aspekte van die Schoeman-werks-

model; asook inligting rakende bordspele om te kan dien as assesseringshulpmiddel vir die Gestaltspelterapeut.

- **Tweedens** verdere inligting in te samel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met twee Gestaltspelterapeute.
- **Derdens** 'n tentatiewe bordspel as assesseringshulpmiddel saam te stel en toe te pas op een kind, om sowel kwalitatiewe waarnemings te maak as om verdere inligting in te samel.
- **Vierdens** 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie as navorsingsproduk saam te stel, met die oog op verdere studie. Uitkomste en bevindings is dan met die literatuur geïntegreer om te dien as literatuurkontrole.

1.5 NAVORSINGSAANNAME

Volgens Babbie en Mouton (2001:79), is die hoofdoel van die meeste sosiale navorsing om 'n sekere onderwerp na te vors en sodoende meer kennis hieroor in te win. Navorsing met betrekking tot die samestelling van 'n bordspel as Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die kind wat verwys word vir terapie, is relatief beperk. Blom (2004:73-82) noem wel praktiese maniere om die kind te assesseer. Die leemte, volgens die navorser, is dat die bestaande hulpmiddels op hoofsaaklik een afsonderlike funksioneringsarea fokus en nie sensoriese stimulasie insluit nie.

Hierdie studie is vanuit 'n verkennende, sowel as 'n beskrywende oogpunt benader, met die doel om 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel saam te stel vir Gestaltspelterapeute om te gebruik met die assessering van die kind.

Die aanname wat dus met hierdie studie gemaak word, is dat Gestaltspel-terapeute 'n bordspel as 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel, vir die Schoeman-3-aspekmodel kan benut. Indien so, kan dit die Gestaltspelterapeut deur middel van spel as kommunikasiemedium vir die assessering van die kind in die

middelkinderjare, wat in terapie is, toerus. Gevolglik sal dit ook die terapeutiese verhouding versterk, sensoriese bewusmaking moontlik maak en die terapeut en kind bewus maak van die kind se eie proses.

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Volgens Strydom (2002:255) moet die navorsingsmetodologie volledig beskryf word, sodat die navorser vanuit die navorsersrol, sowel as die leser duidelikheid kan kry oor die navorsingstappe wat gebruik gaan word. Die inhoud waarin en die doel waarvoor die insameling van die data plaasgevind het, behoort ook volgens Cross en Brode (in Strydom, 2002:255) duidelik uitgespel te word.

1.6.1 Navorsingsbenadering

Die navorsingsbenadering, naamlik die kwalitatiewe benadering, is beskrywend van aard en kan toegepas word. Kwalitatiewe navorsing, was volgens Mouton en Marais (1991:53), en Greeff (2002:292), die aangewese navorsingsparadigma vir hierdie studie, aangesien kennis vanuit grondige onderhoude bekom kon word. Samevattend blyk dit in die woorde van Mouton & Marais (1991:167) dat:
“Die kwalitatiewe navorser se uitgangspunt is dat die verskynsel self moet spreek, dit wil sê die verskynsel moet soos dit is, homself manifesteer en die navorser sal dit registreer. Die kwalitatiewe navorser is meer betrokke in en by die verskynsel, terwyl die kwantitatiewe navorser meer van 'n afstand af na die verskynsel kyk.”

Interpreterende inhoude of 'n kritiese sosiale wetenskap beklemtoon die rede dat kwalitatiewe navorsers begrippe soos ‘geval en inhoud’ benut om gedetailleerde ondersoeke van gevalle wat voorkom in die natuurlike vloei van die sosiale lewe aan te toon (Neuman, 2003:139). Babbie en Rubin (1993:701) bevestig dat kwalitatiewe navorsing 'n navorsingsmetode is wat diepte van begrip en die

dieper betekenis van menslike ervaring beklemtoon. Dit kan ook gebruik word vir die generering van ryker teorie, alhoewel meer tentatiewe, observasies.

Dié navorsingsbenadering is volgens De Vos (1998:381), 'n logiese strategie om die nodige kennis of inligting te bekom. Volgens Padgett (1998:2), vind indikatiewe studies in 'n omgewing waar oop sisteme voorkom, plaas en word gepoog om iets te ontdek, in plaas daarvan om teorieë te toets of te verduidelik. Daar is as vertrekpunt, vanuit die navorsingsprobleem, Gestaltdoelstellings en -doelwitte asook die Schoeman-3-aspekmodel, gepoog om 'n bordspel as assesseringshulpmiddel vir die Gestaltspelterapeut saam te stel vir die laerskoolkind in terapie. Die bordspel as Gestalt-assesseringshulpmiddel sal ten doel hê om die terapeutiese proses te bevoordeel.

1.6.2 Soort navorsing

Navorsing het, soos wat Neuman (2003:88) dit stel, 'n verkennende en beskrywende funksie, indien vrae soos “wat” en “watter” gevra word. Vanuit die kwalitatiewe navorsersrol word dus op die verskillende fasette van menslike gedrag en die verbande hiervan, gefokus om begrip te verkry van die betekenis wat persone heg aan hulle daaglikse ervaring (Fouché & Delport, 2002:79). Borg, Gall, Gall, Salvin en McMillan (in Mokoena, 2002:4), sluit hierby aan deur te verduidelik dat dit 'n studie van gedrag is soos wat die gedrag natuurlik voorkom en dit verskaf 'n grondige begrip van die inhoud en gedrag.

Hierby word gevoeg dat die fokus op sowel die hoekom en hoe van gedrag, as op die deelnemers se begrip en betekenis wat hulle hieraan heg, val. Hieruit is dit dus duidelik dat die resultate 'n invloed op toekomstige dienslewering sal hê, aangesien 'n probleem aangespreek is (Neuman, 2003:22).

Vir die doel van hierdie navorsing is 'n verkennende en beskrywende funksie ter sprake, aangesien die navorser vrae, soos “watter” en “wat” vra, om met behulp

van toegepaste navorsing die wetenskaplike kennis vir praktiese benutting toe te pas.

Die **verkennende aard van die navorsing** is uitgeoefen deur te fokus op: die totale ontwikkeling van die middelkinderjare ontwikkelingsfase; die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel; asook die benuttingswaarde en toepassingsmoontlikhede van Gestaltspelterapie vir 'n assesseringshulpmiddel. Die nuwe inligting wat versamel is, is gebruik vir die samestelling van die Gestalt-assesseringshulpmiddel in die vorm van 'n bordspel, waarin gefokus word op die Schoeman-3-aspekmodel vir Gestaltspelterapeute.

Fouché (2002:109) beklemtoon dat die doel met **beskrywende navorsing** is om 'n duidelike beeld te verkry. Die navorsingsdata wat deur middel van die literatuuroorsig, asook vanuit die empiriese ondersoek van die proefpersone en hul gedrag, bekom is, is dus beskryf.

Deur middel van **toegepaste navorsing,** word die saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel as navorsingsproduk en aanbeveling beskikbaar gestel. Die bestaande kennis is benut en nuwe kennis bekom, met die oog op verdere navorsing en praktykbeoefening.

1.6.3 Navorsingstrategie

Volgens Mouton (in Fouché & De Vos, 2002:137), is die navorsingstrategie die bloudruk van hoe die navorser gaan poog om die navorsing uit te voer, dit fokus op die eindproduk; formulering van die navorsingsprobleem as vertrekpunt en op die logika van die navorsing.

Die navorsingstrategie wat toegepas is, staan bekend as die beskrywende fenomenologiese benadering vir 'n kwalitatiewe studie. Volgens De Vos en Fouché (1998:80) het hierdie benadering ook ten doel om die betekenis wat

respondente aan hul daaglikse lewe gee, te begryp en te interpreteer. Die navorser het dus gebruik gemaak van die strategie vir interpreterende ondervraging en het hoofsaaklik semi-gestruktureerde onderhoude en waarneming van 'n gevallestudie gebruik as metode van dataversameling, wat deur Creswell (in Fouché, 2002:272) as strategieë vir kwalitatiewe navorsing ondersteun word. Deur middel van die fenomenologiese benadering, is die betekenis, wat die Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie, verken en beskryf. Spelterapeute is as respondente betrek om kennis en begrip ten opsigte van die Schoeman-3-aspekmodel, assesseringshulp-middels en die kind, te bekom.

1.6.4 Navorsingsprosedure en werkswyse

Vir kwalitatiewe navorsing en triangulering, is die gebruikmaking van veelvoudige bronverwysings, 'n sterk aanbeveling, volgens Fouché en Delport (2002:81-89). Die navorsingsprosedure wat vir hierdie ondersoek toepaslik was, is die bestudering van die literatuuroorsig, semi-gestruktureerde onderhoude en natuurlike waarneming tydens die bestudering van 'n gevallestudie.

1.6.4.1 Insameling van inligting

Volgens Neuman (2003:134) bestaan daar geen voorgeskrewe resep vir 'n werkswyse om data vir kwalitatiewe navorsing in te samel nie. Cresswell (1994:148) beskou die data-insamelingstappe as die vasstelling van die grense vir die studie; insameling van inligting deur middel van waarneming, onderhoude, dokumente en visuele materiale; asook die bepaling van die protokol vir die opteken van inligting. Die navorser is egter self verantwoordelik vir die data-insamelingsproses om goeie observasies, waarnemings en die insameling van data met bestaande literatuur te kontroleer, ten einde die betroubaarheid van die studie te bevestig.

Met verwysing na hierdie studie het triangulering 'n geleentheid gebied om van meerdere data-insamelingsmetodes gebruik te maak en 'n toepaslike ontleding-strategie te volg. Babbie (2004:11) beskou hierdie begrip as: "...the use of several different research methods to test the same findings..." Die inligting vir die studie is ingesamel deur middel van 'n literatuuroorsig; semi-gestruktureerde onderhoude met twee Gestaltspelterapeute en 'n gevallestudie. Die data-insamelingsmetodes word vervolgens kortliks aan die leser voorgehou.

Die **literatuuroorsig** word deur verskeie skrywers beskryf as 'n metode van data-insameling in kwalitatiewe navorsing (Babbie, 2002:296; Marshall & Rothman, 1989:30; Taylor & Bogdon, 1984:135). Volgens Patton (1990:163) het die literatuuroorsig nie net ten doel om data in te samel nie, maar kan 'n deeglike literatuurondersoek, ook die studie fokus. Volgens Neuman (2003:96), is die literatuuroorsig gebaseer op die aanname dat kennis vermeerder en dat mense leer en bou op dit wat ander gevind het. Dié literatuuroorsig plaas die fokus op drie temas, naamlik die kind in die middelkinderjare wat in terapie is; 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel in die vorm van 'n bordspel; asook die Schoeman-3-aspekmodel.

Alhoewel die literatuuroorsig 'n gegewe binne navorsing is, word die integrering van bruikbare data moontlik gemaak, verbande kan getrek word of literatuurkontrole kan plaasvind en daaropvolgende inligting kan dus ingesamel word. Die fokus van hierdie studie het op die samestelling van 'n bordspel as hulpmiddel tydens Gestaltspelterapie vir assessering van die kind, geval. In die praktyk is daar wel metodes wat spelterapeute gebruik om die kind te assesseer, maar nie in die vorm van 'n bordspel wat fokus op die eerste drie stappe van die Schoeman-werksmodel nie. Die navorser het om dié rede die navorsing vanuit die praktyk verken.

Die tweede metode van data-insameling was vanuit die praktyk deur middel van **semi-gestruktureerde onderhoude met Gestaltspelterapeute**. Neuman

(2003:290) noem dat semi-gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoud-voering, die hoogste terugvoering statistieke toon en werkbare inligting bied. Volgens Greeff (2002:302), gebruik navorsers oor die algemeen semi-gestruktureerde onderhoude om 'n duidelike beeld te kry van die respondent – in die geval die Gestaltspelterapeut – se beskouing van 'n spesifieke onderwerp. Die outeur voeg daarby dat dié metode, aan die navorser meer buigsaamheid bied. Rubin en Rubin (1995:43) beklemtoon die aaneenlopendheid daarvan, eerder as wat daar vooraf beplanning plaasvind en nie verander of aangepas kan word nie.

Die semi-gestruktureerde onderhoude het deur middel van 'n selfontwerpte vraelys in die vorm van oop vrae (vergelyk Bylaag B) plaasgevind. Greeff (2002:298) beskou dit as effektiewe werkswyse deur te noem dat dit tipies is om van ongestruktureerde en semi-gestruktureerde onderhoude gebruik te maak tydens kwalitatiewe navorsing. Daar is gefokus op die Gestaltspelterapeut as kundige, om inligting te bekom deur middel van 'n Gestalt-assesseringshulp-middel, naamlik 'n bordspel, vir die aanvang van die terapeutiese proses. Deur middel van hierdie insamelingsmetode kon die kundiges hul mening motiveer.

Aldus Stake (in Fouché, 2002:275) bied die keuse, kriteria en samestelling van 'n **gevallestudie** die geleentheid om kennis te bekom en daaruit te leer. Die toepassing van die bordspel op 'n kinderrespondent het duidelikheid gebied in terme van die bruikbaarheid van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, deur middel van spel vir terapeutiese verhoudingsbou, sensoriese stimulasie en die assessering van die kind se proses.

1.6.4.2 Ontledingstrategie

Deur middel van die kwalitatiewe studie word die klem grotendeels geplaas op die soeke na inligting wat nuttig sal wees vir verdere ontwikkeling van

programme, om sodoende tot die gevolgtrekking te kan kom of die program suksesvol of onsuksesvol was.

Die doelwitte van kwalitatiewe navorsing hou gewoonlik verband met duidelike beskrywings wat in hierdie verband die volgende behels, naamlik die:

- komponente van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, veral ten opsigte van die interaksie tussen die hulpmiddel en deelnemers;
- konteks waarin die Gestalt-assesseringshulpmiddel aangewend word en
- belewenis van die spelterapeut en kind as respondente.

Die ontleding van kwalitatiewe navorsingsdata, bestaan meestal uit geskrewe beskrywings van die waarnemings, aldus Huysamen (1993:277) en Greeff (2002:294). Daar is volgens Greeff (2002:318) nie 'n regte of verkeerde metode nie. Die navorser het daarom memorandums of prosesnotas, die bydraes van twee Gestaltspelterapeute, die waarneming van 'n gevallestudie, organisering en analisering, asook kodering van inligting vir die samestelling van 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel gebruik. Met die kodering van inligting word bedoel die opbreek en kategorisering van inligting.

Twee ontledingsmetodes, gewoonlik saam gebruik word. **Kontekstualisering-strategieë** maak fokussering moontlik om inligting binne 'n bepaalde konteks te verstaan, byvoorbeeld die gebruikmaking van semi-gestruktureerde onderhoude met behulp van oop vrae De Vos (2002:345-347). Hierdeur kon onduidelikhede herformuleer word en is grondige inligting sistematies bekom. Die konsep **kodering** verwys, volgens De Vos (2002:346), daarna dat die navorsingsinligting gekategoriseer behoort te word. Barbour en Kritzinger (in Greeff, 2002:318-319) noem dat data-ontleding, die vergelyking van besprekings van soortgelyke temas en die ondersoek van hoe dit verband hou met die verskille tussen individue, insluit.

Nadat die Gestalt-assesseringshulpmiddel voorlopig vanuit die inligting wat uit die literatuuroorsig en die Gestaltspelterapeute tydens die semi-gestruktureerde onderhoude, bekom is, saamgestel is, het die navorser 'n kinderrespondent betrek om as 'n grondige inligtingsbron vir bestudering te dien, aldus Fouché (2002:275). Met behulp van die bestudering van beide inligtingsbronne, naamlik die Gestaltspelterapeute en die gevallestudie, is die eindproduk in die formaat van 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel saamgestel, wat vir verdere studie kan dien.

1.7 UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE

Ten einde op die sinvolle uitvoerbaarheid van die studie te fokus, is drie aspekte van belang uitgelig en word kortliks aan die leser voorgehou.

1.7.1 Literatuuroorsig

Daar bestaan verskeie menings of ingesteldhede ten opsigte van wanneer die literatuuroorsig (Cresswell in Fouché & Delport, 2002:268) onderneem behoort te word. Sommige outeurs noem dat dit gedoen moet word voor die data-insameling omdat dit agtergrondinligting verskaf oor die navorsingsonderwerp en die navorsingsontwerp vergelyk kan word met die resultate. Volgens Fouché en Delport (2002:127) is die doel van 'n literatuuroorsig om 'n duideliker begrip van die betekenis van die navorsingsprobleem wat geïdentifiseer is, te bied.

Rubin en Babbie (in Fouché & Delport, 2002:128) noem verder dat 'n aanvanklike literatuuroorsig, die primêre bron vir die keuse van 'n onderwerp is. Fouché en Deport (2002:128) noem daarmee saam dat 'n deeglike literatuuroorsig die basis vir goeie navorsing lê en, volgens die navorser, 'n raamwerk skep waarbinne bestaande bevindinge en leemtes, verken en beskryf kan word. Die literatuuroorsig het die navorser bewus gemaak van die leemtes

vanuit die bestaande navorsingsdata vir die samestelling van 'n bordspel vir die kind in die middelkinderjare as 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel.

Neuman (2003:105) beskou boeke as die mees bruikbare bron vir die verkryging van sowel teoretiese- as empiriese navorsingsdata. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is bronne bekom vanuit boeke en tydskrifartikels wat bestaan het uit resente en minder resente literatuur, asook plaaslike- en internasionale bronne. Vanuit die literatuuroorsig het die navorser op drie temas gefokus, naamlik die Schoeman-3-aspekmodel, die middelkinderjare vanuit 'n Gestaltbenadering en inligting wat handel oor assesseringshulpmiddels. Vir die insameling van inligting is vanuit 'n databasis gewerk vir verwysings in die Sielkunde, Verpleging, Onderwys en Maatskaplike Werk.

Dit was die navorser se ervaring, dat sover vasgestel kon word, daar beperkte bronne beskikbaar is aangaande die Schoeman-werksmodel, assesseringshulpmiddels en die bordspel vir terapeutiese gebruik. Ten opsigte van die bestaande Gestalt-assesseringsmodelle en riglyne (Blom, 2004:69-96; Oaklander, 1988:187-191), is die fokus, aldus die navorser, op 'n spesifieke area wat daartoe bydra dat die terapeutiese proses verleng word, aangesien 'n holistiese beeld van die kind verkry behoort te word. 'n Bordspel as 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel, word as 'n effektiewe kommunikasiemedium beskou, veral vir die kind van die middelkinderjare, omdat die kind betrokke begin raak en belangstel in spel met reëls (Cole & Cole, 2001:556-558) en sosiale rolle vervul. Om te fokus op die Schoeman-3-aspekmodel en samestelling van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, word sodoende 'n terapeutiese verhouding gestig, sensoriese stimulering vind plaas en die kind se proses word vasgestel. Hierdeur word die basiese doelwitte van Gestaltspelterapie aangespreek om 'n basis vir verdere terapeutiese intervensie te vorm.

Die Gestaltbenadering bied vir die Gestaltspelterapeut 'n teoretiese raamwerk vir praktykbeoefening en assessering met die oog op hulpverlening vir die laerskool-

kind wat vir terapie verwys is. Die rede hiervoor is dat assesseringshulpmiddels die terapeut gedurende die terapeutiese proses behoort te ondersteun om die kind te lei tot groter selfbewustheid, beheer en verantwoordelikheid, asook selfsteun.

1.7.2 Konsultasies met kundiges

Ter aanvulling en ondersteuning vir die uitvoerbaarheid van die navorsing is met professionele persone gekonsulteer. Dié kundiges is reeds etlike jare in die praktyk met kinders werksaam en het waardevolle insette gelewer. Deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude as metode van data-insameling, is twee Gestaltspelterapeute se praktykervaring, inligting ten opsigte van assessering en die bordspel as Gestalt-assesseringshulpmiddel, deur die navorser benut. Die kundiges is opgelei en praktiseer vanuit die Gestaltspelterapeutiese diensveld:

- Mev. Gita Dennen: Gestaltspelterapeut, Child Line, Johannesburg.
- Mev. Yorita Fourie: Onderwyser met spesialisering in Gestaltspelterapie, Primrose.

Die doel was hoofsaaklik om inligting te bekom ten opsigte van assessering, leemtes met betrekking tot assesseringshulpmiddels, -modelle en –prosesse te identifiseer en die algemene gevoel te toets oor die nut en toepasbaarheid van die voorgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel. Hulle was positief ten opsigte van die beplande hulpmiddel en het hul frustrasies ten opsigte van huidige assesseringshulpmiddels met die navorser gedeel.

1.7.3 Voorondersoek

Huysamen (1993:205) en Strydom (2002:210) beskou die doel van die voorondersoek as die werkswyse om die uitvoerbaarheid van die voorgenome projek vas te stel. Volgens die navorser, was dit moontlik om vanuit die navorsersrol georiënteer te raak, ten opsigte van die beplande studie waarvoor

goeie voorbereiding nodig was. Die navorser se verwysings- en praktykervaring met kinders gedurende die afgelope maande, het 'n verband met die voorondersoek gehad. By nadere ondersoek en as gevolg van gesprekke met kollegas, die literatuuroorsig en formele opleiding as Gestaltspelterapeut, is die leemte aan assessering deur middel van spel, naamlik 'n bordspel, beklemtoon en het dit deel gevorm van 'n informele voorondersoek. Hierdie voorbereiding het dus oor 'n tydperk die behoefte vir navorsing oor die bepaalde tema, vanuit 'n Gestaltspelterapeutiese perspektief, bevestig.

1.8 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, POPULASIE, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN DIE WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Arkava en Lane (in Strydom & Venter, 2002:198) onderskei tussen die begrippe universum en populasie. Universum of totale populasie, word beskryf as alle potensiële subjekte wat oor die kenmerke of eienskappe beskik wat vir die navorser belangrik is. Die **universum** vir hierdie studie is dus alle kinders in hul middelkinderjare lewensfase, vanuit 'n Westerse kultuur.

Populasie word beskryf as die afgebakende gebied wat oor bepaalde grense beskik en waarvan die individue spesifieke eienskappe het – aldus Arkava en Lane (in Strydom & Venter, 2002:198). Die **populasie** vir hierdie navorsing het alle laerskoolkinders vanuit laerskole in die geografiese gebied van Johannesburg, ingesluit. 'n Steekproef is gedoen om die populasie beter te verstaan. Daarvoor is al die laerskoolkinders vanuit een laerskool, naamlik John Mitchell Primary School, met spesifieke eienskappe, naamlik 'n Westerse afkoms, tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar en woonagtig in Johannesburg, in terapie, as die **steekproef** beskou.

Sarantakos (in Strydom & Delport, 2002:333) noem dat steekproefneming in kwalitatiewe navorsing minder gestruktureerd en minder streng toegepas word. 'n **Toevallige steekproefneming** (Strydom, 2002:212) is benut vir die boge-

noemde laerskoolkind. Vir die kriteria om toeganklikheid en tipiese kenmerkende eienskappe van die populasie in ag te neem, is een laerskoolkind, tussen die ouderdom ses tot twaalf jaar wat deel was van die gevallelading, geselekteer as 'n kinderrespondent vir die toepassing van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, naamlik die bordspel.

1.9 ETIESE ASPEKTE

Die feit dat daar gebruik gemaak is van 'n kind as objek, bring mee dat sekere aspekte in ag geneem moes word (Strydom, 2002:62). Die navorser het die etiese aspekte, soos onder andere die regte, behoeftes, waardes en begeertes van die respondente tydens die navorsingsproses, gerespekteer. Die volgende etiese riglyne was van belang en is toegepas om die kinderrespondent wie se inligting benut is, se regte te beskerm en te verseker.

- Die navorsingsdoelstelling is duidelik geformuleer en verduidelik, sodat dit vir sowel die Gestaltspelterapeute as respondente en die kinderrespondent verstaanbaar kon wees.
- Deelname het op 'n vrywillige basis geskied.
- Die proefpersone is deeglik ingelig oor die doel en proses van die navorsing, alvorens toestemming tot deelname gerealiseer het.
- Anonimiteit is deurgaans gehandhaaf.
- Alle inligting is professioneel en konfidensiëel hanteer en die proefpersoon se privaatheid is ten alle tye gerespekteer, deurdat die persoonlike inligting in 'n kabinet bewaar is.
- Erkenning is aan bestaande literatuur wat tydens die studie benut is, gegee.
- Skriftelike toestemming is deur die ouer van die kinderrespondent verkry (Bylaag D).
- Skriftelike toestemming is van die skool se Beheerliggaam om die kinderrespondent vir die navorsing te kon betrek, verkry (Bylaag C).

1.10 BEGRIPSOMSKRYWING

Volgens Turner (in Babbie en Rubin, 1993:45) is konsepte die basiese boublokke van teorie; terwyl Grinell (1993:440) dit beskryf as 'n begrip, idee of verstandelike beeld, 'n manier om objekte, prosesse, verhoudings en gebeure te kategoriseer. Neuman (2003:531) ondersteun die stelling deur konseptuele definiëring soos volg te beskryf: “A careful, systematic definition of a construct that is explicitly written to clarify one’s thinking. It is often linked to other concepts or theoretical statements.” Die belangrikste begrippe wat deurgaans gebruik is, sal vervolgens ter wille van duidelikheid, bespreek word. Dié sleutelbegrippe is ook duidelikheidshalwe vóór die aanvang van die navorsingsverslag en die inhoudsopgawe, uiteengesit.

1.10.1 Gestaltspelterapeut

Blom (2004:54) beskryf die Gestaltspelterapeut as 'n opgeleide persoon wat in gelyke verhouding met die kind staan en poog om die basiese doelwitte van Gestaltterapie in die fasilitering met die kind, te bereik. Volgens Webb (1999:29) word die spelterapeut die kind se klankbord. In hierdie terapeutiese omgewing bereik hy, deur die gebruik van spel as medium en die manier waarop die kind simbolies kommunikeer, die kind se wêreld.

Vir die doel van hierdie studie kan die Gestaltspelterapeut dus gesien word as ‘n volwasse persoon wat opgelei is in Gestaltspelterapie, waar veral die gelyke verhouding van kernbelang vir terapie is. Die opgeleide persoon fokus op die bewusmaking en groei van die kind in terme van sy eie proses, regulering van sy behoeftes en selfsteun.

1.10.2 Gestalt-assesseringshulpmiddel

Dale (1986:21) stel dit dat **Gestalt** verwys na die: “concept of a ‘whole’ or a ‘completion’, or an ‘integrated pattern’, where the whole is more than the sum of the parts.” Volgens Oaklander (1994:143) is **Gestaltterapie** 'n humanistiese,

proses-georiënteerde vorm van terapie, waar die spelterapeut besorg is oor die gesonde en geïntegreerde funksionering van alle aspekte van die persoon, sintuie, liggaam, emosies en intellek. Volgens Gouws, Louw, Meyer en Plug (in Blom, 2004:3) is Gestaltterapie 'n vorm van psigoterapie waar gefokus word op dit wat dadelik beskikbaar is met die doel om die kliënt te help om sy persepsie oor sy ervaring in sy totaliteit te verbeter. Oaklander (1994:143) beskryf die teoretiese beginsels soos 'n ek-jy-verhouding, hier-en-nou, organismiese selfregulering, kontakgrens- versteurings, bewustheid en ervarings van die self, wat in wisselwerking verkeer en 'n effek gedurende die terapeutiese werk met die kind het. Blom (2004:5) voeg by dat **Gestaltspelterapie** beskou kan word as 'n psigoterapeutiese tegniek waar die beginsels en tegnieke van Gestaltterapie in ag geneem word gedurende spelterapie met die kind. Gestaltspelterapie is dus 'n vorm van psigoterapie wat lei tot insigontwikkeling en vir dié doel, gefokus is op die kind in die middelkinderjare.

Volgens Guskey (2000:47) beteken **assessering** om inligting te verkry oor 'n verskynsel deur die gebruik te maak van verskeie prosedures, byvoorbeeld toetsing, informele waarneming en dokumentering van gedrag. Sybouts en Wendel (1994:158-160) noem dat assessering meting, telling en die insameling van basiese inligting, behels. Volgens Potgieter (1998:142) is assessering 'n komplekse, aanhoudende proses tussen die kliëntsisteem en die terapeut. Die doel met assessering in Gestaltspelterapie word deur Blom (2004:73) beskou as meer as net die insameling van sekere inligting oor die kind. Die outeur huldig die mening dat dit ook gebaseer is op die drie doelwitte van Gestaltspelterapie, naamlik om te bepaal wat die kind se vlak van bewustheid van sy eie proses is; wat sy vlak van selfondersteuning is en ook watter onvoltooidhede hom verhinder om as 'n geïntegreerde geheel, te funksioneer. Verder noem sy ook dat assessering 'n deurlopende proses is en dus deel van elke sessie vorm.

'n **Assesseringshulpmiddel** maak dit volgens Sheafor, Horejsi en Horejsi (2000:301) moontlik om deur middel van 'n riglyn, data-insameling te kombineer

om interpretasies te fasiliteer. Van der Merwe (1996:98) beklemtoon dat daar 'n verskeidenheid van assesseringsvorme beskikbaar is en dat dit visueel-aanloklik en eenvoudig moet wees.

Vir die doel van hierdie ondersoek, impliseer 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel fokussering op die stigting van 'n terapeutiese verhouding met die kind en sensoriese stimulasie; terwyl inligting aangaande sy proses ingesamel word met die oog op verdere terapie. Dié hulpmiddel is saamgestel in die vorm van 'n bordspel wat die terapeut gedurende die aanvanklike terapeutiese proses, vir assessering van die kind in Gestaltspelterapie, kan toepas.

1.10.3 Bordspel

Die Woordeboek van Sielkunde (Corsini, 1999:402), definieer 'n speletjie as 'n stryd aangevoer deur reëls en 'n interaksie of transaksie tussen twee of meer individue. Die laasgenoemde skrywer noem ook dat speletjies lei tot die ontwikkeling van die self, omdat die kind verskeie rolle aanneem om deel van die spel te wees. Volgens Van der Merwe (1996:98) is 'n bordspel 'n hulpmiddel wat deur terapeute gebruik word. Volgens Webb (1999:39) is 'n bordspel, ook bordspele wat ontwikkel is vir terapeutiese gebruik, baie aanloklik vir die kind in sy middelkinderjare.

In dié navorsing kan 'n bordspel dus gesien word as 'n spel wat bestaan uit reëls, wat gebruik word in terapie as ‘Gestalt-assesseringshulpmiddel’ vir die kind in die middelkinderjare.

1.10.4 Die Schoeman-werksmodel

Die Schoeman-werksmodel is 'n model, bestaande uit sewe aspekte, wat uiteengesit is vanuit die Gestaltbenadering vir spelterapeute, om te dien as riglyn in die spelterapeutiese proses met die kind (Schoeman, 2002:12).

Vir die doel van hierdie navorsing word deur middel van assessering op drie van die sewe aspekte van die Schoeman-werksmodel gefokus, te wete die stigting van 'n terapeutiese verhouding, sensoriese stimulering en die ontdekking van die proses van die kind. Vir begrip en om duidelikheidshalwe word verwys na die Schoeman-3-aspekmodel.

1.10.5 Sensoriese stimulasie

Volgens Levine en Shefner (in Schoeman, 1996:41) verwys sensasie na die proses waar 'n stimuli in die omgewing ervaar word. Thomson en Rudolph (1996:150) noem dat, deur te fokus op 'n kind se sensoriese en liggaamlike kontakmaking, hy meer bewus kan wees van sy emosies wat hy op daardie oomblik ervaar. Sensoriese- en liggaamlike kontak kan deur verskeie speltera-peutiese tegnieke en aktiwiteite bewerkstellig word, aldus Oaklander (1997:294, 296). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat 'n kind se sintuie gedurende Gestaltspelterapie gestimuleer word, om hom meer bewus te maak van sy eie proses, sy emosie en sy omgewing wat hy op daardie huidige oomblik, beleef.

Vir die doeleindes van hierdie studie, sal sensoriese stimulasie beskou word as die geleentheid vir die Gestaltspelterapeut om die kind meer bewus te maak van sy eie proses, sy emosies, sy omgewing en sy behoeftes.

1.10.6 Die kind se proses

Volgens Blom (2004:83) is die kind se proses sy unieke temperament. Die proses van die kind omvat dit wat die kind uniek maak, dus hoe hy die wêreld ervaar en verstaan; sy probleemoplossingstegnieke en of hy realisties of onrealisties in die hantering van sekere uitdagings, is. Aldus Oaklander (1994:145), is die kind se bewustheid van sy eie proses geleë in die hier en nou, waar dit lei tot die ontdekking van keuses met betrekking tot emosionele uitdrukking en behoeftebevrediging. Wanneer hierdie bewustheid plaasvind, noem sy dat dit aan die kind die geleentheid bied om nuwe gedrag te toets.

Vir die doel van hierdie studie sal die kind bewus gemaak word van sy eie proses, omdat dit hom leer om sy eie gevoelens, behoeftes en denke te ken, dit hom laat besef dat hy keuses het, besluite kan neem en verantwoordelikheid vir sy gedrag moet aanvaar Die ontdekking van die kind se proses bied aan die terapeut die vermoë om hom op 'n unieke wyse te bereik deur middel van gekose spel wat gepas is vir sy proses.

1.10.7 Bewustheid

Die fokus in Gestaltspelterapie is volgens Blom (2004:58) op die verbetering van die kind se bewustheid van die huidige. Volgens Oaklander (in O'Connor & Ammen, 1997:146) vervat bewustheid baie aspekte van die lewe en van die individu. Van hierdie aspekte is byvoorbeeld om bewus te wees van die persoonlike proses, sensasies, gevoelens, behoeftes, denkprosesse en aksies, wat die mens se gevoel van die self en selfdeterminasie versterk.

As gevolg van die belangrikheid van bewustheid, word dit as 'n kernbeginsel van Gestaltspelterapie beskou, omdat alle aktiwiteite hierin direkte bewustheid vereis. Vir die doeleindes van die studie sal bewustheid beskou word as die kind se vermoë om in die hier-en-nou bewus te wees van sy eie behoeftes, begeertes, denke en gedrag asook die omgewing om hom.

1.10.8 Kind in die middelkinderjare

Alhoewel skrywers verskil ten opsigte van die indeling, word die periode van ongeveer ses tot twaalf jaar hoofsaaklik beskou as die middelkinderjare (vergelyk Berk, 2003:6; Blom, 2004:242; Brems, 2002:59). Berk (2003:6) beskou die middelkinderjare as kinders tussen die ouderdom van ses tot elf jaar; terwyl Brems (2002:59) hulle in die ses tot tienjarige ouderdomsgroep plaas.

Volgens Ladd en Lesieur (in Kaplan, 1998:24), is die middelkinderjare 'n tydperk waar sosiale netwerke tot 'n groot mate uitbrei en die hoeveelheid en belangrikheid van vriendskappe verhoog. Dit is ook 'n stadium waar kinders die

vermoë ontwikkel om aandag te gee, te onthou wat hulle leer en waar hulle inligting en vaardighede gebruik om probleme op te los of aan te spreek (Kaplan, 1998:220).

Vir die doel van hierdie studie word die middelkinderjare gesien as 'n kind tussen die ouderdom van ses tot twaalf jaar.

1.10.9 Sosiale ontwikkeling

Volgens O'Connor en Ammen (1997:80) vervat sosio-emosionele funksionering verskeie dimensies van ervaring, insluitende die kind se gedrag, kommunikasie vermoëns, sosiale verbintenisse en emosionele funksionering. In die Woordeboek van Sielkunde (Corsini, 1999:913), word sosiale ontwikkeling beskryf as die geleidelike verwerwing van houdings, verhoudings en gedrag, wat die individu toelaat om as lid van die gemeenskap te funksioneer.

Volgens Louw (1990:377) is familie-ondersteuning, gemeenskapstruktuur, skool- en vriendskapsnetwerke belangrike geleentheidsbronne vir die kind in die middelkinderjare. Die kind is dus besig om sy sosiale netwerke uit te brei en te leer om sosiaal te verkeer. In hierdie studie beoog die navorser om die kind se ervaring, van sowel sy sosiale areas as moontlike probleme wat hy ten opsigte van dié aspek mag ervaar, te assesseer.

Sosiale ontwikkeling sal dus in hierdie studie gedefinieer word as die kind se interaksie, verbintenisse en verhoudings met maats, ouers, onderwysers en ander waarmee hy in kontak is. Dit sal ook die wyse waarop hy hierdie sosiale verbintenisse verwerf het en sy ervaring daarvan, insluit.

1.10.10 Emosionele ontwikkeling

Die term emosie omvat verskeie aangename en onaangename verstandelike toestande (Eysench 1990:129). Plutchik (2003:20) ondersoek verskillende definisies van emosies en kom tot die volgende gevolgtrekking: "It implied that

emotions are related to appraisals or interpretations of events going on within an individual's own body as well as events that are occuring around the individual. It indicated that the signs of emotion can be found in facial expressions, postures, and urges to act. And finally, the definition implied that the expressive behaviour of an emotion communicates information from one individual to another."

LaFreniere (2000:276) beskryf emosies as 'n toestand wat onstaan as gevolg van gebeurtenis wat vir die persoon belangrik is. Dit sluit volgens die skrywer 'n bewuste verstandelike toestand, met herkenbare kwaliteit gevoelens 'n liggaamlike sensasie en fisiologiese verandering; herkenbare uitdrukking van die gesig, stemtoon of stem en liggaamstaal; en 'n gereedheid vir 'n sekere tipe optrede, in. Die nadere omskrywing van emosie word tot 'n groot mate bepaal deur die outeur se teoretiese uitgangspunt. Die rol van die sentrale en outonomiese senuweestelsel tydens emosionele belewing, word ook op verskillende wyses geïnterpreteer.

Volgens die Woordeboek van Sielkunde (Corsini, 1999:325), is emosionele ontwikkeling die geleidelike verhoging in die vermoë om 'n volle reeks van emosies uit te druk en te ervaar. Volgens dié outeur word emosionele ontwikkeling beïnvloed deur onder andere kliere, hormone, huislike atmosfeer en gekondisioneerde spel.

In die navorsing word gepoog om die ontwikkelingsvlak van die emosionele dimensie by die kind te assesseer. Volgens die navorser kan emosionele ontwikkeling, opsommenderwyse, gesien word as die kind se vermoë om emosies, in homself en in ander te erken en te bepaal sowel as om die betekenis daarvan, te verstaan.

1.10.11 Kognitiewe ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling aldus Demetriou, Doise en Lieshout (1998:504) is die studie van hoe mense die wêreld verstaan, hoe hulle probleme wat hulle ervaar oplos en hoe hierdie proses verbeter en ontwikkel.

Volgens Shaffer (1999:229) word kognitiewe ontwikkeling omskryf as die ouderdomsverbande-veranderings wat in die verstandelike aktiwiteite soos aandag, persepsie, leer, denke en geheue voorkom. Corsini (1999:180) beskryf kognitiewe ontwikkeling as die groei en uitbreiding van denkprosesse van alle soorte, soos waarneming, geheue, konsepformasie, probleemoplossing, verbeelding en redenering.

Kognitiewe ontwikkeling sal vir die doel van hierdie studie dus beskou word as die manier waarop die kind redeneer, asook op watter wyse hy probleme oplos, deur die gebruikmaking van sy geheue, ervarings, verbeelding en waarnemings.

Tydens hierdie navorsing sal die kind van die middelkinderjare beskou word as 'n entiteit wat beskik oor sowel gepaste probleemoplossings-, as redenerings-tegnieke om besluite te neem ten opsigte van die benutting van sy omgewing vir behoeftebevrediging.

1.10.12 Fisiese en liggaamlike ontwikkeling

Kaplan (1998:215) is van mening dat kinders aansienlik in terme van hul gewig en hoogte, gedurende die middelkinderjare, groei. Bee (1995:104-105) verskaf vier redes waarom dit belangrik is om die fisiese ontwikkeling van die kind te bestudeer. Die kind se groei dra daartoe by dat nuwe gedrag moontlik gemaak word; ervarings bepaal kan word; reaksies ander kan beïnvloed en die kind se selfbeeld beïnvloed kan word.

Dit is duidelik dat die belangstelling in die kind se fisiese ontwikkeling nie net by die kind se groei lê nie, maar ook om te bepaal wat die kind van homself dink,

hoe hy oor sy liggaam voel en hoe ander hom ervaar. In hierdie studie wil die navorser deur middel van die bordspel as 'n Gestalt-assesseringhulpmiddel, bepaal hoe die kind met die omgewing om hom omgaan in die bevrediging van sy behoeftes. Die fisiese en liggaamlike ontwikkeling kan dus gesien word as die groei en verandering wat in die kind gedurende die middelkinderjare, voorkom.

1.11 HOOFSTUK INDELING

Die navorsingsverslag bestaan uit twee afdelings, naamlik 'n teoretiese gedeelte wat die bestaande navorsingsdata bevat en die empiriese deel waar die navorsingsmetodologie en -proses weergegee word. Oor die geheel word die verslag in vyf hoofstukke weergegee.

- Hoofstuk een bied 'n algemene inleiding en uiteensetting van die navorsing aan, waarin oorhoofs aandag gegee word aan die motivering van die keuse van die onderwerp, die doel van die studie en die navorsingsmetodologie wat gebruik is.
- In hoofstuk twee word 'n literatuuroorsig gebied ten opsigte van die middelkinderjare vanuit 'n Gestaltbenadering.
- Hoofstuk drie handel oor Gestalt-assesseringshulpmiddels; die Schoeman-3-aspekmodel en spelvorme.
- In hoofstuk vier volg die uiteensetting van die kwalitatiewe navorsingsproses wat vir die empiriese navorsing benut is.
- Deur middel van hoofstuk vyf word gevolgtrekkings en aanbevelings vir verdere navorsing bespreek en word moontlike temas voorgestel. Daar word ook na leemtes, wat tydens die verloop van die navorsingsproses ervaar is, verwys.

Vervolgens word die literatuuroorsig in hoofstuk twee, ten opsigte van 'n beskrywing van die algemene ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare, aan die leser voorgehou.

HOOFSTUK 2

DIE ONTWIKKELING VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

2.1 INLEIDING

Die normale ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare sluit 'n verskeidenheid dimensies in. Kennis en begrip hiervan kan ook in verskillende opsigte, waarde toevoeg. Hobday en Ollier (1998:3) en Porter (in Van der Merwe, 1996:22) meld dat dit vir hulle in die terapeutiese verhouding belangrik is dat die terapeut ’n goeie kennis van die kind se oorhoofse ontwikkeling moet hê, sodat die terapeut ouderdomsgepaste take kan kies. O’Connor (2000:93) voeg by dat die ontwikkelingsveranderings baie belangrik vir die terapeut is om die probleem te begryp, sowel as vir die beplanning van die intervensie.

Alhoewel die navorser vanuit die navorsingsrol ondersoek instel, is dit belangrik dat die inligting in die praktyk neerslag moet vind en vir die terapeut waarde moet inhou. Daar sal dus spesifiek gefokus word op die emosionele-, fisiese-, kognitiewe- en sosiale ontwikkelingsdimensies. Sodoende behoort die leser kennis en begrip van die onderskeie komponente en 'n geheelbeeld van die kind se funksionering te bekom. Dié navorsingsdata behoort ook vir die doel van die empiriese studie, waardevol vir die samestelling van die bordspel te wees. Die bordspel behoort spesifiek 'n raamwerk vir assessering moontlik te maak en die terapeut, ten opsigte van realistiese verwagtinge van die kind in die middelkinderjare, te rig.

In hierdie hoofstuk sal op navorsingsdata, wat verband hou met die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare, vanuit ’n Gestaltbenadering gefokus word. Sodoende sal 'n holistiese perspektief verkry word. Vir dié doel sal verskeie

ontwikkelingsteorieë kortliks bespreek word, om aan die leser duidelikheid te bied, begrip te laat ontwikkel vir die eise wat gestel word en die ontwikkelingstake wat van die kind verwag word. Verder behoort begrip ook vir die bewusmaking van lewensvaardighede waaroor die kind reeds beskik, ontwikkel te word.

2.2 TEORIEË VIR KINDERONTWIKKELING

Ontwikkelingsteorieë verskaf 'n breë beskrywing van die kind se ontwikkeling (Wicks-Nelson & Israel, 2003:23). Die indeling hiervan behoort nie as rigied beskou te word nie, maar slegs as 'n wyse waarop die inligting onderverdeel word. Die onderverdeling daarvan, soos wat vervolgens in tabel-formaat aangebied word, verskaf 'n meer globale beeld.

Tabel 1: Stadiums in die kind se ontwikkeling

Ouderdom +/-	Freud	Erikson	Peller	Dockar-Drysdale	Piaget
0-12 maande	Orale	Basiese vertroue vs wantroue	Narsisties (kind identifiseer met homself en ma)	Primêre ervaring	Sensories-motoriese
1 & 2 jaar	Anale	Outonomiteit vs skaamte en twyfel	Pre-oedipal (kind identifiseer met ma)	Integrasie Sekondêre ervaring (simbolisasie)	Pre-konseptuele denke
3 & 4 jaar	Falliese	Inisiatief vs skuld	Oedipal (kind identifiseer met ouers)		Intuïtiewe denke (Fraiberg se “magical” denke)
5-12 jaar	***Latente***	***Arbeidsaamheid vs minderwaardigheid***	***Post-oedipal (kind identifiseer met ander)***	***(Realisasie en begrip)***	***Konkreet-operasionele denke***
12 jaar +	Genitale	Identiteit vs rolverwarring			Abstrakte denke

(McMahon, 1992:4-5)

Die belangrikste ontwikkelingsteorieë aangaande menslike ontwikkeling, is aldus Sigelman en Rider (2003:27), ingedeel in Freud se Psigo-analitiese teorie, Erikson se Psigo-sosiale teorie en Piaget se kognitiewe ontwikkeling. Van die teorieë, asook De Klerk en Le Roux (2003:23) se emosionele ontwikkeling, sal vervolgens voorgehou word om sover moontlik, 'n geheelbeeld van die ontwikkelingstake, met spesifieke verwysing na die middelkinderjare, te verkry.

2.3 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Bronne verskil ten opsigte van die ouderdomsgrense waarbinne die middelkinderjare geplaas word. Berk (2003:6) beskou dié lewensfase as kinders tussen die ouderdom van ses tot elf jaar, terwyl Brems (2002:59) hulle in die ses tot tienjarige ouderdomsgroep plaas. Die kind ervaar byna daagliks emosionele, kognitiewe en sosiale veranderinge en die suksesvolle beweging en voltooiing van die normale ontwikkelingsmylpale is – aldus Thompson, Rudolph en Henderson, (2004:11) – belangrik, omdat dit vanuit 'n Gestaltperspektief met ontwikkeling en ontwikkelingstake verband hou. Die ontwikkelingstake verskaf nie net kriteria waarvolgens die kind geassesseer kan word nie, maar bied ook riglyne vir die ontwikkeling van ’n ouderdomsgepaste bordspel as assesseringshulpmiddel.

Volgens Wicks-Nelson en Israel (2003:24) is daar ’n algemene verloop vir vroeë ontwikkeling van die emosionele-, fisiese-, kognitiewe- en sosiale dimensies waar globale strukture en funksies makliker onderskei kan word en met behulp van ondersteuning, ook geïntegreer kan word.

Om die betrokke lewensfase te begryp, word die volgende ontwikkelingsaspekte bespreek:

- Fisiese en liggaamlike ontwikkeling
- Kognitiewe ontwikkeling
- Sosiale ontwikkeling

- Emosionele ontwikkeling

2.3.1 Fisiese en liggaamlike ontwikkeling

Die middelkinderjare is 'n tydperk vir die aanleer van baie nuwe motoriese vaardighede. Sukses in beide algemene en fynmotoriese vaardighede, reflekteer die kind se verhoogde fisiese volwassenheid, hul geleentheid om te leer en hul persoonlikheidsfaktore, byvoorbeeld selfbeeld en volharding. Die bemeestering van motoriese vaardighede verhoog die kind se selfbeeld en aanvaarding deur die portuurgroep (Rathus, 2003:396).

Fisiese ontwikkeling sluit 'n groot verskeidenheid faktore in, wat vervolgens kortliks bespreek sal word.

2.3.1.1 Algemene fisiese ontwikkeling

Rathus (2003:418) noem dat kinders in die middelkinderjare se fisiese gewig en lengte besig is om toe te neem. Die kind is minder bonkig, vertoon slanker en ’n meer volwasse liggaamsvorm word aangeneem.

2.3.1.2 Breinontwikkeling

Owens (2002:383) spreek sy mening ten opsigte van die breinontwikkeling van die kind tydens die middelkinderjare uit en noem dat groei stadig en gelykmatig plaasvind en dat die brein in die tydperk 90% van sy volwasse gewig bereik. Ongeag die breingrootte wat gedurende die middelkinderjare afneem, word die struktuur steeds meer uitgebrei. Sonder die voortgesette ontwikkeling, sal die fisiese en sensoriese prestasie, insluitende die motoriese-, sosiale- en emosionele vordering, gedurende die middelkinderjare nie moontlik wees nie.

2.3.1.3 Sensoriese ontwikkeling

Kinders gebruik al hul sintuie om inligting oor hul omgewing en die wêreld om hul in te samel en op verskillende wyses te gebruik, aldus Newman (2004:184). Kail (1998:113) beskryf sensoriese en persepsuele prosesse as volg: “the means by which the nervous system receives, selects, modifies and organizes stimulation from the world”.

Newman (2004:184) beskou visie as die belangrikste sintuig, omdat dit die kind die geleentheid bied om te leer aangaande die wêreld, taal en sosiale interaksie. Binokulêre visie is op die ouderdom van ses jaar goed ontwikkel. Daar is egter steeds ’n neiging tot bysiendheid gedurende die vroeë middelkinderjare; daarom word grootdrukmateriaal steeds vir die laerskoolkind aanbeveel (Owens, 2002:382-410). Die kind beskik alreeds op 'n vroeë ouderdom oor visuele persepsie wat Newman (2004:185) beskryf as die vermoë om dit wat gesien word, te analiseer en betekenis daaraan te heg. Visuele persepsie, aldus die laasgenoemde skrywer, sluit die volgende in:

- *Visuele diskriminasie*: om verskille tussen eenderse voorwerpe en vorms waar te neem.
- *Visuele geheue*: om visuele vorms, soos gesigte en woorde, te onthou.
- *Visuele sluiting*: om wanneer slegs dele van 'n voorwerp sigbaar is, agter te kom wat dit is. Dit gee aan die kind die vermoë om woorde as geheel te herken.
- *Visuele vorm konstantheid*: om 'n vorm waar te neem en te herken al het dit van grootte, rigting of orde verander. Dit bied aan die kind die vermoë om 'n voorwerp van verskillende kante te herken.
- *Visuele voor- en agtergrond*: om 'n voorwerp uit ‘n groot hoeveelheid detail te kan soek, byvoorbeeld om kouse uit 'n hoop klere te kan haal.

Volgens Owens (2002:410) verhoog gehoorskerpheid gedurende hierdie lewensfase en oor-infeksies kom minder voor. Kinders leer reeds op 'n vroeë ouderdom om verskillende klanke te kan onderskei, dit te kan herken en te kan vasstel waar dit vandaan kom (Newman, 2004:186).

'n Baba beskik volgens Kail (1998:119) reeds oor 'n goed ontwikkelde sin vir reuk. Newman (2004:187) noem dat soos wat kinders ouer word, leer hul om te kan onderskei tussen reuke en kan ook besluit wat hul gunsteling reuk is. Babas beskik oor 'n hoogs ontwikkelde sin vir smaak (Kail, 1998:120) en aldus Crook (in Kail 1998:20) kan hulle alreeds sout, suur, bitter en soet van mekaar onderskei.

Kinders gebruik aanvanklik aanraking om inligting van hul omgewing te bekom. Namate hul ouer word, begin hul meer op ander sintuie staatmaak, om hulself te beskerm (Newman 2004:186). Die skrywer voeg by dat hulle nogsteeds aanraking gebruik wanneer hulle iets nie kan sien nie. Aanraking is ook belangrik vir hul veiligheid om byvoorbeeld tussen warm en koud te kan onderskei.

Volgens Newman (2004:187) gebruik kinders inligting wat deur hul sintuie verkry word om 'n konstante bewustheid te ontwikkel van waar hulle is en wat om hulle gebeur. Uit die literatuur is dit duidelik dat babas reeds vanaf geboorte oor die gebruik van hul sintuie beskik. Die kind van die middelkinderjare blyk reeds sensories volwasse te wees en sensoriese stimulasie behoort effektief toegepas te kan word tydens terapie met die kind. Omdat die kind in hierdie stadium reeds ten volle toegerus is met sy sintuie en reeds daarmee begin eksperimenteer het, sal dit waarskynlik vir die kind aangenaam wees om deel te neem aan sensoriese stimulasie-aktiwiteite.

Dit is egter die mening van die navorser (gegrond op ervaring in psigometriese assessering by die skool) dat kinders soms 'n agterstand in sensoriese ontwikkeling ervaar. Vanuit die navorser se ervaring kan dit hoofsaaklik

toegeskryf word aan armoede, emosionele trauma en 'n groot tekort aan stimulering tydens die kind se vroeë ontwikkeling. Schoeman (1996:43) noem in hierdie verband dat kinders tydens hul ontwikkelling, leer om net te hoor wat hul wil hoor. Hulle onttrek hul byvoorbeeld van inligting of van 'n situasie wat hul onaangenaam vind deur hulself af te sluit en nie te hoor nie. Laasgenoemde skrywer is van mening dat wanneer 'n kind sy gehoor onderdruk, hy homself ontneem van intensiewe sensoriese observasie. Dit is dus belangrik om die kind se ervarings en omstandighede in ag te neem wanneer aandag gegee word aan sy sensoriese ontwikkeling.

2.3.1.4 Motoriese ontwikkeling

Volgens Owens (2002:390) is motoriese vaardigheid 'n belangrike ontwikkelingstaak wat die kind benodig vir sport en spel. Die belangrikheid hiervan word deur Roopnarine, Lasker, Sacks en Stores (in Owens, 2002:390) beklemtoon en hulle verskaf 'n paar redes waarom dit vir die kind van belang is:

- Dit laat die kind toe om aan portuurgroepprojekte deel te neem, byvoorbeeld om kleimodelle te maak, of om wegkruipertjie te speel.
- Oefening van sulke vaardighede dra by tot alle aspekte van die kind se totale ontwikkeling: sosiaal, emosioneel, fisies en verstandelik.
- Kinders kan ook ure van selfvermaak ervaar deur die oefening en verfyning van motoriese vaardighede wat aktiwiteite soos boomklim, skaats of klavierlesse inhou.
- Fisiese vaardighede het ook waarde en dra by tot die verhoging van die selfbeeld.

Dit blyk uit die navorsing dat motoriese vaardighede 'n belangrike taak vir die kind is om te bemeester, aangesien dit tot sy totale ontwikkeling bydra.

In tabel 2 word ’n opsomming van die motoriese vaardighede gedurende die middelkinderjare, soos deur Rathus (2003:402) saamgestel, verskaf.

Tabel 2: Ontwikkeling van algemene en fynmotoriese vaardighede gedurende die middelkinderjare

Ouderdom	Algemene motoriese vaardigheid	Fynmotoriese vaardigheid
6 jaar	Hop, spring, klim	Maak skoenveters vas Gooi bal deur die gebruik van gewrigs- en vingervrylating Hou potlood vas met vingerpunte Kan moontlik ’n bal met ’n kolf slaan
7 jaar	Balanseer op en trap ’n fiets	
8 jaar	Het goeie liggaamsbalans	Spasieer woorde tydens skryfwerk Skryf akkuraat en netjies Kopieer ’n diamantvorm korrek Swaai ’n hamer goed Kan naaldwerk doen en brei Wys goeie hand- en oogkoördinasie
9 jaar	Betrokke in kragtige liggaamsaktiwiteite, veral spansport, soos onder andere vlugbal, ensovoorts	
10 jaar	Balanseer op een voet vir 15 sekondes; vang ’n vlieënde bal	
12 jaar	Vertoon lompheid as ’n resultaat van a-sinchroniese been- en spierontwikkeling	

(Rathus, 2003:402)

Vanuit die teorie is dit duidelik dat motoriese vaardighede gedurende die middelkinderjare toeneem, namate die kind dit baasraak. Deur die Gestalt-assesseringshulpmiddel, kan die navorser bewegings in die bordspel inkorporeer om waar te neem of die kind hierdie motoriese vaardighede reeds aangeleer het, aangesien dit bydra tot sy totale ontwikkeling. Inhoudelik kan hierdie tabel vir die Gestaltspelterapeut as riglyn dien, vir sekere vaardighede waaroor die kind reeds behoort te beskik.

2.3.2 Kognitiewe ontwikkeling

Die kind in die middelkinderjare behoort oor die vermoë te beskik om ’n situasie te deurdink, te analiseer en logies te konstrueer, omdat fokussering en beplanning 'n deel van sy intellektuele ontwikkeling, aldus Shaffer (2002:29), vorm. Hierby noem Thompson *et al*., (2004:12) dat kognitiewe ontwikkeling na die kind se ontwikkeling van sy redeneringsvermoë en denkvaardighede verwys.

Lillard (in Shaffer, 2002:231) noem dat 'n kind se kognitiewe ontwikkeling in spel weerspieël word en dat spel tot ontwikkeling bydra.

Volgens Piaget (in Owens, 2002:414) is kinders tussen die ouderdom van sewe en elf jaar konkreet-operasionele denkers, omdat hulle nie meer afhanklik is van visuele- en sensoriese omstandighede soos voorheen nie. Die rede hiervoor is dat hulle persepsie verbeter het.

Rathus (2003:422) huldig die mening dat konkrete werking verband hou met die kind se kapasiteit vir volwasse logika. Die navorser beskou die konsep **konkreet**, as ’n denkproses wat gewoonlik tasbare voorwerpe, eerder as abstrakte idees, insluit.

Owens (2002:414) beskryf kinders wat in die konkreet-operasionele fase verkeer, as denkers wat 'n reeks voorwerpe kan klassifiseer en denke kan omkeer. Hulle verstaan klasinsluiting, kan van sentrasie na desentrasie beweeg en begryp konservasie. Berk (2003:21) verwys na hierdie fase as die ontwikkeling van konseptuele vaardighede. Louw *et al*., (1998:331) huldig die mening dat Piaget intellektuele ontwikkeling as 'n proses beskou en Thompson *et al*., (2004:12) meld dat kognitiewe ontwikkeling, na die ontwikkeling van die denke en redenering verwys.

Kognitiewe ontwikkeling bring die kind in kontak met die realiteite van die **konkrete wêreld** en hy begin om sy omgewing beter te verstaan (Vergelyk Berk, 2003:21). Ten spyte van die kognitiewe vooruitgang, is daar 'n belangrike beperking op konkreet-operasionele redenering: die kind se logiese denke is verbind aan sy onmiddellike omstandighede, wat hy dan toepas in situasies en gebeure (Owens, 2002:414).

Berk (2003:21) beskou konseptuele vaardighede as belangrik en lê klem op konservasie-, klassifikasie- en kombinasievaardighede wat die kind in kontak

bring met die realiteite van die fisiese wêreld, om dit sodoende beter te verstaan. Die konkreet-operasionele kind, tussen die ouderdom van sewe en elf jaar, beskik verder oor die vermoë om voorwerpe wat varieer in grootte en wat op verskillende maniere gegroepeer of **geklassifiseer** kan word, te herken.

Owens (2002:415-416) is van mening dat waar 'n voorskoolse kind meer konsentreer op 'n enkele kenmerk of deel van die stimuli, die skool-ouderdom kind die vermoë tot **desentrasie** het wat hom in staat stel om gelyktydig verskeie aspekte van die probleme te fokus, om dit in verhouding tot mekaar te bring. Desentrasie beteken dat die kind oor die vermoë beskik, om gelyktydig op meer as een aspek van 'n saak en verandering in 'n voorwerp, te fokus (Blom, 2002:4).

Rathus (2003:424) beskryf **klasinsluiting** as die vermoë om te herken dat een klas voorwerpe (A) verskeie ander subklasse (B1 en B2) insluit. Owens (2002:416) noem in hierdie verband dat die kind die vermoë besit om gelyktydig oor sowel die dele as die geheel te kan redeneer. Vanuit die Gestaltbenadering, gedurende Gestaltspelterapie, moet die kind gelei word om bewus te raak van sy ervaring van al die komponente om – nie as gefragmenteerde eenheid nie, maar as geïntegreerde geheel, te oorleef (Blom, 2004:11). Die kind beskik dus oor die vermoë om meer breedvoerig na ’n spesifieke tema te kyk, wat dit vir hom moontlik sal maak om sekere aspekte van sy proses beter te kan verstaan en te kan integreer. Berk (2003:21) beskou ook konseptuele vaardighede as belangrik en lê klem op konservasie-, klassifikasie- en kombinasievaardighede wat die kind in kontak bring met die realiteite van die fisiese wêreld, om dit sodoende beter te verstaan.

Volgens informasie-prosesseringsteoretici, word individuele prosesse soos aandag, persepsie en geheue ook vervat onder die term kognisie (Owens, 2002:416). Pre-operasionele kinders fokus, aldus Rathus (2003:427), slegs op een element van ’n probleem op 'n keer. 'n Rede hiervoor is dat konservasie ontbreek. Konkrete operasionele kinders kan **aandag** gee aan veelvoudige

aspekte van 'n probleem, wat hul toelaat om onder andere nommers en volume, te konserveer. Owens (2002:417) beklemtoon verder dat ouer kinders, wanneer hulle take uitvoer, meer buigsaam in die aanpassing van hul aandag is. Le Doux (in Berger, 2002:37) se mening word ondersteun, naamlik dat wanneer sensoriese prosessering bestudeer word, dit duidelik word dat die mens, 'n emosionele respondent op sy omgewing is. Die sensoriese- en emosionele dimensies is voortdurend in interaksie met die kognitiewe dimensie. Dit is vanuit die Gestaltbenadering belangrik dat die kind deurentyd bewus gemaak moet word van inligting wat hy deur middel van sy sintuie bekom, om sy aandag te vestig op probleemoplossing en besluitneming, aldus Blom (2004:53). Dit behoort dus as 'n deel van die kind se proses, asook sy bepaalde temperament, beskou te word.

Volgens Owens (2002:418) verbeter die kind se **perseptuele prosesse** in dié ouderdomsklas. Hy verduidelik en beskryf **persepsie** as die proses waardeur die kind betekenisvolle inligting, vanuit die fisiese stimuli en ander denkprosesse kan bekom. Sy persepsie word in sy geheue gestoor, vanwaar hy inligting kan herroep om inkomende inligting te help interpreteer. Dieselfde navorser noem dié proses ’n geheuestrategie.

Dit kom dus voor dat inligting wat waargeneem word, herinterpreteer word en dat die Gestaltspelterapeut gedurende spelterapie met die kind, daarvan kennis behoort te dra. Dit sal die terapeut in staat stel om die kind by te staan om te tussen sy emosies, sensoriese- en kognitiewe waarnemingsfunksies, as deel van sy proses en probleemoplossingstegniek, te onderskei.

Kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar, is beter inligting prosesseerders as jonger kinders, as gevolg van die verandering in hul **korttermyngeheue** waar inligting tydelik gestoor word. Die langtermyn- geheue, wat die permanente stoorplek vir inligting is, sal normaalweg tydens terapeutiese ondersteuning vir die kind meer toeganklik gemaak word, wanneer die atmosfeer ontspanne is (Goleman, 1996:200-204). Verwardheid en spanning het, aldus die

navorser, 'n uitwerking op die toeganklikheid van die mens se geheue. Dit blyk dus dat dit vir die kind moontlik sal wees om probleemoplossingstegnieke, wat hy in sekere situasies toegepas het te herroep, om sodoende tot selfondersteuning te kan ontwikkel.

Vanweë die kognitiewe ontwikkeling, blyk dit dat die kind se bewustheid van sy eie proses, vir hom waardevolle ondersteuning sal kan bied. Vanuit die Gestalt-benadering moet kennis van die omgewing, die aanvaarding van verantwoordelikheid vir keuses, selfkennis en selfaanvaarding binne bereik van die kind wees. Die vermoë om kontak te maak, om met ander woorde, bewustheid van die kognitiewe-, sensoriese- en affektiewe vlakke aan te moedig, is dus nodig (Yontef en Simkin in Blom, 2004:52).

2.3.3 Sosiale ontwikkeling

Dit is volgens die navorser belangrik om kennis te neem van die kind se sosiale ontwikkeling om hom beter te verstaan, juis as gevolg van Thompson *et al*., (2004:15) se mening dat hy tydens hierdie fase vaardighede leer om as 'n produktiewe lid van die gemeenskap aanvaar te word. Gedurende die middelkinderjare, verhoog die kind se selfkonsep van 'n oppervlakkige beskrywing tot ’n multi-dimensionele siening van homself. Sy vermoë om tussen verskeie areas van bevoegdheid te onderskei, soos akademiese prestasie, portuurgewildheid, fisiese voorkoms en gedragsbeheer, is moontlik. Hy het ook ’n beter begrip vir persoonlikheidseienskappe wat deur middel van verskillende gedragsreaksies uitgeleef word (Owens, 2002:456).

Die kind in hierdie lewensfase beskik oor die vermoë om ander mense in sy omgewing beter te verstaan, om hierdie rede begin sy sosiale verhoudings verander. Aangesien die kind bewus raak van 'n groter sosiale netwerk as sy ouers, begin hy meer onafhanklik optree met die fokus op portuurgroepverhoudings (Bee & Boyd, 2003:254). Die norme en waardes is belangrik

aangesien dit verband hou met aanvaarding binne sy vriendskapsverhoudings (vergelyk ook Shaffer, 2002:379). Namate kinders ouer word en die middel-kinderjare bereik, fokus hulle hul belangstellings en aktiwiteite weg van die huis af na vriende, onderwysers en ander wat belangriker word.

Owens (2002:458) noem dat portuurstatus 'n belangrike rol speel in die vorming van positiewe en negatiewe aspekte van die self. Hartup (in Owens 2002:459) noem vier funksies van vriendskap: dit bied 'n konteks waarin kinders basiese sosiale vaardighede soos kommunikasie en samewerking bekom of uitleef; dit maak selfkennis, kennis oor ander en sy omgewing moontlik; dit gee aan die kind emosionele ondersteuning in stresvolle tye en dit verskaf aan hom ervaringsgeleenthede vir toekomstige verhoudings.

Hatch (1997:71) beklemtoon sosialisering met spel as vertrekpunt. Volgens Cole en Cole (2001:556) raak kinders in die middelkinderjare betrokke by ’n nuwe vorm van spel, naamlik speletjies met reëls. Hy beskou dit ook as deel van die kind se sosialisering. Verder noem eersgenoemde navorser dat kinders hul eie behoeftes tydens spel beheer, denke en gevoelens van ander erken en sodoende sosiale aanvaarbare gedrag aanleer, verhoudinge stig, instandhou en konflik leer hanteer. Om die speletjie suksesvol toe te pas, moet die kind betrokke wees in sosiale besprekings en moet hy die verhouding tussen die denke van die ander speler en sy eie gedrag kan begryp, aldus Cole en Cole (2001:557).

2.3.3.1 Selfkonsep en selfbeeld

Brems (2002:49) noem dat 'n kind in hierdie lewensfase besorg is oor wat ander van hom dink en vergelyk hy homself met ander. Die kind se fokus ten opsigte van sy selfkonsep, was vroeër gerig op konkrete, eksterne eienskappe soos voorkoms, aktiwiteite en lewensituasies. Dit blyk dat soos wat die kind se kognitiewe dimensie in die middelkinderjare ontwikkel, sy abstrakte persoonlike eienskappe 'n rol begin speel in dit wat hy van homself dink. Sosiale verhou-

dings en groeplidmaatskap word baie belangrik, volgens Damon, Damon en Hart (in Rathus, 2003:470).

'n Mees kritiese aspek van selfkonsep is selfbeeld - die waarde wat mense aan hulself gee. Tydens die middelkinderjare is die kind in staat om sy selfkonsep te verdeel en kan hy, sy selfwaarde in terme van verskillende terreine evalueer, aldus Tassi, Schneider & Richard (in Rathus, 2003:471). Die navorser huldig die mening dat hulpverlening vanuit die Gestaltspelterapeutiese benadering, die kind bewus maak van die aanvaarding van selfliefde en -kennis, respek en verantwoordelikheid.

Volgens Oaklander (in Blom 2004:52) sal kinders namate hulle meer bewus word van hulself in die terapeutiese proses, ook meer bewus word van die feit dat hulle keuses kan uitoefen aangaande die uitdrukking van emosies, die manier waarop hulle hul behoeftes bevredig en die eksplorasie van nuwe gedrag. Dieselfde navorser beklemtoon fokus-aspekte soos wie hulle is, wat hulle voel, waarvan hulle hou en nie van hou nie, hulle kwaliteite en behoeftes en hoe hulle optree. Gedurende die bewuswordingsproses van die kind en ander, is dit dus vir die spelterapeut 'n goeie geleentheid om behulpsaam te wees met dié aspekte van sy proses wat verband hou met bewustheid, selfsteun en integrasie of omgewingsteun.

Kinders se selfbeeld verlaag gedurende die middelkinderjare periode, bereik ‘n laagtepunt tussen die ouderdom van twaalf of dertien jaar en verhoog dan weer gedurende middel- en laat-adolessensie, aldus Harter, Pamerentz *et al*., (in Rathus, 2003:471). Die rede vir die verlaging van die selfbeeld, skryf Rathus (2003:471), toe aan die egosentrisme van die jong kind en sy aanvanklike onrealistiese selfkonsep. Namate kinders ouer begin word, inkorporeer hulle meer eksterne inligting – hulle vergelyk hulself, soos reeds genoem, met ander kinders. Vir die meeste kinders is die resultaat meer realisties en is dit ’n tydperk van kritiese selfwaardering en 'n verlaging in hul selfbeeld of selfwaarde. Dit is

belangrik dat die spelterapeut bewus is van die verlaagde selfbeeld tydens die middelkinderjare en dit as 'n normale verskynsel gedurende spelterapie en die assessering van die kind se proses beskou.

2.3.4 Emosionele ontwikkeling

Griessel (in Laubscher, 1997:130) definieer emosionele ontwikkeling as 'n: “fundamentele inherente aanpassingsmeganisme wat die individu in staat stel om sy situasie op sy eie kenmerkende wyse te evalueer en daarvolgens in interaksie met sy omgewing op te tree ter handhawing van sy sosiale betrekkinge”.

Die middelkinderjare gaan gepaard met groter emosionele volwassenheid, waartydens die kind beweeg van hulpeloosheid na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid, aldus Turner en Helms (in Louw, 1990:362). Tydens hierdie lewensfase vind groter **emosionele buigsaamheid** en groter **emosionele differensiasie** plaas. Psigo-sosiale ontwikkeling speel hier ook ’n rol (vergelyk Blom, 2004:245; Louw, 1990:362). Harter, Buddin, Wintre en Vallance (in Berk, 1996:473) is van mening dat die kind gedurende hierdie lewensfase meer bewus raak van die diversiteit van emosionele ervarings en teen die ouderdom van agt jaar besef die kind dat hy meer as een emosie op ’n slag kan ervaar: soms gelyktydig negatief en positief en dat dit in intensiteit kan verskil. Volgens Louw (1990:362) stel groter emosionele differensiasie die kind ook in staat om 'n verskeidenheid van gevoelens uit te druk, maar geslagsrol-stereotipering kan dit dikwels verhoed.

Berk (1996:473) noem interessant dat die verhoogde selfbewustheid en sosiale sensitiwiteit, emosionele ontwikkeling in die middelkinderjare ondersteun. Die kind ervaar selfbewuste emosies, bewustheid van 'n emosionele toestand en emosionele selfregulering. Dit laat die kind dus toe om gevorderd te raak ten opsigte van sy emosionele ontwikkeling, omdat hy leer om emosies uit te druk, te

beheer, te onderdruk of weg te steek (Blom, 2004:245). Die kind is dus instaat om **emosionele bestuur** van sy emosies aan te leer. Die afname in **egosentrisme**, wat gedurende hierdie lewensfase plaasvind, sluit aldus Blom (2002:9) hierby aan, omdat die kind toenemend daarvan bewus raak dat individue se denke en waarnemings van mekaar verskil en ontwikkel. In die lig hiervan, lei dit tot 'n sensitiwiteit vir ander. Hy begin verstaan hoe ander mense voel en waarom hulle so voel; daarom word dit vir die kind makliker om sy emosies in bedwang te hou en sy gevoelens weg te steek (Louw, 1990:362).

Die kind se emosionele ontwikkeling word, volgens Wissom (in Bekker, 2004:47), gevorm uit die inligting wat hy van homself ontvang. Aangesien die middelkinderjare 'n uitbreiding van sosiale bande is, is dit veral gedurende hierdie tyd wat die kind baie inligting, vanuit sy interaksie met ander in sy omgewing, oor homself insamel. Die kind leer dan om gepas op te tree, al beteken dit dan dat hy emosies moet wegsteek, of onderdruk. Skoolgaande kinders, is volgens Berk (1996:474), nie net beter met die herkenning en reaksies op hul eie gevoelens nie, maar hulle is ook meer bewus van die denke en gevoelens van ander. Die skrywer noem ook dat die kind se vermoë om te voorspel wat ander mense mag dink of voel, gedurende hierdie lewensfase verhoog. Dit is vanuit die teorie duidelik dat dit vir die kind gedurende die middelkinderjare makliker is om sy emosies te beheer, terug te hou en weg te steek, omdat sosiale interaksie vir hom belangrik is. Dit is ook vir hom makliker om ander se gevoelens en oordeel te voorspel en daarvolgens op te tree.

Vanuit die teorie is dit vir die navorser duidelik dat sekere aspekte soos sosiale interaksie en die reëls wat die samelewing voorskryf, 'n groot invloed op die kind se ervaring en **uitdrukking van** sy **emosies het**. Zanden (in Louw, 1990:362) ondersteun die gedagte deur te noem dat verandering in die kind plaasvind, ten opsigte van sy begrip van emosies gedurende hierdie lewensfase. Dié skrywer noem dat die kind toenemende emosionele opwekking begin koppel aan interne oorsake; sosiale reëls, wat die vertoon van emosies beheer; word vir hulle

belangrik gesigsuitdrukkings kan met groter akkuraatheid gelees word; hulle verstaan dat emosionele toestande psigies verander kan word en hulle besef ook dat mense gelyktydig meervoudige emosies kan ervaar.

Die vermoë om emosies verbaal te **kommunikeer**, is 'n belangrike aspek in die bevrediging van die kind se basiese behoeftes. Die laerskoolkind behoort oor ’n uitgebreide woordeskat te beskik, hoewel die proses van taalverfyning tot op tienjarige ouderdom en selfs later, kan voortduur. Deur middel van taal kan die kind sy innerlike emosionele belewenis aan ander oordra (Blom, 2002:12).

Soos wat die kind die middelkinderjare bereik, beskik hulle volgens Saarni, Mumme en Campos (in Damon & Eisenberg, 1998:260), oor verhoogde kognitiewe vermoëns, taalvaardighede en fisiese koördinasie. Hul uitgebreide sosiale terrein bied talle geleenthede vir emosionele kommunikasie met ander. Die kind se emosionele kommunikasie kan ondersoek word deur te fokus op bevoegdhede wat die kind benodig om effektiewe emosionele kommunikasie te onderneem.

Laasgenoemde skrywer noem dat hierdie bevoegdhede die volgende insluit:

- Bewustheid van die eie emosionele toestand, sowel as die emosionele toestand van ander.
- Vaardighede ten opsigte van sub-kulturele emosionele konsepte waarin emosies met ander sosiale rolle geïntegreer word.
- Simpatieke reaksie op ander se emosionele ellende.
- ’n Praktiese kennis van hoe om emosionele uitdrukking in sosiale situasies strategies te gebruik.

Verskille in die taalontwikkeling van seuns en dogters kan aldus Blom (2002:14) waargeneem word en dit speel ook 'n rol ten opsigte van die bestuur van emosies. Sy noem dat dogters se taalontwikkeling normaalweg vinniger plaas-vind as dié van seuns. Blom kom tot die gevolgtrekking dat dogters, op 'n jonger

ouderdom as seuns, oor verbale vaardighede vir emosionele bestuur en beheer beskik; terwyl seuns by ’n gebrek aan die verbale vermoëns, moontlik eerder van gedrag, byvoorbeeld fisiese gevegte, in hul emosionele bestuur gebruik sal maak.

Soos wat die kind in die middelkinderjare inbeweeg, is hy in staat om sowel **emosionele etikette** te identifiseer, as om dit met sy innerlike gevoelens te verbind (Louw, 1990:362). Louw (1990:363-365) bespreek vrees, liefde en aggressie en toon aan hoe hierdie gevoelens in die middelkinderjare verander. Aangesien die kind se sosiale grense gedurende hierdie lewensfase uitbrei, is **vrese** wat as normaal by die kind van die middelkinderjare beskou kan word, vrese wat verband hou met: akademiese prestasie, onderwysers, vriende en die dood van hul ouers (Beale & Baskin, in Louw, 1990:363).

Dit is die navorser se ervaring dat die kind se vrese in die middelkinderjare meer realisties begin word, omdat hy homself toenemend met ander kinders by die skool vergelyk en egosentrisme afneem. Die kind leer gedurende die middelkinderjare dat **liefde** nie net op 'n fisieke manier uitgedruk kan word nie, maar ook byvoorbeeld deur mededeelsaamheid en kommunikasie (Turner & Helms, in Louw, 1990:363). Die kind se uitdrukking van liefde word dus meer volwasse, omdat hy 'n egosentriese ingesteldheid behoort te ontgroei en ’n sensitiwiteit vir ander persone ontwikkel (Louw, 1990:363).

Volgens Clarke-Stewart en Friedman (in Louw, 1990:364), begin kinders tydens die middelkinderjare om direkte **aggressie** teenoor ander te rig, met die primêre doel om hulle seer te maak. Oaklander (1988:208-209) is van mening dat kulturele houdings die hantering van woede beïnvloed, omdat kinders geleer word dat dit sleg is om kwaad te word en hulle dus ’n tweesydige boodskap ontvang. Die gevolg hiervan, aldus die skrywer, is dat die kind vanaf ’n vroeë ouderdom reeds leer om woede te onderdruk en dan skuldig of skaam voel.

Alle kinders behoort die vermoë te ontwikkel om hul emosies te reguleer. Dit is 'n taak wat vereis dat die kind monitering aanleer ten opsigte van die aanpassing van die intensiteit en konteks van beide interne emosies en die eksterne uitdrukking daarvan, te evalueer. Die hoofontwikkelingstaak word geleidelik bemeester. Sommige jong kinders sukkel meer as ander in die regulering van hulle reaksies volgens Weinberg *et al*. en Williams *et al*. (in Wicks-Nelson & Israel, 2003:37). Die navorser beoog met die bordspel om te bepaal of die kind hierdie ontwikkelingstaak bemeester het en tot watter mate bemeestering plaasgevind het.

Die kognitiewe ontwikkelingsaspekte waarna verwys is, het 'n invloed op die kind se emosionele ontwikkeling. Dit word kortliks in verband gebring om sodoende 'n dee te kry waaroor die laerskoolkind beskik, wanneer emosionele intelligensie en ontwikkeling ter sprake is. Berk (2003:476) bevestig juis dat emosionele ontwikkeling ook die **kognitiewe** omvat en koppel die emosionele dimensie aan moraliteit wat besluitneming en gedrag rig. Emosies speel vanuit die Gestaltbenadering 'n belangrike rol, aldus Blom (2004:133-138). Gedrag of besluite wat as gevolg van emosies, sonder ’n kognitiewe bydrae, ontstaan gewoonlik nie die beste is nie. Dit kan die navorser help met die assessering in die gebruik van die bordspel.

Laerskoolkinders verkeer, volgens Piaget (in Owens, 2002:414), in die konkreet-operasionele denkperiode. Hulle benut 'n sekere kognitiewe skema in hul denke, maar slegs indien voorwerpe konkreet teenwoordig is en hulle dit dus kan sien. Probleemoplossingsvaardighede is tydens hierdie stadium beperk tot dit wat hulle op 'n konkrete of sigbare wyse van hulleself kan voorstel. Die kind leer dus deur dit wat hy doen prakties te beleef en emosionele aspekte konkreet en visueel, dus op ’n sigbare manier, aangebied word; (Blom, 2002:3). Die voorskoolse kind identifiseer dus emosies deur veral te fokus op dit wat hy konkreet kan sien, soos gesigsuitdrukkings en liggaamshoudings. Interessante gegewens oor die primêre skoolkind is dat hy toenemend in staat is om op meer as een

aspek met betrekking tot emosionele inligting te fokus, soos om bewus te wees van die fisiologiese veranderinge in sy liggaam, wat met die belewenis van emosie gepaard gaan, asook sy denke oor dit wat gebeur, aldus Blom (2002:5).

Die kind se toenemende vaardigheid tot **desentrasie** vind aansluiting by die vaardighede waaroor die kind behoort te beskik, ten einde selfbewussyn te bekom, asook vaardighede ten opsigte van empatie (Blom, 2002:4-5). Hierdie selfbewussyn, volgens die bogenoemde skrywer, benut die kind dus om toenemende interne en eksterne inligting te bekom, sodat hy emosionele inligting kan waarneem en interpreteer. Sensoriese stimulasie kan aldus die navorser hierby aansluit, omdat dit eksterne inligting is wat die kind ontvang, wat hom meer bewus maak en in kontak met sy emosies bring.

Skoolgaande kinders kan aldus Blom (2002:7), begrip begin ontwikkel, dat ’n emosie kan voortbestaan, al is die aanleidende faktore nie meer aanwesig nie of al word hy blootgestel aan gebeure wat 'n positiewe emosie kan ontlok. Laasgenoemde skrywer illustreer hierdie gedagte aan die hand van die volgende voorbeeld: 'n kind wat byvoorbeeld die oggend hartseer was oor sy troeteldier se dood, sal teen die middag by ’n kinderpartytjie, steeds hartseer voel. Sy skryf dit daaraan toe dat daar 'n ontwikkelingsverwante vordering ten opsigte van die kind se vermoë om die oorsaak van sy emosie te begryp plaasvind, wanneer die emosie nie direk veroorsaak is deur huidige gebeure nie, of wanneer iemand byvoorbeeld kwaad is as gevolg van vroeëre gebeure (Blom, 2002:7). Die laerskoolkind is dus in staat om die verband tussen 'n huidige emosie en vroeëre gebeure te begryp (Blom, 2002:8).

Gedurende spelterapie met die kind, is emosionele ontwikkeling en die waarneming van die kind se emosionele ervarings en herkenning belangrik, omdat dit 'n belangrike aanduiding is van die aard van die kind se proses, aldus Blom (2004:137). Die manier waarop kinders hulle gevoelens uitdruk, staan in verband met hulle proses en word dikwels uitgedruk in hulle gedrag, eerder as

om dit te verbaliseer. Kinders is dus geneig om hulle negatiewe emosies te onderdruk, wat gewoonlik in hulle gedrag weerspieël word (Blom, 2004:138). Die spelterapeut moet dus daarteen waak om té gou 'n gevolgtrekking te maak wanneer dit kom by die verbalisering of erkenning van sekere negatiewe emosies. Dit kan maklik gekoppel word aan 'n agterstand in sy ontwikkeling. Sosiale rolle en die kind se omgewing en kultuur word nie voldoende in ag geneem nie, omdat dit soms kan lei tot die onderdrukking van emosies. Dit is dus belangrik om bogenoemde in ag te neem en weer daarop te wys dat 'n kind in die middelkinderjare, oor die vaardighede beskik om emosies te onderdruk, weg te steek en te beheer. Schoeman (1996:88) noem in terme hiervan dat gevoelens nie altyd in die terapeutiese milieu geverbaliseer word nie, omdat dit onderdruk word uit respek vir die samelewing. Schoeman (1996:172) kom tot die gevolgtrekking dat waar 'n kind as aggressief waargeneem word, dit nie noodwendig die gedrag is wat afwykend is nie, maar eerder hoe die kind die gedrag sien en verstaan, wat kan bydra tot ’n ontwikkelingsagterstand of -terugstand.

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat emosionele ontwikkeling beïnvloed word deur verskeie aspekte, onder andere sosiale reëls en rolle, ander se gevoelens en optrede, die kind se gevoelens oor homself, sy kognitiewe denke en ook die kind se kulturele omstandighede. Dit is dus noodsaaklik dat die spelterapeut hierdie aspekte in ag neem wanneer die kind emosioneel geassesseer word.

2.4 SAMEVATTING

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat gedurende die middelkinderjare die kind baie ontwikkel ten opsigte van sy liggaam; kognisie; sosiale vaardighede en verhoudings en emosies. Die kind begin dus, soos wat hy leer om hierdie take te bemeester, meer na selfsteun beweeg. Hierdie vermoëns waaroor die kind beskik beïnvloed mekaar en ook die kind se optrede. Om hierdie rede neem die terapeut nie net die kind se ontwikkeling in ag tydens

assessering nie, maar dien dit ook as 'n raamwerk waarvolgens die kind geassesseer kan word.

Die vertrekpunt vanuit die Gestaltteorie is dat die geheel groter is as sy dele en die kind as 'n holistiese individu aangespreek word. Vervolgens word belangrike Gestaltterapeutiese beginsels kortliks bespreek waarop gefokus word in Gestaltspelterapie en veral tydens assesseering. Die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel word ook kortliks uitgelig wat 'n goeie basis bied vir die assessering van die kind.

HOOFSTUK 3

SPEL EN SPELTERAPIE: 'N GESTALT-PERSPEKTIEF

3.1 INLEIDING

Die Gestaltbenadering is, volgens Aronstam (1989:630), deur verskeie teoretiese modelle beïnvloed wat aan die benutting hiervan 'n unieke karakter gee. Die middelkinderjare is vanuit die Gestaltbenadering bestudeer en vir assessering deur middel van spel, met die oog op hulpverlening, is die Gestaltspelterapeutiese proses van naderby bekyk. Meer spesifiek is Schoeman (2002:12) se terapeutiese proses (Bylaag A) vir die doeleindes van hierdie navorsing gekies.

Die fokus van hierdie hoofstuk is om duidelikheid te verkry oor sowel assessering vanuit die Gestaltspelterapeutiese benadering as spel en om aan te toon hoe dit aanklank vind in die kind se ontwikkeling. Verder sal die verskillende vorme van spel wat in die terapeutiese proses gebruik kan word, asook die eerste drie aspekte van die terapeutiese proses van die Schoeman-werksmodel, in hierdie hoofstuk uitgelig word. Alhoewel 'n nasionale en internasionale literatuursoektog onderneem is, kon minimale toepaslike inligting rakende assesseringstegnieke en –middele gevind word. As gevolg van die tekort aan inligting, word daar vir die doel van hierdie studie gebruik gemaak van minder resente bronne om inligting rakende spel as kommunikasie-middel en assesseringstegniek, te bekom.

3.2 SPEL, SPELVORME EN SPELTERAPIE

Speel is wat 'n kind die beste kan doen. Deur spelterapie en spelvorme kan die Gestaltspelterapeut die kind se proses en sy wêreld, sowel as hoe hy dit ervaar,

leer ken. Op die wyse kan die probleem wat hy ervaar op 'n gepaste wyse aangespreek word. Spelterapie en die belang van spelvorme word kortliks aan die leser voorgehou. Daar gaan verder verwys word na spel en op watter wyse dit bydra tot die kind se ontwikkeling.

3.2.1 Speel as deel van ontwikkeling

Minder resente bronne toon aan dat spel nog altyd vir die kind belangrik was. Spel speel ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind. Dit word onder andere, deur Landreth (1982:16) bevestig waar hy noem dat spel 'n kind se ontwikkeling, ten opsigte van sy motoriese vaardighede en koördinasie bevorder. Verder leer die kind ook sosiale vaardighede aan wat in die interaksie met ander na vore kom, terwyl hy ook die vermoë aanleer om reëls te volg en daarby te hou. Speel opsigself stimuleer 'n verskeidenheid van interne sensasies wat die kind geleidelik leer om verskeie negatiewe en positiewe emosies te verbind (O'Connor, 2000:8).

Spel is volgens Cattanach (1992:29) die sentrale ervaring van die kind om sin te maak van die wêreld om hom en van sy plek daarin. Volgens Isaacs (in Cattanach 1992:29) is spel die kind se lewe en die manier waarop hy die wêreld waarin hy leef, verstaan. Soos wat die kind groei en ontwikkel, gee hy betekenis aan homself en die fisiese- en sosiale wêreld om hom en is dit deur middel van spel, dat hy homself ontdek. Deur die kind dus toe te laat om vryelik te speel, kan hy meer bewus raak van homself en sy wêreld en dit sodoende beter verstaan.

West (1996:12) kom tot die gevolgtrekking dat spel die kind help om:

- fisiese vaardighede te ontwikkel.
- uit te vind wat 'hy is' en 'nie is nie'.
- verhoudings te verstaan.
- emosies te ervaar en te identifiseer.

- rolle te oefen.
- situasies te ondersoek.
- leer, ontspan en pret te hê.
- bekommernisse uit te druk.
- gevoel van bemeestering te verkry.

West voeg ook by dat spel simboliese kommunikasie is. Volgens die skrywer: “Play acts as a bridge between conscious awareness and emotional experiences. In play, children embrace the numinous, the luminous and the practicalities of daily living.” Oaklander (in West, 1996:13) stel dit dat spel ’n belangrike leer-proses is waardeur die kind meer van sy wêreld leer. Spel is nodig vir die kind se gesonde ontwikkeling. Die skrywer voeg by dat kinders verstandelik, fisies en sosiaal deur spel ontwikkel.

Die kind speel om die volgende redes:

- *Liggaamlike- en kognitiewe ontwikkeling:* Bykans drie dekades gelede meld Goos (in Landreth, 1982:8) dat spel by kinders, wanneer hulle leer om woorde te gebruik en denke te verbind, voorkom en dat spel moontlik die resultaat is van 'n impuls wat die kind aanspoor om die vermoë uit te oefen. Piaget (in Cattanach 1992:33) beskou spel as deel van die hele intellektuele ontwikkeling van die kind en noem dat dit in verband staan met assimilasie en akkommodasie. Dié skrywer noem vervolgens dat assimilasie voorkom wanneer die individu, as 'n resultaat van vorige ervarings, die vermoë het om nuwe elemente of ervarings in sy omgewing te herken en betekenis daaraan te gee. Hy noem ook dat akkommodering plaasvind wanneer die individu, deur dié omgewingsomstandighede waarin hy homself bevind, verander word.
- *Sosiale ontwikkeling:* Sosiale spel gee aan die kind die geleentheid om idees van sy eie identiteit, interaksie met ander, sosiale rolle en die belangrikheid van rolgebonde gedrag te ontwikkel, aldus Piaget (in Landreth, 1982:12). Kinders leer volgens West (1996:13) wêreldwyd en

stig verhoudings deur middel van spel. Volgens die skrywer bied spel aan hulle die geleentheid om emosies en rolle te ondersoek.

- *Emosionele ontwikkeling:* Volgens Piaget (in Landreth, 1982:12) bied individuele spel aan die kind die geleentheid om sy wêreld te manipuleer, sonder die bedreiging van verlies of straf. Nie alleen kan dit hom help om deur sy emosies en probleme te werk nie, maar kan die kind ook iets van die wêreld om hom leer. Vir laasgenoemde skrywer is spel vir die kind die medium waardeur hy sy gevoelens uitdruk, verhoudings ondersoek en vervulling van die self ontvang. As die kind die geleentheid kry, sal hy sy gevoelens en behoeftes uitspeel. Dit is deur spel dat die kind leer om emosies te herken, benoem, verstaan en uit te druk (O'Connor 2000:9). Volgens Landreth (1982:45) verteenwoordig speelgoed en spel die woorde van die kind en sekere gekose spelitems kan aan die kind die geleentheid bied om die emosies en probleme wat hy ervaar, uit te speel. Die kind mag dit moeilik vind om oor sy gevoelens en hoe dit hom affekteer, te praat. Wanneer die kind in die teenwoordigheid van 'n sensitiewe, empatiese en besorgde volwassene is, sal hy sy gevoelens openbaar, deur middel van die speelgoed wat hy kies, wat hy daarmee doen en die storie wat hy vertel.
- *Selfkonsep:* Volgens Landreth (1982:11) het alle speletjies met reëls 'n invloed op die persoonlikheidsontwikkeling. Die speler moet leer om 'n reël na te kom – ook in situasies waar sy onmiddellike impuls op hom druk sal uitoefen om anders op te tree. Volgens Loentiev (in Landreth, 1982:11) is die bemeestering van reëls ook die bemeestering van jou gedrag, om te leer om gedrag te reguleer en om by 'n gegewe taak te hou.

Volgens Axline (in Landreth, 1982:10) is spelterapie gebaseer op die feit dat spel die kind se natuurlike medium van selfuitdrukking is. Dit is die geleentheid vir die kind om sy gevoelens en probleme uit te speel. Wanneer die kind spontaan speel, druk hy sy persoonlikheid uit en laat hy gevoelens spontaan tot uiting kom, sonder die bekommernis van sosiale druk of kritiek. Die gevolgtrekking kan dus

gemaak word dat wanneer die kind in 'n terapeutiese verhouding gemaklik voel, hy sy proses ten volle kan uitdruk en homself daardeur beter leer ken.
Roberts, Arth en Bush (in Landreth, 1982:13) groepeer speletjies in drie groepe, naamlik:

- die speletjies met sosiale vaardighede, waarin selfvertroue geleer word;
- speletjies met strategie, waarin sosiale rolle aangeleer word en
- speletjies met kanse, waarin verantwoordelikheid en prestasie geleer word.

Uit die literatuur is dit duidelik dat spel nie net 'n belangrike rol speel ten opsigte van die kind se ontwikkeling nie, maar ook noodsaaklik is en geleenthede bied vir hierdie ontwikkeling om plaas te vind. Spel bied ook aan die kind die geleentheid om homself uit te druk en om gedrag te toets, sonder dat hy gekritiseer hoef te word. Deur die kind toe te laat om te speel en deel te neem aan die spel, skep dit 'n goeie omgewing vir die stig van die terapeutiese verhouding en gee dit die spelterapeut 'n kans om keuses aan die kind te stel. Volgens die navorser, kan die waarneming van die kind wat vryelik speel, bruikbare inligting aan die spelterapeut verskaf vir sowel die ontdekking van die kind se proses, as watter ontwikkelingstake hy reeds bemeester het.

3.2.2 Spelvorme

Spel is die belangrikste aktiwiteit wat die terapeut vanuit hierdie studie benut vir die samestelling van die Gestalt-assesseringshulpmiddel. Die kind sal dus deur spel geassesseer word. Slegs die spelvorme, naamlik ontspanning-, assessering- en bibliospel (soos deur Van der Merwe, 1996:12 uiteengesit), en waarvan daar vir die doel van hierdie studie gebruik gemaak is, word vervolgens kortliks beskryf.

Ontspanningspel se doel is om die spanning van die kind te verminder en hom bereid te verklaar tot terapie en die stigting van 'n terapeutiese verhouding.

Algemene materiaal wat gebruik word, is musiekinstrumente, legkaarte, diere, speletjies en vingerverf (Van der Merwe, 1996:77). Volgens O'Connor (2000:8) is spel opsigself 'n vorm van ontspanning en bied dit 'n geleentheid vir die kind om sy energie te verbruik. West (1996:13) noem: "Play can reduce frightening and traumatic events; it may relieve anxiety and tension; it can aid relaxation, amusement, enjoyment." Volgens Blom (2004:227-8) word ontspanningspel gebruik om die terapeutiese verhouding met die kind te stig en om 'n atmosfeer te skep wat voordelig is vir terapeutiese insette. Die skrywer voeg by dat gedurende die eerste fase van die Gestaltterapeutiese proses, die spel-aktiwiteite en -tegnieke gebruik word om die kind die geleentheid te bied om die speelkamer en die terapeutiese situasie te leer ken. Die spelterapeut kry kans om die struktuur en reëls van die speelkamer aan die kind te verduidelik, sodat hy weet wat van hom verwag word. Dit laat die kind toe om te ontspan en op sy gemak te voel om te kommunikeer en 'n vriendskapsverhouding met die Gestaltspelterapeut tot stand te bring.

Assesseringspel word gebruik om die kind se vaardighede, fases van ontwikkeling, gevoelstaal, ander verbale vaardighede en sy bemeestering van sy omgewing te ondersoek (Van der Merwe, 1996:98). Die skrywer noem ook dat assesseringspel vir die waarneming van die kind se kognitiewe-, perseptuele-, emosionele- en kulturele agtergrond, gedrag en motivering nodig is. Verskeie hulpmiddels, speletjies en terapeutiese speelgoed word volgens Blom (2004:228) gebruik. Professionele persone skryf verslae en diagnoseer die kind, maar Oaklander (1988:187) begin met die kind waar hy is – ongeag haar eie diagnose of wat sy van hom gehoor of gelees het. Die gevolgtrekking wat dus gemaak kan word, is dat die Gestaltspelterapeut assesseringspel kan benut om die kind se proses te ontdek, waartydens die kind ook bewus raak van sy proses. Die inligting wat die spelterapeut aangaande die kind se unieke proses verkry, help haar dan om besluite te neem ten opsigte van die beplanning van die terapeutiese intervensie.

Bibliospel lei tot die ontwikkeling van insig en die werking deur gevoelens. Die materiaal wat gebruik kan word, is onder andere boeke, tydskrifte, dagboeke, kameras, papier, kalenders en kaarte (Van der Merwe, 1996:108-110). Biblioterapie bied volgens Blom (2004:229) onbeperkte geleenthede wat kreatief deur beide die terapeut en die kind in Gestaltspelterapie gebruik kan word. Volgens Burt, Crompton, Smith, Howie, Porter, Thompson, Rudolph, Pardeck en Pardeck (in Van der Merwe, 1996:109), hou bibliospel die volgende voordele in:

- Dit lei tot die ontwikkeling van insig.
- Motiveer die verbalisering van probleme.
- Dien as indirekte kommunikasiemedium tussen die terapeut en die kinderkliënt.
- Verhoog die vertroue in die terapeutiese verhouding om hom ten opsigte van terapie te motiveer.
- Gevoel van isolasie word verminder, omdat die kind besef dat ander ook soortgelyke probleme ondervind het.
- 'n Duideliker perspektief kan aangaande die probleem gemaak word.
- Dit bied alternatiewe probleemoplossingsmeganismes.
- Bied moontlike, nuwe gedragspatrone.
- Het voorkomende waarde.
- Bied 'n geleentheid vir 'n emosionele uitlaatklep.
- Leer die kind emosionele taal om sy gevoelens te verbaliseer. Dit bied aan die kind die geleentheid om homself van sy eie emosies en sy probleme te distansieer.

Dit blyk dus duidelik dat die gebruik van bibliospel vir die Gestaltspelterapeut ’n duidelike beeld van die kind se probleem en hoe hy dit ervaar, sal kan gee.

Die bordspel sluit, aldus die navorser, aan by die doelwitte van assesseringspel, naamlik om die proses van die kind te assesseer. Dit wil voorkom asof daar van alle vorme van spel, tydens terapeutiese spel met die kind, gebruik gemaak kan word. Die bordspel as ’n Gestalt-assesseringshulpmiddel, se hoofdoel sal wees

om die kind se proses te assesseer en te leer ken. Daar sal egter tydens die bordspel gebruik gemaak word van ontspanningspel deur musiek en sensoriese stimulasie om die kind veilig te laat voel, voordat die terapeut die kind sal leer ken. Die kind moet op sý beurt die geleentheid gegee word, om die terapeut te vertrou.

3.2.3 Spelterapie

Axline (in Landreth, 1982:47) definieer spelterapie as 'n ervaring van spel wat terapeuties van aard is, omdat dit 'n veilige verhouding tussen die kind en die volwassene skep. Die skrywer noem dat die kind die vryheid en ruimte het om homself soos wat hy op die huidige oomblik sy omstandighede beleef, uit te leef. Spelterapie het volgens Webb (1999:29) metodes aangepas en moontlikhede geskep om die kind se wêreld te akkommodeer deur spel as medium te gebruik, asook 'n manier vir die kind om simbolies te kommunikeer. Die kind raak terapeuties betrokke by 'n volwassene wat sy simboliese eksterne wêreld word – die gehoor voor wie hy sy mees innerlike emosies en houdings uitspeel (Axline in Landreth, 1982:47). Vanuit dié milieu is dit dus belangrik dat daar, soos wat reeds beklemtoon is, 'n vertrouensverhouding tussen die kind en die terapeut bestaan, voordat hy homself ten volle in spel sal uitdruk.

Wanneer die vertrouensverhouding tussen die kind en die terapeut bestaan, kan spelterapie ten volle benut word om die kind behulpsaam te wees om sy ongemak te hanteer. West (1996:15) beskryf spelterapie as volg: “When we talk about play therapy we imply a holistic approach, using play as a means of ‘helping’, in a non-invasive way, the physical, spiritual, emotional and cognitive aspects, both conscious and unconscious, taking account of the past, present and future of the ‘whole’ child. Enzer (in Webb, 1999:30) is van mening dat spelterapie die interaksie tussen 'n opgeleide volwassene en 'n kind is. Die kind is op soek na verligting van sy emosionele ellende en spel kan as hulpmiddel dien vir die kind om sy emosies uit te druk. Volgens Webb (1999:32) skep die

terapeutiese verhouding vir die kind 'n veilige omgewing om sy self deur middel van sy spel, uit te toets. Tydens Gestaltspelterapie bring dit nie net verligting vir die kind nie, maar verwyder dit ook aspekte wat kan inmeng met die kind se voortdurende ontwikkeling, sodat sy toekomstige groei sonder ongemak of agterstand kan plaasvind.

Die primêre doel van spelterapie, is volgens Webb (1999:32), om aan kinders die geleentheid te bied om hul konflik en angs uit te druk, deur gebruik te maak van spel, binne die konteks van die terapeutiese verhouding. Axline (in Landreth, 1982:47) voeg by dat die kind in hierdie verhouding leer om homself en ander beter te verstaan. Reid (in Webb, 1999:30) maak die aanname dat die kind sy emosies sal uitdruk deur van spel as metafoor gebruik te maak. Lampert (2003:11-12) noem dat wanneer die terapeut die kind die geleentheid bied om homself, op sy eie manier ten volle uit te druk, dit hom help om homself met gemak te aanvaar en homself as 'n waardige persoon te beskou. Deur dit te doen, leer hy homself beter ken en daardeur verhoog sy selfkennis om homself as holistiese wese op 'n meer gepaste manier aan te wend.

Volgens Freud (in Landreth, 1982:9) word speletjies wat die kind opmaak, gesien as die ego se poging om traumatiese gebeure wat die kind vroeër in sy lewe ervaar het, aktief te herhaal en om sodoende beheer daaroor te verkry. Hy voeg by dat elke keer wat die kind hierdie speletjie herhaal, dit die bemeestering waarna die kind op soek is, versterk. Axline (in Landreth, 1982:48) noem “Once he experiences the power and satisfaction of so stating himself and of assuming ownership of that self, he reveals in the thrill of his being. This is the self of which he was before only vaguely aware. This is the self that had been cowering in the shadows of subdued living, fighting for acceptance. And this final joy of stating his self openly and freely is an exhilarating experience.” Volgens Lampert (2003:73) is spel die kind se natuurlike vorm van uitdrukking. As terapeutiese tegniek, verskaf spel die geleentheid aan die kind om te ontwikkel en om bewus

te raak van ongemak wat hy mag ervaar en om dit dan onder die mees natuurlike omstandighede uit die weg te ruim.

Opsommend kan spelterapie gesien word as 'n natuurlike proses wat bewussyn, groei en ontwikkeling vanuit die terapeutiese verhouding met die kind bring en die geleentheid vir hom skep om homself te vind en ten volle uit te druk.

3.3 GESTALTSPELTERAPEUTIESE BENADERING

Gestaltspelterapie is 'n uitvloeisel vanuit Gestaltterapie en om hierdie rede geld alle beginsels, wat tydens dié afdeling bespreek word vanuit Gestaltterapie ook vir Gestaltspelterapie. Gestaltterapie is gebaseer op ‘n aantal beginsels wat fokus op die wyse hoe die mens in sy totaliteit beskou word. Aangesien die Gestaltspelterapeut die kind in sy totaliteit wil assesseer, is dit belangrik om die beginsels te identifiseer en te bespreek. Hierdie beginsels is ook bepalend in die hulpverleningsproses en het gelei tot 'n aantal tegnieke wat uniek is aan Gestaltterapie. Om meer duidelikheid te verkry aangaande die Gestaltbegrippe wat voortdurend in hierdie studie gebruik sal word, word die belangrikstes vervolgens kortliks bespreek.

Blom (2004:5) is van mening dat Gestaltspelterapie beskou kan word as 'n psigoterapeutiese tegniek wat die beginsels en tegnieke van Gestaltterapie in ag neem gedurende spelterapie met die kind. Oaklander (1992:64) beskryf **Gestaltspelterapie** deur daarop te wys dat ‘n hoeveelheid teoretiese beginsels van Gestaltterapie onder andere 'n verhouding, organismiese self-regulasie, kontak, bewustheid, ervarings en weerstand direk in verhouding staan en teenwoordig is gedurende terapeutiese werk met kinders.

In Gestaltspelterapie - en gedurende assessering - word die kind in sy geheel waargeneem. In die klassieke werke van Perls (1973:15) beskou hy die beginsel van **holisme** as “…the concept of the unified field… in psychotherapy, this

concept gives us a tool for dealing with the whole man." Dit lyk dus volgens hierdie siening asof holisme verwys na die mens in sy geheel en totaliteit. Yontef en Jacobs (2000:304) glo dat die meeste humanistiese persoonlikheidsteorieë holisties is. Dit impliseer dat mense selfregulerend is, dat hulle groei-georiënteerd is en dat mense en hul simptomatiese gedrag nie sonder hul omgewing, begryp kan word nie..

In die klassieke werke van Perls, Hefferline en Goodman (1951:xi-xii) beweer hy: "… the whole determines the parts …the whole is merely the total sum of its elements. Only the interplay of organism and environment constitutes the psychological situation, not the organism and environment taken separately." Dit is duidelik dat die kind nie in afsondering waargeneem kan word nie, maar in verhouding met sy omgewing, sodat dit wat hy as 'n probleem ervaar, in sy geheel aangespreek kan word, aangesien dit sy totaliteit beïnvloed. Volgens Blom (2004:10), is die somtotaal van die kind se fisiese, emosionele en spirituele aspekte, taal, denke en gedrag meer as sy komponente. Die mens is dus meer as die dele waaruit hy bestaan - alles om en in die mens vorm saam die self in totaliteit. Daarom is dit ook belangrik dat in die assessering van die kind, die kind as 'n holistiese entiteit waargeneem word.

In die klassieke werke van Perls (1973:5) beskou hy **homeostase** as die proses waardeur die organisme sy ekwilibrium handhaaf en dus sy gesondheid, onder veranderende omstandighede behou. Serok (2000:18) verwoord dit as volg: "homeostasis and balance mean that the elements in any situation are organized in one whole formation, or gestalt. This clear and organized formation makes it possible to relate fully to reality and to other people." Die navorser is van mening dat die kind voortdurend in verskillende omstandighede aanpas deur sy behoeftes te bevredig en so probeer om 'n balans te bereik.

Volgens Blom (2004:11) impliseer die konsep van homeostase en **selfregulering** dat die kind aanhoudend verskillende behoeftes soos fisiese, emosionele,

sosiale, spirituele of intellektuele behoeftes ervaar. Volgens die skrywer veroorsaak die behoeftes ongemak, totdat die kind hierdie behoeftes bevredig en hy so homeostase bereik. Pervin en John (1999:552) definieer die proses van selfregulering as die proses waar die persoon bewus word van die behoefte wat hy ervaar of 'n individu se poging om 'n begeerde toestand in sy lewe te onderhou. Vir Barone, Maddur en Snyder, (1997:277) is selfregulering hoe die mens sy eie gedrag, kognisie en gevoelens in verband met sy doel reguleer. Dit blyk uit die inligting dat organismiese selfregulering 'n natuurlike proses is waarin die kind beweeg om 'n balans te verkry in die bevrediging van sy eie behoeftes.

Onvoltooidhede belemmer die mens se heel-wees en funksionering in totaliteit en Phillippson (1998:76) noem na aanleiding hiervan dat dit die mens se vermoë om volledig kontak te maak, belemmer. Hy noem dat kontak belemmer word, omdat dit die energie en aandag van huidige kontak ontneem. Mackewn (1997:24) is van mening dat onvoltooidhede kan lei tot neuroses en dat dit die persoon se funksionering en emosionele groei kan versteur. Onvoltooidhede kan dus ongemak verskaf en hou direk verband met die voltooiing van die Gestalt, met ander woorde die bereiking van homeostase. As 'n mens onopgeloste ervarings het, is die Gestalt nie voltooi nie en kan ‘n balans nie bereik word nie. Die onopgeloste situasies lei tot probleme en word met behulp van die hier-en-nou en bewustheidsbeginsels hanteer (vergelyk Clarkson, 1989:7, 42-47; Blom, 2004:12, 53 en Thompson & Rudolph, 1996:144).

Blom (2004:59) beskou **verantwoordelikheid** as die belangrikste komponent van die Gestaltterapeutiese verhouding. Die skrywer noem ook dat beide die terapeut en die kind verantwoordelik is vir hulself, hul eie ervarings, keuses en gedrag. Oaklander (1992:70) noem dat die eerste terapeutiese sessie reeds 'n belangrike rol speel in die kind se neem van verantwoordelikheid. Sy noem dat die manier waarop die terapeut kontak met die kind maak, die kind se verantwoordelikheidsgevoel kan beïnvloed. Elke individu is verantwoordelik vir homself in sy totaliteit en dit sluit ook alles wat hy doen in (Perls in Clarkson,

1989:24). Volgens die navorser is dit ook nodig dat die verantwoordelikheid sal strek tot eienaarskap waarvolgens die individu alles wat hy doen, sal besit.

Blom (2004:51) noem dat een van die doelwitte van Gestaltterapie is om die kind te leer om meer selfverantwoordelik te wees en om minder ondersteuning van die omgewing te verwag, sodat hy kan ontwikkel in 'n emosioneel gesonde volwassene. **Selfondersteuning** hou verband met volwassewording, aldus Aronstam (1989:639), wat noem dat die individu in hierdie proses van omgewingsteun tot selfsteun beweeg. Volgens Yontef (1993:26) sluit selfondersteuning beide selfkennis en selfaanvaarding in. Oaklander (1997:152) beklemtoon dat hierdie aspekte belangrik is vir die versterking van die self en dat dit die kern van haar werk met kinders vorm. Uit die literatuur is dit duidelik dat selfondersteuning benodig word om behoeftes te bevredig en homeostase te bereik. Vir 'n gesonde lewe, is dit die wyse waarop bewustheid van die mens in sy totaliteit, omgeskakel word in selfondersteuning en die benutting van sy omgewing.

Vanuit die literatuur blyk dit tydens Gestaltspelterapie dat die kind bewus gemaak word van sy proses, sodat hy sy behoeftes of onvoltooidhede kan ervaar. In die bewuswording daarvan, poog hy om 'n gepaste manier, wat sy unieke proses en omstandighede akkommodeer, te vind om sy behoeftes te bevredig. Deur hierdie proses erken die kind sy verantwoordelikheid en besef hy dat hy keuses het ten opsigte van sy gedrag. Dit lei tot selfsteun en gesonde, emosionele funksionering. Die kind streef dus voortdurend na die bereiking van 'n balans en homeostase.

Kontak verwys volgens Yontef en Jacobs (2000:305), na: “being in touch with what is emerging here and now, moment to moment.” Oaklander (1999:163) meld dat effektiewe kontak beskou kan word as die kind se vermoë om kontak te maak met die omgewing. Kontak vind plaas deur die gebruik van die individu se sintuie, bewustheid en effektiewe lyftaal. Kontak is die vermoë van die kind om

sy emosies effektief uit te druk en die gebruik van sy intellek as die vermoë om sy idees, denke en behoeftes, in verskeie aspekte, uit te druk. Clarkson (1989:34) is van mening dat die kwaliteit van kontak die verskil in terapie maak. Volgens Perls *et al.* (1951:viii) kan kontak plaasvind sonder bewustheid, maar bewustheid kan nie sonder kontak plaasvind nie. Die mens funksioneer as 'n eenheid, maar kan nie sonder sy omgewing bestaan nie en is voortdurend in kontak daarmee.

Bewustheid vorm die kern van Gestaltterapie. Byna alle aktiwiteite in Gestaltterapie behels direkte bewustheid. Direkte ervaring word in die Gestalterapie gebruik as primêre hulpmiddel, omdat die fokus altyd op die hier-en-nou is (Yontef en Jacobs, 2000:321). Volle bewustheid, volgens Yontef (1993:139), is die proses om bewustelik in kontak te wees met die belangrikste gebeure in die individuele omgewingsveld. Volgens hierdie skrywer, sluit dit die volle ondersteuning van die sensories-motoriese; emosionele; kognitiewe en voldoende energie in. Laasgenoemde skrywer voeg ook by dat effektiewe bewustheid nie net selfkennis insluit nie, maar ook die direkte bewustheid van die huidige situasie en hoe die self in daardie situasie voorkom. Sinay (1998:89) definieer bewustheid as volg: “a deliberate consciousness about what is happening (physical, sensation, feelings, imagination) ‘to me’ and what is happening in the environment I am integrated in”.

Volgens Lampert (2003:10) kom bewustheid in kinders anders voor as by volwassenes. Sy noem dat kinders hul bewustheid uitdruk deur stories, sand-tonele en spel, sodat hulle op 'n veilige manier weer in aanraking kan kom met hul afgeslote liggaamsbewustheid. Volgens Blom (2004:58) speel die terapeut 'n belangrike rol ten opsigte van die aanhoudende bevordering van die kind se bewustheid in die hier-en-nou, tot wanneer aandag gegee word aan emosies en onvoltooidhede in die verlede. Dit is duidelik dat in Gestaltterapie daar nie na bewustheid verwys kan word sonder dat die hier-en-nou-beginsel ter sprake kom nie, aangesien dit fokus op bewustheid wat in die nou plaasvind.

In Gestaltterapie word daar deurentyd gefokus op die **hier-en-nou**. Yontef in Clarkson (1989:24) omskryf dit as volg, "…refers to the whole person environment field at any particular moment, including fantasies and plans about the future and memories and experiences about the past, relived in the freshness of the now." Volgens Aronstam (1989:639-640) stel die terapeut belang in die wyse waarop onvoltooidhede die kind op die huidige oomblik beïnvloed. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die individu se ervarings, denke en beplanning herlei kan word na die hede. Dit wil impliseer dat die hede, verlede en toekoms wel relevant is, maar in die hede hanteer word.

Die Schoeman-werksmodel (2002:12) is saamgestel om te fokus op kernbeginsels vanuit Gestaltspelterapie. Hierdie model word vervolgens kortliks bespreek.

3.4 DIE SCHOEMAN-WERKSMODEL

Die Schoeman-werksmodel (2002:12) (Bylaag A) bied aan die spelterapeut 'n raamwerk waarvolgens hy terapeuties te werk kan gaan. Die raamwerk word in sewe aspekte uiteengesit, sodat die terapeut elke fase as 'n doelstelling kan formuleer. Vir die doel van hierdie beperkte navorsing van omvang, word op die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel gefokus. Dié drie aspekte omsluit die terapeutiese verhouding, sensoriese stimulasie en die ontdekking van die kind se proses. Aangesien die drie aspekte van die Schoeman-werksmodel geneig is om meer voor te kom tydens die beginfases van terapie, is dit as nuttige model vir aanvanklike assessering beskou.

3.4.1 Die terapeutiese verhouding

Volgens Oaklander (1997:293) en Blom (2004:54) word die terapeutiese verhouding as die mees fundamentele aspek van die terapeutiese proses beskou. Oaklander en Blom huldig albei die mening dat terapie sonder die tera-

peutiese verhouding nutteloos is. Dit is die mening van die navorser dat die terapeutiese verhouding die basis vorm vir groei en ontwikkeling en baie belangrik, dat dit ook 'n vertrouensverhouding met die kind teweegbring.

Die fokus van die eerste paar sessies gedurende Gestaltspelterapie, is volgens Oaklander (1992:70) en Blom (2004:54) hoofsaaklik die stig van ’n terapeutiese verhouding. Kottman (1995:49) is van mening dat die hoofrol van die speltera-peut, gedurende die eerste paar sessies, nie net die stigting van die verhouding is nie, maar ook om die kind se respek en vertroue te wen deur konsekwent, verdraagsaam en respekterend op te tree. Die navorser beoog om deur middel van die gebruikmaking van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, naamlik 'n bordspel, 'n terapeutiese verhouding met die kind te stig. Dit impliseer dat die bordspel moontlik reeds in die eerste of tweede sessie gebruik kan word.

Volgens Landreth (1991) en Axline (1969) beskik die kind oor die vermoë om in die terapeutiese verhouding fisiese, kognitiewe, emosionele, sosiale en spirituele ontwikkelingskwessies te hanteer. Gardner (in Van der Merwe, 1996:22) noem verskeie redes waarom 'n goeie terapeutiese verhouding nodig is, naamlik dat:

- dit vir die kind moontlik is om op 'n dieper vlak met die terapeut te kommunikeer;
- die kind se identifisering met die terapeut verhoog word;
- die waarde hiervan die kind sal motiveer om die frustrasies wat met terapeutiese verandering gepaard gaan, te hanteer;
- dit die kind kan motiveer om meer betrokke te raak in ander gesonde, korrektiewe emosionele ervarings; en
- hom in staat stel om te streef na verdere terapeutiese groei, soos byvoorbeeld die ontwikkeling van sy selfbeeld.

Volgens Schoeman (1996:30) is dit nodig om eers die kind se maatjie (of in professionele terme: sy vertroueling) te word om 'n verhouding met hom te stig. Dit sal, volgens laasgenoemde skrywer, dit vir die kind makliker maak om sy

diepste gevoelens te deel, sonder dat hy vrees vir veroordeling sal ervaar. Die terapeut moet 'n warm en versorgende verhouding met die kind bou en hom ten volle aanvaar (Axline, 1969). Kottman (1995:49) noem dat die terapeutiese verhouding uit gelyke vertroue en respek groei. Laasgenoemde skrywer noem ook dat in hierdie gelyke vennootskap die kind en die terapeut die verantwoordelikhede en beheer in die terapeutiese sessies moet deel. Vanuit dié beginsel, blyk dit dat daar tussen die spelterapeut en die kind in Gestaltspel-terapie, 'n gelyke verhouding behoort te wees, waar die spelterapeut ook aan aktiwiteite deelneem. Die bordspel sal daarom kan dien as 'n middel waarin die terapeut in onmiddellike interaksie met die kind kan verkeer. Dit behoort vir die kind 'n aangename ervaring te wees. Indien die terapeut dus ook deelneem aan die aktiwiteite van die bordspel, behoort dit nie deur die kind as bedreigend beleef te word nie. Dit is juis om dié rede dat die terapeut nie slegs ’n toeskouer- of aanbiedersrol kan vertolk nie.

Die kontak wat tydens die terapeutiese proses tussen die kind en die terapeut deur middel van 'n **ek-jy-verhouding (“I-Thou”)** geskep word**,** dra daartoe by dat beide die terapeut en die kliënt gelykes is – ongeag aspekte soos ouderdom of opvoeding (Oaklander, 1994:143). Laasgenoemde skrywer noem ook dat die terapeut gewillig moet wees om deur die kliënt verander te word, sonder om in die proses verlore te raak. Crocker, Brownell, Sternberg, Gunther, Just, Seen en Wolfert (2001:1) beskou dié verhouding as 'n spesiale kontrak waar twee persone mekaar ontmoet. Elke persoon word dus ten diepste geraak deur die ander persoon se totale teenwoordigheid, deur dieselfde taal met mekaar te praat en ervaring met mekaar te deel (Yontef, 1993:12). Deur middel van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, in die vorm van 'n bordspel, is die doel van die navorser om aan die Gestaltspelterapeut die geleentheid te gee om daarin te slaag om 'n terapeutiese verhouding te stig, waarin die kind as gelyke beskou kan word.

In die stigting van 'n verhouding is sensoriese stimulasie belangrik, aangesien 'n mens gebruik maak van sy sintuie om kontak te maak met sy omgewing en ander in sy omgewing. Vervolgens sal sensoriese stimulasie wat die tweede aspekte van die Schoeman-werksmodel (2002:12) is, kortliks aan die leser voorgehou word.

3.4.2 Sensoriese stimulasie

Volgens Schoeman (1996:41) besit 'n individu 'n interne stel sensoriese meganismes, waarmee kontak met die wêreld gemaak word. Sy voeg ook by dat betrokkenheid in die wêreld nie moontlik sal wees sonder sig, reuk of gehoor nie. Die ontwikkeling van sensoriese en liggaamlike bewustheid, het volgens Blom (2004:98), spesifieke terapeutiese waarde vanuit die Gestaltbenadering, aangesien dit bydra tot die kind se funksionering as ’n holistiese entiteit van denke, emosies en liggaam.

Whitmont en Kaufmann (in Lampert, 2003:54) noem: “Many children are not consciously aware of their connection to their senses, although the deeper layers of affect mobilization are intimately tied to sensory body processes. Alterations and expansion of consciousness go hand in hand with alterations of body activities, body experiences, and inner revelations.” Sommige kinders ondervind probleme met liggaamsbewustheid en om diè rede is sensoriese bewusmaking belangrik (vergelyk Blom, 2004:98-99; Clarkson, 1989:83; Oaklander, 1988:109; en Thompson & Rudolph, 1996:150).

Individue verloor dikwels hul sensoriese bewustheid, sensitiwiteit en – tot 'n groot mate – agting vir hul liggame, as gevolg van traumatiese gebeure in hul lewens (Clarkson 1989:83). Oaklander (1988:128) maak die volgende stelling: “As children become disconnected from their bodies, they lose a sense of self and a great deal of physical and emotional strength as well.” Oaklander (1988:42) noem ook op 'n ander geleentheid dat “… somewhere along the line many of us

lose full awareness of our senses; they become hazy and blurred and seem to operate automatically and apart from ourselves." Die gevolgtrekking kan gemaak word dat aangesien kinders gewoonlik inligting deur hul sintuie bekom, hulle gedurende 'n traumatiese ervaring hul sintuie blokkeer en hulself sodoende van die wêreld distansieer. Dit help kinders om hulself te beskerm en sodoende die pyn te verminder. Hulle raak onbewus van die wêreld om hulle en ook van hul eie behoeftes. Dit kan dan onvoltooidhede vorm wat verhoed dat homeostase bereik word.

Volgens Schoeman (1996:57) benut die kind in werklikheid sy sensoriese elemente om sy wêreld te ervaar en om daarmee kontak te maak. Blom (2004:99) noem dat die sensoriese funksie van die kind bewustheid van homself verhoog, innerlike krag verskaf, 'n gemaklikheid met homself vestig en 'n verhoging van selfvertroue teweegbring. Al die sensoriese funksies, naamlik sig, gehoor, smaak, reuk en tas, speel 'n belangrike rol in die kind se vermoë om emosionele kontak te maak. As 'n kind hom sensories afsluit van een of meer van sy sintuie, sal dit vir hom moeilik wees om in kontak te kom met sy onderdrukte emosies (Blom, 2004:99). Volgens Capacchione (2001:6) word emosies onderdruk en ontken. Die gevolge hiervan, volgens laasgenoemde skrywer, is: "our network pathways get blocked, stopping the flow of the vital feel-good unifying chemicals that run both our biology and our behaviour". Elke emosie het volgens Oaklander (1992:67) 'n verbintenis met die liggaam en kinders ontwikkel vanaf 'n jong ouderdom, soos wat hul liggame op emosies reageer, ligaamlike patrone. Deur middel van die stimulering van die kind se sintuie, maak die spelterapeut hom bewus van waar hy op die huidige oomblik is of verkeer en kan hy bewus gemaak word van sy eie behoeftes en gevoelens.

Schoeman (1996:57) is van mening dat sensoriese kontak nie net belangrik vir die kind is nie, maar ook vir die terapeut, sodat albei die vermoë sal besit om in die terapeutiese verhouding te gee en te neem. Deur die kind in die beoogde Gestalt-assesseringshulpmiddel sensories te stimuleer, word die geleentheid aan

hom gegee om in die proses van homself te gee en ook te neem. 'n Veilige omgewing, waar die spelterapeut ook dus van haarself gee en eg kan voorkom, word geskep. Dit dra by tot die versterking van die vertrouensverhouding.

Kontak op sensoriese vlak kan deur middel van ses prosesse plaasvind, naamlik: gevoel, sig, gehoor, smaak, reuk en liggaamsbewegings (Blom, 2004:101). Volgens Thompson en Rudolph (1996:150) kan die kind meer bewus gemaak word van sy emosies, wat hy op daardie spesifieke oomblik ervaar, deur te fokus op die kind se sensoriese en liggaamlike kontakmaking. Volgens die navorser, is sensoriese stimulasie belangrik om die kind in kontak te bring met aspekte wat sy funksionering mag beïnvloed, wat 'n deel van die bewusmakingsproses is en wat hom help om sy eie proses beter te verstaan.

Die kontakmaking van die kind met homself, word ook deur die Schoeman-werksmodel (2002:12) aangespreek. Dit vorm die derde fase van hierdie model: die proses van die kind.

3.4.3 Die proses van die kind

Oaklander (in Blom, 2004:50) definieer die kind se proses as wie hy is, wat hy voel, waarvan hy hou en nie hou nie, wat hy nodig het, wat hy wil hê, wat hy doen en hoe hy dit doen. Volgens Blom (2004:50) kan die kind se proses gesien word as wie hy is, watter emosies hy uitdruk, waarvan hy hou en nie hou nie, wat sy behoeftes is, watter gedrag hy uitdruk en hoe hy dit uitdruk. Die navorser is van mening dat die kind se proses dit wat hom uniek maak, omvat: dus hoe hy die wêreld ervaar en verstaan. Dit omvat sy emosies, sosiale ervarings, probleemoplossingstegnieke en of hy realisties of onrealisties is in die hantering van sekere uitdagings.

Blom (2004:50) noem dat die doel van terapie is om die kind van sy proses bewus te maak. Oaklander (1994:145) is van mening dat bewustheid van sy eie

proses in die hier-en-nou, lei tot die ontdekking van keuses met betrekking tot emosionele uitdrukking en behoeftebevrediging wat aan die kind die geleentheid gee om met nuwe gedrag te eksperimenteer.

Die kind se proses kan bepaal word deur op die hantering van alledaagse probleme te let, aldus Korb, Gorell en Van de Riet, (1989:69). Oaklander (1988:184) bepaal die kind se proses deur hom te vra om 'n bepaalde taak uit te voer en dan te let op hoe hy die taak aanpak en wat die eindresultate is. Volgens Bekker (2004:158) kan dit gedoen word deur 'n fantasie te skep waar die kind 'n obstruksie ervaar en keuses en besluite moet uitoefen. Hy kan ook leiding neem of 'n navolger wees, ten opsigte van die hantering van probleme. Uit die fantasie, noem die skrywer, word die kind se emosies in verskillende situasies bepaal, asook die wyse waarop hy die situasie gaan hanteer. In die proses, noem laasgenoemde skrywer, moet die spelterapeut en die kind bepaal aan watter van die volgende aspekte hulle voldoen: positiewe eienskappe (behulpsaamheid, lojaal, vriendelik ensovoorts), innoverend, kreatief, skeppend, diplomaties, passief, emosioneel, aggressief, gemoedelik, naïef, geduldig, magteloos, verwytend, beredeneerd, gelate, selfstandige optrede, angstig, inskiklik, selfgeldend, presies, mededeelsaam, selfsugtig, wantrou en vertroue in sy medemens. Hierdie is slegs 'n paar aspekte wat kan voorkom en kan dus nie as die enigstes beskou word nie.

Die insluiting van 'n fantasievlug in die Gestalt-assesseringshulpmiddel, kan dus nuttig wees vir die assessering van die kind se proses. Deur middel van kennis van die proses van die kind, ontwikkel die terapeut die vermoë om die kind deur spel, wat gepas is vir homself en sy persoonlikheid, te bereik.

3.5 ASSESSERING

Deur middel van assessering, beoog die navorser om inligting aangaande die kind te bekom. Potgieter (1998:142) noem dat assessering 'n komplekse,

aanhoudende, gelyke proses tussen die kliëntesisteem en die hulpverlener is en dat dit vervleg is met die verkennende fase, wat inligting oor die kliëntesisteem, sy omgewing en die interaksie tussen die twee, gee. Sheafor, Horejsi en Horejsi (2000:301) definieer assessering as die denkproses waartydens 'n persoon “deur inligting redeneer” om 'n voorlopige gevolgtrekking te maak. Hulle voeg by dat die beskikbare inligting gedurende assessering ingesamel en bestudeer word om sin te maak van die kliënt se situasie en om 'n basis vir 'n plan van aksie te lê. Hepworth , Rooney en Larsen (1997:196) beskryf assessering as 'n wisselende en dinamiese proses wat die ontvangs, analisering en verwerking van nuwe informasie behels, soos wat dit deurlopend voorkom. Assessering behels die insameling van waarnemings, verduidelikings en interpretasies wat die volle omvang van die probleem raak (Potgieter, 1998:142).

Vanuit verskeie navorsers se omskrywing, verskaf assessering - aldus die navorser - aan die spelterapeut 'n spieëlbeeld van wat die kind se ervaring van sy situasie is en hoe hy dit hanteer. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die kind se proses deur assessering ontdek kan word en dit kan vir die terapeut as hulpmiddel dien. Dit kan ook lei tot die beplanning van verdere terapeutiese intervensies. Assessering bied, aldus Johnson en Epstein (in Potgieter, 1998:142) aan die terapeut hulp ten opsigte van sy besluit oor watter aspek van die situasie die primêre fokus behoort te wees. Dit bied ook hulp om gepaste intervensiedoelwitte, as die manier waarop dié doelwitte bereik kan word, te identifiseer.

Volgens Hepworth *et al*., (1997:196) vind assessering vanaf die aanvanklike kontak met die kliënt tot terminering plaas. Blom (2004:74) noem ook dat assessering 'n aanhoudende proses is en alhoewel die eerste paar terapeutiese sessies meer evaluerend van aard is, vorm dit deel van elke sessie. Alhoewel assessering dus deurlopend plaasvind, word daar in hierdie navorsing op die aanvanklike assessering, naamlik die beginstadium van die terapeutiese proses, gefokus.

Assessering in Gestaltspelterapie is gebaseer op die drie doelwitte van Gestaltterapie, naamlik om te bepaal wat die kind se vlak van bewustheid van sy eie proses is, wat sy vlak van selfondersteuning is en ook watter onvoltooidhede verhoed dat hy as 'n geïntegreerde geheel funksioneer (Blom, 2004:73-74). Tydens die navorsing het hierdie aanvanklike assessering hoofsaaklik ten doel om die kind se proses te ontdek en daartydens 'n verhouding te stig.

3.5.1 Die doel van assessering

Hepworth *et al*., (1997:196) huldig die mening dat deurlopende assessering die terapeut rig om te besluit watter inligting vir verdere ondersoek belangrik is. Volgens Compton, Galaway, Pincus en Minahan (in Potgieter, 1998:142) is die einddoel van assessering om te begryp wat nodig is vir gepaste beplanning wat verandering behoort te fasiliteer. Assessering word beskou as die denkproses waar alle inligting oor die probleem in 'n raamwerk geplaas word en waartydens alle faktore wat ’n invloed op die persoon se toestand mag hê, in ag geneem word (Potgieter, 1998:142).

Volgens Compton en Galaway (in Potgieter, 1998:142-143) het die proses van assessering ten doel om:

- inligting ten opsigte van die belangrike aspekte wat aanleiding gegee het tot die probleemsituasie, in te samel, saam te voeg en te verstaan;
- die betekenis van die toestand van die kliëntesisteem in ’n spesifieke situasie of konteks te begryp;
- vanuit die kliënt se ervaring, begrip vir sy situasie te verkry;
- professionele kennis by te dra tot die denkproses - met die doel om te identifiseer wat nodig is om te verander; en
- te beplan hoe die gewenste toestand bereik sal word.

'n Globale begrip van die kind se ontwikkelingsvlak, word volgens O'Connor en Ammen (1997:80) in alle funksioneringsareas vereis, om sodoende 'n gepaste spelterapeutiese behandelingsplan te formuleer. O'Connor en Ammen (1997:80) noem vier redes waarom die assessering van die kind se huidige kognitiewe ontwikkelingsvlak belangrik is, naamlik dat dit die terapeut:

- 'n idee gee van hoe die kind tot dusver lewenservarings geprosesseer het;
- help om gepaste verwagtinge ten opsigte van die kind se gedrag binne en buite die sessies te ontwikkel;
- se kennis verbreed om die kind se gedrag buite die terapeutiese situasie, soos byvoorbeeld by die skool of huis, te begryp en die
- spelterapeutiese proses aan te pas tot die kind se vlak, om sy leerervaring tydens die sessie te verhoog.

Volgens Blom (2004:73-74) is dit belangrik om tydens assessering, die doel in Gestaltterapie in gedagte te hou. Sy noem dat dit belangrik is om te onthou dat die doel van assessering in Gestaltspelterapie nie net is om sekere inligting te bekom nie, maar om ook te fokus op die drie doelwitte van Gestaltspelterapie, naamlik die bepaling van die kind se vlak van bewussyn van sy eie proses, self-ondersteuning en die onvoltooidhede wat sy integrasie verhinder. West (1996:17) beskryf die aanvanklike assessering as: "Assessment means weighing the presenting difficulties against what is known of the child's background and how he or she uses the sessions to explore and express inner conflicts and outer problems." Thompson en Rudolph (1992:113) dra by deur te noem dat Gestalt-terapie nie konsentreer op simptome en analisering nie, maar eerder op die totale bestaan en integrasie van die mens fokus. Hierdie integrasie en volwassenheid volgens Perls (in Thompson & Rudolph, 1992:113) hou direk verband met die persoon se bewustheid van die huidige. In Gestaltspelterapie met die kind, is dit duidelik dat assessering 'n hulpmiddel is om te poog om die kind se proses en sy vlak van bewussyn te ontdek, eerder as om net inligting in te samel.

3.5.2 Bestaande assesseringstegnieke

Vanweë die beperkte omvang van hierdie navorsing sal bestaande assesseringstegnieke slegs genoem word, sowel as die terkortkominge en nadele daarvan. Volgens Blom (2004:74) kan elke terapeut kreatief wees ten opsigte van verskillende aspekte van die kind se assessering. Volgens O'Connor & Ammen (1997:76-77) is daar baie assesseringshulpmiddels beskikbaar. Hierdie hulpmiddels bestaan uit hoogs gestruktureerde en gestandaardiseerde toetse en bied 'n raamwerk vir observasie. Die skrywer voeg ook by dat direkte assessering meer **objektief** kan wees, soos tydens gedragsobservasies of gestandaardiseerde toetse, of meer **subjektief** in die onderhoude en gebruikmaking van speltegnieke.

Volgens Potgieter (1996:113) is die bestaande tegnieke wat gebruik word, beperk en nie altyd toepaslik vir die assessering van jonger kinders nie. Dit veroorsaak dat die tegnieke dikwels onsuksesvol is.

O'Connor en Ammen (1997:76-77) noem die nadele van die assesseringstegnieke en -hulpmiddels wat sedertdien gebruik word:

- Die kind ervaar dit onaangenaam, omdat hulle dit dieselfde as "skool" ervaar. Volgens O'Connor (2000:192) wil die spelterapeut nie hê dat die kind terapie met skool moet assosieer nie. Sy noem ook dat aangesien sekere assesseringstake toetsing insluit, die terapeut nie wil hê die kind moet dink dat sy gedrag in terapie as suksesvol of onsuksesvol beoordeel sal word nie.
- Die toetsing vind in die beginstadium plaas waar die oopstel van die kind se probleem spoedig manifesteer. As gevolg hiervan voel die kind blootgestel en kwesbaar, aangesien hy bewus raak van hoe baie die terapeut van hom weet. In Gestaltspelterapie is die vestiging van 'n vertrouensverhouding fundamenteel vir terapie met die kind, omdat dit hom in staat stel

om sy geheime met die terapeut te deel, sonder dat hy ontbloot voel (Bekker, 2004:148; Blom, 2004:54; Schoeman, 1996:29).

- Sommige inligting, soos tydens gedragsobservasies, raak verlore wanneer iemand anders as die terapeut die kind waarneem.
- Blom (2004:228) noem ook 'n nadeel van dié tipe assessering, naamlik dat die kliënt se eie ervaring van sy probleemsituasie maklik geïgnoreer kan word, omdat die professionele persoon dikwels oorgretig is om te assesseer, te evalueer en ’n opinie te vorm.
- Dit is die navorser se mening dat van die assesseringsinstrumente die kind aan sy portuurgroep gelykstel en dus met mekaar vergelyk. Dit kan moontlik die kind se unieke proses verlore laat gaan. O’Connor en Ammen (1997:80) noem dat gestandaardiseerde instrumente gebruik word om die kind se funksionering of gedrag, met dié van kinders van sy ouderdom en soortgelyke agtergrond te vergelyk. Vanuit die Gestaltbenadering is dit van die uiterste belang dat die kind, as 'n persoon in eie reg, behandel word (Blom, 2004:228).

Projektiewe instrumente en speltegnieke, byvoorbeeld projektiewe tekeninge, kan volgens O’Connor en Ammen (1997:83) bruikbaar wees vir die insameling van inligting oor hoe die kind sy ervarings en verhoudings waarneem en hoe hy sy intra-psigiese wêreld organiseer. Die primêre doel van projektiewe assessering, volgens dié skrywer, is om ’n beskrywing van die individuele kind se funksionering, vanuit sy huidige lewenservaring, insluitend sy kulturele konteks te verskaf, eerder as om hom te vergelyk met die funksionering van ’n normatiewe groep. Daar is egter sommige projektiewe instrumente wat 'n normatiewe komponent bevat. Dit is duidelik dat projektiewe assessering meer gepas vir Gestaltspelterapie is, omdat die kind se unieke proses in ag geneem kan word. Sulke projektiewe Gestalt-assesseringstegnieke kan byvoorbeeld die Roosboomtegniek of die aanwending van die Veertien stappe van Oaklander as assesseringstegniek, wees (Blom, 2004:77; Oaklander, 1988:53-66). Hierdie assesseringstegnieke assesseer, aldus die navorser, egter net sekere areas van die kind

se funksionering. Talle tegnieke behoort op verskillende tye gebruik te word om 'n duidelike mening van die kind se proses te verkry, wat die terapeutiese proses verleng.

Al word sekere agtergrondinligting as belangrik beskou vir die holistiese beeld van die kind se situasie, kan die terapeut ten opsigte van assessering, slegs met die kind se situasie en funksionering in die hier-en-nou werk, aldus Blom (2004:69). Oaklander (1988:184) noem dat alhoewel sy dikwels verslae van die skool of ander instansies ontvang, sy vir assesseringsdoeleindes slegs die inligting waarmee die kind homself in die terapeutiese situasie aanbied, kan gebruik. Blom (2004:69) kom tot die gevolgtrekking dat die enigste aspek, wat gedurende terapie geassesseer kan word, verband hou met hoe die kind homself in die terapeutiese situasie aanbied en wat hy, van homself, vir die terapeut gee.

Vanuit die Gestaltspelterapeutiese benadering vir assessering fokus die navorser op die bepaling van die kind se proses en hoe hy homself in sy omgewing uitleef. Dit vervat ook die ondersoek na die kind se onvoltooidhede, waarvan hy homself kan afskakel. Daardeur maak hy hom bewus van homself in sy omgewing, sodat hy verantwoordelikheid kan neem vir sy gedrag en besluite. Sodoende behoort hy homself te kan aanvaar soos hy is. Oaklander (1994:145) noem dat die kind se bewustheid van sy eie proses in die hier-en-nou, hom laat besef dat hy keuses het ten opsigte van sy emosionele uitdrukking, bevrediging van sy behoeftes en die eksperimentering van nuwe gedrag. Oaklander (1994:143) noem ook tydens 'n ander geleentheid dat die Gestaltspelterapeut besorg is oor effektiewe en geïntegreerde funksionering van die kind wat alle aspekte van die persoon insluit, naamlik sy sintuie, liggaam, emosies en intellek. Volgens Perls (in Thompson en Rudolph, 1992:110) moet die mens as 'n totale organisme beskou word. Hy noem dat die mens se liggaam en gevoelens 'n beter aanduiding is van die waarheid as sy woorde, omdat hy met woorde die waarheid van homself probeer weerhou.

Deur middel van hierdie studie wil die navorser poog om met behulp van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, assessering só te laat realiseer dat dit die kind as geheel aanspreek. Die assesseringshulpmiddel sal in die vorm van 'n bordspel saamgestel word. Die benutting van 'n bordspel in terapie word kortliks aan die leser voorgehou.

3.6 BORDSPEL

In die navorsing van Dunn (2005) word die benuttingswaarde van die bordspel as voorkomingsmaatreël teen seksuele misbruik by Graad 4-leerders beskryf. Dunn (2005:221-222) bespreek die tradisionele gebruik van kommunikasie bordspele, wat gewoonlik meer buigbaar is, omdat dit nie ‘n kompeterende element bevat nie en eerder op die kind se reaksie fokus. In Dunn se navorsing het die fokus op die bordspel as voorkomende maatreël geval. Tydens hierdie navorsing sal die fokus op beide die bordspel as assesseringsmiddel en op die laerskoolkind in terapie wees.

Vanuit die bestaande literatuur en volgens Shaefer en Reid (in Webb, 1999:39) beskou kinderterapeute die speel van speletjies as 'n manier van diagnosering, ’n geleentheid om die kind se ego-funksionering te verhoog en 'n natuurlike roetine om die kind se sosiale vaardighede te verbeter. Volgens Frey (1986:21) sal tot die mees terughoudende en negatiewe kind gewoonlik speletjies saam met die terapeut speel. Dit word, volgens laasgenoemde skrywer, vir die kind 'n aangename ervaring, omdat hy nie nodig het om homself te openbaar nie en hy ervaar dit daarom minder bedreigend. Timberlake en Cutler (2001:70-71) is van mening dat kinderspeletjies uit enige aktiwiteit bestaan wat 'n kompeterende uitdaging teenoor 'n taak of opponent het; spesifieke doelwitte en reëls het, sowel as 'n gedefinieerde begin- en eindpunt het. Vir Newman (2004:188) is dit voordelig vir kinders om op 'n multi-sensoriese wyse te leer, aangesien kinders inligting met behulp van hul sintuie versamel. Die bordspel wat die navorser saamgestel het, het 'n duidelike begin- en eindpunt en het ten doel om die kind

sensories te stimuleer, die terapeutiese verhouding te stig en om bewustheid van die kind se proses teweeg te bring.

Volgens Frey (1986:29) is dit tydens die speel met 'n bordspel, moontlik om waarnemings te maak ten opsigte van die kind se denke, gevoelens, gedrag en die uitdrukking daarvan, asook verbale vaardighede, aandag, persepsie, liggaamstaal, doelgerigtheid en die ontwikkelingsvlak van die kind. Dunn (2005:226) voeg by dat die terapeut deur die gebruik van 'n bordspel verskeie denke, gevoelens en gedrag van die kind kan observeer.

Van der Merwe (1996:98) noem dat 'n bordspel een van die tegnieke is wat gebruik kan word vir assesseringspel en dat die bordspel as hulpmiddel, nie genoeg deur kinderterapeute gebruik word nie. Lampert (2003:30) voeg by dat gewone bordspele gebruik kan word slegs om die spelterapeut te help om ‘n verhouding met die kind te stig of wanneer 'n kind baie weerstand bied. Timberlake en Cutler (2001:71) is egter van mening dat die doel met die gebruik van spelmateriaal is om die struktuur en waardes van die spel te gebruik om die terapeutiese verhouding te ontwikkel; vir effektiewe uitdrukking en vir die stimulering van kommunikasie tussen die kind en die terapeut.

Piaget (in Landreth, 1982:5) onderskei tussen drie hoofkategorieë van speletjies, naamlik:

- oefenspeletjies wat verwys na die gebruik van aangename oefeninge of praktiese vaardighede;
- simboliese spel waar die kind homself verbeel en alleen speel.
- speletjies met reëls vir sosiale spel, wat reëls en regulasies bevat en neergelê is deur 'n groep om nie oortree te word nie.

Namate die kind meer realiteits-georiënteerd raak en georganiseerde speletjies bo verbeeldingspel verkies, verminder fantasiespel in die middelkinderjare, natuurlik en geleidelik (Piaget in Webb, 1999:39). Die skrywer voeg by dat die

kind, tussen die ouderdom van sewe en elf jaar, sodra hy die vlak van logiese- en objektiewe denke in sy kognitiewe ontwikkeling bemeester het, begin belangstel in speletjies met reëls (vergelyk Cole en Cole, 2001:556-557). Volgens Cole en Cole (2001:556-557) bepaal hierdie reëls watter rolle gespeel of vertolk moet word en wat die kind mag en nie mag doen nie. Verbreking van reëls, het ook sekere gevolge, byvoorbeeld dat die oortreder nie meer mag saamspeel nie.

In speletjies met reëls moet die kind, volgens Landreth (1982:10), sowel sy eie rol, as dié van die ander spelers ken en moet hy die vermoë ontwikkel om die rol van die ander in te neem. Hierdeur kan hy deur middel van vooruitskouing voorspel wat volgende gaan plaasvind en kan hy sy gedrag dus daarvolgens aanpas. Die kind begin dus sy vermoëns, in vergelyking met die van ander, assesseer. Sodoende ontwikkel hy 'n selfbeeld en identiteit. Coleman en Eifermann (in Timberlake & Cutler, 2001:71) noem dat deur die herhaling van gedrag en gebeure in 'n speletjie, die kind 'n gevoel van bemeestering en beheer verkry soos wat hy verloor, kul, strategieë uitdink vir sy verlies en wins. Terr (in Timberlake & Cuttler, 2001:71) voeg by dat speletjies bruikbare intervensie hulpmiddels in spelterapie is, omdat dit beide herhalende kwaliteite en interne sosiale situasies besit. Met die speel van die bordspel as Gestaltassesserings-hulpmiddel sal die kind nie kan wen nie, maar deur herhaling met die beantwoording van kaartjies, wat handel oor homself, meer bewus raak van sy eie proses en hoe hy probleme in 'n situasie oplos.

Volgens Webb (1999:39) hou kinders gedurende die middelkinderjare veral van bordspeletjies: dit sluit sowel gestandaardiseerde speletjies, as speletjies wat spesiaal vir terapeutiese gebruik ontwerp is, in. Die skrywer noem ook dat die kind hierdie speletjies geniet, omdat die konsep van wen of verloor in meeste bordspeletjies uitgelig word, deur die insameling van tellers (insameling van tellers vir die toekenningsisteem) deur die beweging om die bord met die gooi van ’n dobbelsteen. Die kinders se reaksie op wen of verloor en hul pogings om

die reëls te verander of om te kul, word alles kwessies vir terapeutiese bespreking.

Volgens Freud (in Landreth, 1982:5) raak kinders nooit moeg om volwassenes te vra om 'n speletjie saam met hulle te speel nie. Hulle sal selfs aanhou, totdat hulle te moeg is om aan te gaan. As ’n kind byvoorbeeld ’n mooi storie hoor, sal hy dit herhaaldelik wil hoor, eerder as om na ’n nuwe een te luister.

Volgens Mead (in Landreth, 1982:10) help interaksie deur middel van spel, die kind om 'n idee van homself en van ander te verkry. Laasgenoemde skrywer noem dat dit die geval is, omdat die kind van een rol na 'n ander verskuif wat hom verplig om sy persepsie te verander. Tydens groepspeletjies met reëls, moet die speler die reëls ken en die vermoë ontwikkel om die rol van die ander aan te neem en dit te vertolk.

Deur die gebruikmaking van 'n bordspel, kan die Gestaltspelterapeut, volgens die navorser, aan die kind die geleentheid bied om sy gevoelens en behoeftes op ’n gepaste wyse uit te druk. Tydens hierdie uitdrukking, kan die kind self ook bewus raak van sy gevoelens en behoeftes, wat hy dalk nie voorheen kon verwoord nie. Dit is ook duidelik dat ’n bordspel as terapeutiese tegniek, veral gepas is vir die kind in die middelkinderjare, omdat hy gereed is en geïnteresseerd raak in speletjies met reëls waar interaksie plaasvind. Die interaksie met die kind gedurende die toepassing van die bordspel, help die Gestaltspelterapeut nie net om belangrike inligting aangaande die kind se proses en ontwikkeling te kry nie, maar terwyl die terapeut en kind speel, leer hulle mekaar ken en die terapeutiese verhouding word gestig. Die bruikbaarheid en toepassingsmoontlikhede van die bordspel as 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel tydens die terapeutiese proses, behoort verder ondersoek te word.

3.7 SAMEVATTING

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat Gestaltspelterapie opsigself gesien kan word as 'n natuurlike proses wat bewussyn, groei en ontwikkeling vanuit die terapeutiese verhouding, met die kind bring. Dit gee die kind die geleentheid om homself te vind en ten volle uit te druk, in 'n nie-bedreigende, nie-veroordelende omgewing van spel, waar hy 'n gelyke is. Die kind word in sy geheel aangespreek: alles waaruit hy bestaan en die verskillende areas waarin hy funksioneer. Deur die kind te assesseer met die gebruikmaking van die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel, word belangrike inligting oor die kind nie net duidelik nie, maar die Gestaltdoelwitte word ook in ag geneem. Inligting versamel tydens assessering laat die terapeut toe om duidelikheid te verkry oor die kind se probleem en sy ervaring daarvan. Dit laat die Gestaltspelterapeut toe om te beplan watter intervensie gepas sal wees vir die kind en die bereiking van die gewenste toestand.

Dit blyk vanuit die versamelde inligting dat daar 'n tekort is aan Gestalt-assesseringshulpmiddels en dat huidige assesseringshulpmiddels die terapeutiese proses kan verleng en meestal fokus op die assessering van een area. Dit is dus duidelik dat die gebruik van 'n gepaste assesseringshulpmiddel die Gestaltspelterapeut kan toerus met 'n effektiewe manier om die kind in die beginfase van terapie te assesseer. Vanuit die literatuur is dit duidelik dat die kind van die middelkinderjare, as gevolg van sy ontwikkelingsfase, veral daarvan hou om met bordspele te speel. Om hierdie rede kan die aanname dus gemaak word dat die samestelling van 'n bordspel met die inkorporering van die Gestaltbenadering, die Schoeman-werksmodel en bestaande assesseringshulpmiddels, 'n bruikbare Gestalt-assesseringshulpmiddel te weeg kan bring.

Vervolgens word die kwalitatiewe navorsingsproses uiteengesit wat vir die empiriese navorsing benut is.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODOLOGIE: 'n Empiriese perspektief en integrasie van die navorsingsbevindinge

4.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie was tot dusver om met behulp van 'n literatuuroorsig en deur middel van verkenning en beskrywing, 'n teoretiese perspektief ten opsigte van 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie, te bied. Dié inligting het gelei tot 'n beter begrip van die kind in die middelkinderjare lewensfase. Die Gestaltbenadering het 'n teoretiese grondslag vir praktykbeoefening gebied. Die bestaande navorsingsdata, soos opgeteken in die literatuur, kan ook in die empiriese studie gereflekteer word. Daar word vervolgens 'n vooruitsig gestel om met behulp van triangulering, die ondersoek voort te sit.

Assessering vorm regstreeks deel van die Gestaltspelterapeutiese proses, omdat dit vir die Gestaltspelterapeut nodig is om die kind op sy gemak te stel in die terapeutiese omgewing en sy unieke proses te leer ken. Dié inligting word vir verdere besluitneming aangaande die terapeutiese proses benodig.

Vanuit die Gestaltspelterapeutiese perspektief is daar op die kind in die middelkinderjare se bewussynsvlakke, deur middel van sy sensoriese funksies, gefokus. Die redenasie wat aangevoer word, is dat indien die kind se emosionele bewustheidsvlak aangespreek word, hy die vermoë sal hê om meer van homself te kan gee in die terapeutiese verhouding en dat hy bewustheid van sy eie proses sal kan bereik (Schoeman, 1996:57).

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om 'n uiteensetting te gee van die navorsingsmetodologie en –proses op empiriese vlak. Die trianguleringsproses wat benut is, sluit behalwe 'n literatuuroorsig, ook semi-gestruktureerde onderhoude en 'n gevallestudie in, wat vervolgens bespreek sal word. Die doel en wyse waarop doelbereiking gerealiseer het, sal ook aandag geniet. Die bevindinge en die empiriese resultate, soos verkry vanuit semi-gestrukureerde onderhoude met twee Gestaltspelterapeute en een laerskoolkind as gevalle-studie, sal weergegee word. Die empiriese ondersoek en die bestaande navorsingsbevindinge soos opgeteken in die literatuur, sal met mekaar in verband gebring word, sodat duidelikheid verkry word oor die bruikbaarheid van die Gestalt-assesseringshulpmiddel tydens terapie met die laerskoolkind.

Die kwalitatiewe navorsingsproses word vervolgens oorsigtelik aan die leser voorgehou.

4.2 DIE KWALITATIEWE NAVORSINGSPROSES VIR DIE EMPIRIESE STUDIE

Die verloop van die navorsingsproses soos in hoofstuk een aangespreek, is volgens Leedy (in Fouchè & Delport, 2002:78), 'n sikliese proses, wat by die formulering van die navorsingsprobleem begin en by die oplossing daarvan eindig. Hierdie proses sal meer volledig bespreek word en daar sal ook aange-toon word hoe dit op die spesifieke studie van toepassing gemaak kon word. Alle navorsing volg 'n algemene **proses**. Fouchè en Delport (2002:77) verklaar, ongeag wat die navorser beoog om te vind, ontdek, of watter aspekte hy wil verwerk, daar altyd 'n proses betrokke is. Dit sluit 'n proses van wetenskaplike ondervraging, 'n manier om te leer en kennis oor dinge in die wêreld te verkry, in. Vier fases van dié proses word vervolgens skematies voorgestel en daarna bespreek.

Tabel 3: Die aangepaste skematiese voorstelling van die kwalitatiewe navorsingsproses

4.2.1 Aanvanklike beplanning en probleemformulering	4.2.2 Formele beplanning vir die navorsing	4.2.3 Implementering van die empiriese ondersoek	4.2.4 Prosessering van data, interpretering en integrering van die navorsingsbevinding
✓ Identifisering van navorsingsonderwerp • Privaatpraktykervaring • Navorsingsoorsig • Konsultasie met kundiges • Akademiese opleiding ✓ Formulering van navorsingsprobleem en –vrae • Die aanname vir die studie en informele voorondersoek ✓ Doelstelling en doelwitte • Teoretiese basis • Empiriese ondersoek • Kwalitatiewe waarneming • Samesteling van Gestalt-assesseringshulpmiddel ✓ Klarifikasie met die doel van die studie ✓ Eenheid van ontleding • Kwalitatiewe navorsing	✓ Insameling van inligting • Literatuuroorsig ✓ Navorsingsbenadering • Kwalitatiewe navorsing ✓ Soort navorsing • Verkennend, beskrywend en toegepas ✓ Navorsingstrategieë • Fenomenologiese studie • Semi-gestruktureerde onderhoude • Gevallestudie ✓ Universum, populasie en steekproefneming • Toevallige steekproefneming • Kriteria ✓ Metodes van datainsameling • Triangulering ➢ Literatuuroorsig ➢ Twee semi-gestruktureerde onderhoude (Gestaltspelterapeute) ➢ Een gevallestudie (kinderrespondent, toepassing van Gestalt-assesseringshulpmiddel)	✓ Voorondersoek vir die implementering van die empiriese ondersoek ✓ Literatuuroorsig ✓ Semi-gestruktureerde onderhoude met Gestaltspelterapeute • Gebruiking van 'n selfontwerpte vraelys (Bylaag B) ✓ Die Gestaltassesserings-hulpmiddel (toegepas op een laerskoolkind as gevallestudie) ✓ Saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel: • Aktiwiteit • Doelstelling • Doelwit • Spelvorm	✓ Kodering • Teks- en tabel vorm ✓ Verbande tussen teorie en praktyk • Literatuurkontrole ✓ Gevolgtrekkkings ✓ Aanbevelings

Formatted: Spanish (Spain-Traditional Sort)

(Aangepaste skematiese voorstelling van die kwalitatiewe navorsingsproses, vergelyk ook Fouché en Delport in De Vos, 2002:77-92).

Die bostaande vier komponente van die aangepaste skematiese voorstelling van die kwalitatiewe navorsingsproses, (Tabel 3) behoort die leser se kennis en begrip sinvol aan te spreek (Fouché & Delport, 2002:77-92).

4.2.1 Aanvanklike beplanning en probleemformulering

Vir die aanvanklike beplanning en probleemformulering, het die navorser hoofsaaklik gefokus op **die identifisering van die navorsingsonderwerp** (Fouché & Delport, 2002:86-87). Hieruit het die formulering van 'n onderwerp voortgevloei en kan vier aspekte uitgesonder word wat as motivering hiervoor gedien het. Dié aspekte sluit in: kennisname van die bestaande navorsing; die navorser se praktiese ervaring; konsultasie met kollegas in professies soos die opvoedkunde en sielkunde en Gestaltspelterapie, asook verdere studies. Die verloop van hierdie deel van die navorsingsproses, word vervolgens kortliks toegelig.

Die navorser het, met behulp van psigometriese en terapeutiese ervaring by 'n skool, asook vanuit **privaatpraktykervaring,** die behoefte aan 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die Gestaltspelterapeut geïdentifiseer. Die behoefte was spesifiek vir assessering van die kind in die middelkinderjare lewensfase in terapie, waarvan drie temas, die fokuspunt was. Hierdie temas was die totstandkoming van 'n terapeutiese verhouding, sensoriese stimulasie en die bepaling van die kind se proses. Aangesien die Schoeman-werksmodel die drie temas in die eerste drie apekte van die model insluit, is dit as 'n bruikbare model beskou. In die **bestaande navorsing**, kon geen soortgelyke Gestalt-assesseringshulpmiddel, wat dieselfde temas aanspreek gevind word nie. Aangesien die Gestalt-assesseringshulpmiddel deur Gestaltspelterapeute gebruik sal word, het die navorser tydens **konsultasie**, hul insette as waardevol en noodsaaklik geag aangesien dieselfde leemte blootgelê is. Die navorser het ook as gevolg van **verdere akademiese opleiding**, toenemend bewus geraak van die leemte ten opsigte van Gestalt-assesseringshulpmiddels vir die kind in terapie.

Volgens Mouton en Marais (in De Vos *et al*., 2002:106) behels die formulering van die **navorsingsprobleem** hoofsaaklik drie aspekte, naamlik die selektering

van die eenheid van ontleding, die navorsingsdoelstelling en –doelwitte, asook die navorsingsbenadering.

Hierdie studie is gerig deur die uitgangspunt dat spelterapeute toegerus behoort te word met 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die effektiewe assessering van die kind in die middelkinderjare, in terapie. Die **navorsingsprobleem** vir die studie is die gebrek aan so 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel wat tydens terapie deur spelterapeute met die kind in die middelkinderjare lewensfase, gebruik kan word. Die **navorsingsvrae** wat die ondersoek gerig het, is:

- Wat is vanuit bestaande navorsing beskikbaar in terme van assesserings-hulpmiddels?
- Wat is die benuttingsmoontlikhede van 'n saamgestelde Gestalt-assesse-ringshulpmiddel, waar gefokus word op die Schoeman-3-aspekmodel, vir die laerskoolkind in terapie?

Praktiese kennis en insig het plaasgevind wat volgens De Vos (2002:214) deur middel van 'n **informele voorondersoek** en die trianguleringsproses gedoen kan word. In hierdie studie is daar van die volgende drie bronne gebruik gemaak: 'n literatuuroorsig, semi-gestruktureerde onderhoude met twee Gestaltspeltera-peute en die waarneming van 'n gevallestudie.

Die **aanname** wat met die oog op hierdie studie gemaak is, is dat deur die benutting van 'n saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die assessering van die laerskoolkind in terapie, die terapeutiese proses bevoordeel en versterk kan word. Die suksesvolle verhoging van die inligting vir hierdie navorsingsveld kan volgens Strydom en Venter (2002:210) deur middel van 'n voorondersoek plaasvind. Die **navorsingsdoelstelling** van hierdie studie is vanuit 'n literatuuroorsig, persoonlike ervaring en gesprekke met Gestaltspeltera-peute, geformuleer. Die doelstelling is die samestelling van 'n Gestalt-assesse-ringshulpmiddel vir die effektiewe assessering van die laerskoolkind in terapie.

Die volgende **doelwitte** het uit die laasgenoemde doelstelling voortgevloei, naamlik om:

- **eerstens** 'n teoretiese basis te skep vir die samestelling van 'n bordspel om te dien as Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die spelterapeut, deur 'n grondige bestudering van die kind van die middelkinderjare se ontwikkelings-terreine; die Schoeman-3-aspekmodel; assessering, assesseringsprosesse, –riglyne en bordspele.
- **tweedens** verder inligting in te samel deur middel van 'n empiriese ondersoek met behulp van semi-gestruktureerde onderhoude met Gestaltspelterapeute as respondente;
- **derdens** om 'n bordspel saam te stel en kwalitatiewe waarnemings te maak van die toepassing van die tentatiewe bordspel as assesseringshulpmiddel op een laerskoolkind; en
- **vierdens** 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie saam te stel as die navorsingsproduk en 'n aanbeveling, met die oog op verdere studie. Uitkomste en bevindings is dan met die literatuur geïntegreer om te dien as literatuurkontrole.

Verskeie aspekte het 'n rol gespeel, ten opsigte van die **duidelikheid met die doel van die studie**. Behalwe vir die literatuuroorsig, is vanuit die navorser se praktykervaring, bevind dat deeglike assessering by die aanvangsfase van terapie belangrik is en dat dit die terapeutiese proses bevoordeel. Aangesien spel as 'n kommunikasiemedium vir die laerskoolkind beskou kan word en daar met die ondersoek bevind is dat 'n leemte ten opsigte van effektiewe Gestalt-assesseringshulpmiddels met die oog op terapie bestaan, het 'n behoefte by die navorser ontstaan om 'n bydrae te lewer.

Die **kwalitatiewe navorsingsbenadering** is vir hierdie studie gekies aangesien deelnemers se benaderings, ervarings en persepsies so in ag geneem kon word (De Vos, 2002:79). Die navorser kon deur middel van die kwalitatiewe benadering 'n holistiese begrip kry van die probleem wat aangespreek word deur

gebruik te maak van 'n buigsame strategie vir probleemformulering en data-insameling (Reid & Smith, in De Vos, 2002:80).

Vervolgens sal op die tweede komponent van die empiriese deel, naamlik die formele beplanning van die navorsing, oorhoofs gefokus word. Spesifieke verwysing word aan die insameling van inligting, navorsingbenadering, soort navorsing en navorsingstrategie, universum, populasie en steekproefneming, asook die metodes van data-insameling gegee.

4.2.2 Formele beplanning

In 'n kwalitatiewe navorsingstudie geld die aspek van buigbaarheid ook vir die **navorsingsmetodologie en analisering**. Tydens die formele beplanning van die empiriese ondersoek is daar gefokus op die insameling van inligting, die navorsingstrategie, metodes van data-insameling en data-analise, asook die konstruering van 'n meetbare instrument (vergelyk ook Fouchè & Delport, 2002:85).

De Vos (2002:363) is van mening dat **data-insameling** ten opsigte van die kwalitatiewe benadering minder gestruktueerd plaasvind en dat verskeie inligting-insamelingsmetodes gebruik kan word. Hierdie skrywer verklaar verder dat die proses bekend staan as triangulering, indien meer as een metode ten opsigte van inligtingsinsameling benut is. Volgens De Vos (2002:365) kan die navorser die geldigheid van waarneming tydens hierdie studie verhoog, deur van meerdere inligtingsinsamelingsmetodes, gebruik te maak. In hierdie studie is 'n literatuuroorsig, semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges en die waarneming van 'n gevallestudie, gebruik. Die data-insamelingsmetode word vervolgens kortliks toegelig.

'n Omvattende **literatuuroorsig** het vir die doeleindes van hierdie studie die grondslag gevorm waarop alle verdere inligting ingesamel is. Die navorsing is

gekenmerk deur 'n in-diepte bestudering van die normale ontwikkeling van die middelkinderjare, die spesifieke ontwikkelingstake waaroor hy gedurende hierdie lewensfase behoort te beskik, die Schoeman-3-aspekmodel, assesseringsriglyne en –prosesse met betrekking tot assessering. Die inligting word in hoofstukke twee en drie uiteengesit en handel oor drie sentrale temas wat in die literatuuroorsig verken is, naamlik:

- Die normale ontwikkeling in die middelkinderjare lewensfase;
- Assesseringsprosesse, -tegnieke en vorme van spel
- Die Schoeman-3-aspekmodel

Tydens hierdie fase van die navorsingsproses is die literatuur verken en inligting wat as noodsaaklik geag is vir die samestelling van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, is ingewin. Hierdie inligting is ook ingesluit tydens die **semi-gestruktureerde onderhoude met Gestaltspelterapeute**, wat vanuit 'n Gestaltspelterapeutiese benadering as spelterapeute met kinders, werksaam is. Met behulp van die Gestalt-assesseringshulpmiddel word 'n geskikte werkswyse gevind om die behoefte aan te spreek.

Een laerskoolkind in terapie is betrek vir **die waarneming van 'n gevallestudie**. Die Gestalt-assesseringshulpmiddel is op hierdie respondent toegepas, om sodoende die toepassingsmoontlikheid van die hulpmiddel te bepaal.

Die gepaste **navorsingsbenadering** vir hierdie studie, is 'n **kwalitatiewe benadering**, aangesien die hoofdoel is om te begryp hoe bruikbaar en effektief huidige assesseringshulpmiddels vir die laerskoolkind is en dan vanuit hierdie kennis 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel saam te stel. **Die soort navorsing** wat gedoen is, was **verkennend** en **beskrywend** van aard. Die doel hiervan was om nuwe kennis te verkry oor die middelkinderjare, die Schoeman-3-aspekmodel en assessering. Dit het ook ten doel gehad om neerslag in die praktyk te vind om dit deur middel van **toegepaste navorsing** te benut vir die samestelling van 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel (vergelyk ook Babbie, 2002:85).

Die **navorsingstrategieë** wat deel van die formele beplanningsfase gevorm het, was die **fenomenologiesestrategie** en **gevallestudie** (Creswell, in De Vos, 2002:272-276). Deur middel van **semi-gestruktureerde onderhoude** met Gestaltspelterapeute, is hul belewenis van assessering, assesseringsprosesse en –tegnieke vir die laerskoolkind in terapie, verken en beskyf. Daar is dus vanuit die fenomenologie gefokus op die betekenis wat die kind aan 'n ervaring in die daaglikse lewe, gee (De Vos, 2002:273). Die toepassing van die Gestalt-assesseringshulpmiddel op 'n laerskoolkind in terapie, as gevallestudie, is as verdere navorsingstrategie benut.

Die potensiële subjekte verwys, aldus die navorser, na die **universum** of **totale populasie** waarin die navorser belangstel en sluit alle kinders in wat in hul middelkinderjare lewensfase 'n Westerse kultuur aanhang. Die **populasie** vir hierdie navorsing was alle laerskoolkinders vanuit laerskole in Johannesburg. Vanuit dié populasie is 'n steekproef gedoen om die populasie beter te verstaan. Al die laerskoolkinders vanuit een laerskool, naamlik John Mitchell Primary School waar die navorser werksaam is, met spesifieke eienskappe as **kriteria**, naamlik 'n Westerse afkoms, tussen ses en twaalf jaar en woonagtig in Johannesburg, wat in terapie is, is as die **steekproef** beskou. Na aanleiding van die navorser se mening ten opsigte van toeganklikheid vanuit die aanmeldings en kliëntebasis by die skool, is een kinderrespondent volgens 'n **toevallige steekproefneming** geselekteer. Die kinderrespondent is manlik, tien jaar oud en hy is vir 'n terapeutiese intervensie verwys aangesien daar konflik tussen sy ouers bestaan. Bydraend hiertoe was die feit dat sy pa probeer selfmoord pleeg het. Die Gestalt-assesseringstegniek is in Engels geimplementeer aangesien die respondent Engelssprekend is.

Vir die doeleindes van hierdie studie is van 'n verskeidenheid **data-insamelings-metodes** gebruik gemaak. Erlandson *et al*., (in De Vos, 2002:341) beskryf triangulering as die navorser se benutting van verskillende tipes bronne wat insig oor dieselfde gebeurtenis of verhouding verskaf. Met behulp van hierdie metode

kon die navorser die geloofwaardigheid van die navorsing verhoog om die inligting vanuit verskillende invalshoeke waar te neem (Neuman, 2003:137).

Die **literatuuroorsig** is as deel van die **trianguleringsproses** benut en het as basis vir die verdere verloop daarvan, gedien. Die literatuuroorsig is volgens Grinnell (1993:389), om die volgende redes van belang, naamlik om duidelikheid te verkry oor die agtergrond van die probleem; om moontlike maniere te identifiseer om die probleem te bestudeer; om navorsingsbevindinge, leemtes en aanbevelings van vorige studies na te gaan en vir die ontwikkeling van 'n konseptuele raamwerk vir die huidige studie.

Aldus De Vos (2002:298), maak kwalitatiewe studies tipies gebruik van ongestruktureerde of **semi-gestruktureerde onderhoude**. Die doel van die semi-gestruktureerde onderhoude tydens hierdie studie is om die ervarings en behoeftes ten opsigte van assesseringshulpmiddels in die praktyk te verken. Die inligting is deur middel van oudiobande vasgelê. Verdere inligting is verkry van 'n **gevallestudie** met die uitsluitlike doel om gevoelens en gedragsreaksies vir assesseringsdoeleindes te identifiseer en die toepassingsmoontlikhede van die ontwerp vas te stel.

4.2.3 Implementering van die empiriese ondersoek

Voordat die bespreking van die implementering van die empiriese ondersoek aan die beurt kom, is dit volgens die navorser nodig om kortliks kennis te neem van navorsers se aanbevelings vir sukses. Volgens Janesick (in De Vos, 2002:337) laat die **voorlopige ondersoek in kwalitatiewe navorsing** die navorser toe om te fokus op spesifieke areas wat voorheen onduidelik was of om sekere vrae te toets. Die fokusareas vir die navorsing was veral die middelkinderjare lewens-fase, die Schoeman-3-aspekmodel en assesseringsprosesse, -tegnieke en -hulp-middels. Dit is gedoen sodat bepaal kon word watter leemtes en behoeftes ten opsigte van effektiewe assesseringshulpmiddels vir die laerskoolkind voorkom en

aangespreek moes word. De Vos (2002:215) beklemtoon die doel van die voorlopige ondersoek deur spesifiek daarop te wys dat dit die sukses en effektiwiteit van die ondersoek behoort te verbeter.

Die navorser is van mening dat 'n literatuuroorsig alleen, nie voldoende sou wees vir hierdie studie nie en dat Gestaltspelterapeute 'n waardevolle bydrae sou kon lewer. Volgens Monette *et al*., (in De Vos, 2002:212), moet soveel as moontlik geleer word van die kundiges in die veld. Die navorser kon daarin slaag om deur middel van skakeling gedurende die voorondersoek, verhoudings met die respondente en met die breëre gemeenskap te stig. Dit kan volgens Monette *et al*., (in De Vos, 2002:337), ook vir verdere terugvoering oor die gebruik van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, aangewend word. Die stigting van verhoudings vergroot en verseker dus vir die doeleindes van hierdie studie, die Gestalt-assesseringshulpmidel as studieterrein, 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van die afloop van die toepassing van die bordspel en die evaluering daarvan vir verdere studies.

De Vos (2002:213) noem verder dat afgesien van die ondersoek en onderhoude met kundiges, vir die verkryging van relevante literatuur, dit ook nodig is om 'n oorsig te kry oor die werklike praktiese situasie waar die beplande ondersoek uitgevoer sal word. Semi-gestruktureerde onderhoude was dus ook met Gestalt-spelterapeute gevoer, om aan hulle die geleentheid te gee om behoeftes weer te gee en bydraes te lewer ten opsigte van die samestelling van 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel in die vorm van 'n bordspel. Volgens De Vos (2002:213) het persoonlike onderhoude met kundiges gewoonlik meer waarde as korrespondensie of telefoniese kontak. Die semi-gestruktureerde onderhoude het individueel plaasgevind en daar is gebruik gemaak van 'n selfontwerpte vraelys, (Bylaag B) as 'n hulpmiddel vir gesprekvoering.

Vervolgens word die semi-gestruktureerde onderhoude met die Gestaltspeltera-peute as respondente, skematies in Tabel 4 aangebied en daarna volg 'n bespreking daarvan.

Tabel 4: Inligting vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude met twee kundiges as respondente

Inligting ten opsigte van die:	Gestaltspelterapeut 1	Gestaltspelterapeut 2
Agtergrondgegewens	Tans werksaam by Child Line in Johannesburg as berader en het opleiding ontvang in Gestaltspelterapie.	Tans werksaam by 'n skool in Primrose as onderwyser en het opleiding ontvang in Gestaltspelterapie.
Benutting van eerste twee sessies van spelterapie met die laerskoolkind is hoofsaaklik gerig op:	Kennis ten opsigte van die kind self te bekom, verhoudingsbou en die assessering van die moontlike probleem.	Vir assesseringsdoeleindes, sowel as die bou van 'n terapeutiese verhouding, en die ontdekking van die kind se proses.
Assesseringstegnieke, -middels en -prosesse waarvan tans gebruik gemaak word is hoofsaaklik:	Vraelyste, ondervraging, die Roosboomtegniek en onvoltooide sinne.	Vraelyste, gestandaardiseerde toetse, onvoltooide sinne en die Roosboomtegniek.
Laerskoolkinders se ervaring van die genoemde assesseringsmiddels:	Kinders hou nie daarvan om 'n klomp vrae gevra te word nie. Tradisionele maniere is baie bedreigend en verhoog die kind se weerstand.	Eerste ervaring van terapie is nie aangenaam nie. Gestandaardiseerde toetse maak hulle moeg en voel vir hulle soos skool.
Laerskoolkinders se ervarings met die gebruik van 'n bordspel in terapie tydens die begin fase:	Veral kinders van die middelkinderjare lewensfase geniet bordspele soos slangetjies en leertjies en wil dit herhaaldelik speel.	Kinders geniet bordspele veral en neem graag deel.
Aanbieding van beplande Gestalt-assesseringshulpmiddel	Toon belangstelling en gretigheid om die hulpmiddel te toets.	Toon belangstelling.

Dit het vanuit die **semi-gestruktureerde onderhoude met die Gestaltspelterapeute** na vore gekom dat daar 'n leemte was ten opsigte van bestaande assesseringshulpmiddels vir die laerskoolkind in terapie. Die bestaande Gestalt-assesseringsriglyne en –prosesse van Schoeman (2002:12) en Oaklander (1988:181-205), asook 'n assesseringsriglyn vanuit maatskaplike werk in die navorsing van Potgieter (1996), is ook in Hoofstuk drie bespreek.
Volgens dié skrywers en vanuit die literatuuroorsig, is die bruikbaarheid en verskeidenheid van assesseringshulpmiddels, ook as 'n leemte uitgewys (O'Connor & Ammen, 1997:76-77). Beide Gestaltspelterapeute het positiewe gevoelens ten opsigte van 'n bordspel geopenbaar en volgens Van der Merwe (1996:98), word dit as 'n spelvorm en tegniek van assesseringspel, nie genoeg in terapie gebruik nie.

Die Gestaltspelterapeute se bydraes tydens die semi-gestruktureerde onderhoude toon ooreenkomste met inligting soos in hoofstuk drie uiteengesit. Die bevestigde inligting, word vervolgens vanuit die literatuur-studie en die empiriese ondersoek kortliks bespreek.

- Vir assesseringsdoeleindes in die aanvangsfase van terapie, word hoofsaaklik van vraelyste, gestandaardiseerde toetse, onvoltooide sinne en die Roosboomtegniek gebruik gemaak. (Vergelyk Blom, 2004:74; Oaklander, 1988:53-66 en O'Connor & Ammen, 1997:76-77).
- Die tradisionele maniere van assessering is bedreigend vir die kinders, omdat hulle voel hul moet 'n klomp vrae beantwoord of 'n 'toets' skryf. Dit mag moontlik 'n rede wees waarom meer weerstand getoon is (Vergelyk Blom, 2004:228; O'Connor & Ammen, 1997:76-80).
- Vanuit die semi-gestruktureerde onderhoude blyk dit verder dat die kind in die middelkinderjare veral van bordspele hou en dat hulle soos byvoorbeeld slangetjies en leertjies, dit graag herhaaldelik wil speel (Cole & Cole, 2001:556-557; Van der Merwe, 1996:98 en Webb, 1999:39).

- Die behoefte aan 'n Gestalt-asssesseringshulpmiddel is beklemtoon, asook die globale algemene tekort aan voldoende hulpmiddels vir assessering. (Vergelyk Potgieter, 1996:113)

Die Saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel

Vervolgens word die **saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel** vir die Gestaltspelterapeut vir die assessering van die kind in die middelkinderjare lewensfase wat verwys word vir terapie, in tabelvorm uiteengesit. Die fokus is dus die Schoeman-3-aspekmodel en om duidelikheid te verkry oor die fokus area in elke deel van die bordspel, is die tabel verdeel in: **aktiwiteit**, **doelstelling**, **doelwitte**, **spelvorm en tegniek.** Vir duidelikheid by die leser word die bordspel verdeel in drie dele, naamlik deel 1: die begin; deel 2: die uitstappie na die bos; deel 3: verdere verloop en einde. Hierdie bordspel sal beide in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel word.

Die onderstaande skematiese voorstelling bied 'n uiteensetting van die **Gestalt-assesseringshulpmiddel**, in 'n **bordspelformaat**, wat vir die empiriese ondersoek saamgestel is. Die struktuerele raamwerk van die bordspel is deur middel van die bordspel in vyf dele verdeel naamlik die **tema, doelstelling, doelwitte, aktiwiteite, spelvorme en –tegnieke.** Dit word vervolgens kortliks bespreek.

Tabel 5: Die saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel

Deel 1: Verhouding bou en oriëntering

Aktiwiteit	**Doelstelling**	**Doelwitte**	**Spelvorm**
Oriëntering	➢ Verhoudingsbou	➢ Plaas van grense en struktuur ➢ Neerlegging van reëls	➢ Assesseringspel
Keuses ten opsigte van kleur	➢ Verhoudingsbou ➢ Sensoriese stimulasie	➢ Stel van keuses	➢ Ontspanningspel ➢ Assesseringspel
Ysbreker	➢ Verhoudingsbou	➢ Ontspanne atmosfeer	➢ Ontspanningspel
Algemene vrae	➢ Verhoudingsbou ➢ Die kind se proses	➢ Nie-bedreigende vrae, om kind te leer ken	➢ Assesseringspel

Aktiwiteit	Doelstelling	Doelwitte	Spelvorm
Liggaamlike aktiwiteite	➢ Verhoudingsbou ➢ Sensoriese stimulasie	➢ Liggaamlike bewussyn	➢ Assesseringspel ➢ Ontspanningspel
Terapeutiese vrae	➢ Verhoudingsbou ➢ Terapeut se proses	➢ Deelname van terapeut	➢ Ontspanningspel

Deel 2: Die fantasievlug

Aktiwiteit	Doelstelling	Doelwitte	Spelvorm en tegniek
Die fantasievlug in die bos	➢ Verhoudingsbou ➢ Sensoriese stimulasie ➢ Die kind se proses	➢ Assessering van die kind se probleemoplossingstegniek	➢ Ontspanningspel ➢ Bibliospel ➢ Assesseringspel
Sensoriese en emosionele bewustheid.	➢ Sensoriese stimulasie ➢ Die kind se proses	➢ Bewustheid van die self en omgewing	➢ Assesseringspel
Projeksie tegniek	➢ Verhoudingsbou ➢ Die kind se proses	➢ Die kind se ondersteuningstelsel en funksionering	➢ Roosboomtegniek

Deel 3: Verdere verloop en einde

Aktiwiteit	Doelstelling	Doelwitte	Spelvorm
Algemene vrae	➢ Verhoudingsbou ➢ Die kind se proses	➢ Nie-bedreigende vrae, om kind te leer ken	➢ Assesseringspel
Liggaamlike aktiwiteite	➢ Verhoudingsbou ➢ Sensoriese stimulasie	➢ Liggaamlike bewussyn	➢ Assesseringspel ➢ Ontspanningspel
Terapeutiese vrae	➢ Verhoudingsbou ➢ Terapeut se proses	➢ Interaksie van terapeut	➢ Ontspanningspel
Sosiale vrae	➢ Die kind se proses ➢ Verhoudingsbou	➢ Assessering van sosiale sisteme: skool, familie en vriende	➢ Assesseringspel
Emosionele vrae	➢ Die kind se proses ➢ Verhoudingsbou	➢ Emosionele erkenning en uitdrukking	➢ Assesseringspel
Fantasievrae	➢ Die kind se proses ➢ Verhoudingsbou	➢ Die kind se verbeelding ➢ Nie-bedreigende aktiwiteite	➢ Assesseringspel ➢ Ontspanningspel
Toekenning-sisteem	➢ Verhoudingsbou ➢ Die kind se proses	➢ Motivering vir die antwoord van vrae	➢ Assesseringspel

Die bordspel is in drie dele verdeel en elke blokkie het 'n bepaalde tema, doelstelling en doelwit. 'n Spesifieke spelvorm of -tegniek is gebruik en is daarnaas aangedui. Vir die Gestaltspelterapeut het assessering, vir onder andere Blom (2004:73-74) en Oaklander (1994:143) besondere waarde vir die terapeutiese proses.

Deel Een

Die tema vir die **eerste deel** van die bordspel fokus op ontspanning, oriëntering en verhoudingsbou. Volgens Blom (2004:228) word daar in die beginfase van Gestaltspelterapie van spelaktiwiteite en –tegnieke gebruik gemaak om die kind die geleentheid te gee om die speelkamer en terapeutiese situasie te leer ken. Die terapeut moet die kind in die speelkamer op sy gemak stel deur nie-bedreigende aktiwiteite te gebruik, sodat die kind die geleentheid kry om georiënteerd te raak ten opsigte van die speelkamer en die bordspel. Aan die begin van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, is ontspanningspel as spelvorm en 'n ysbreker as 'n tegniek van assesseringspel gebruik om vir die kinderrespondent 'n veilige ruimte te skep.

Binne hierdie ruimte kon 'n vertrouensverhouding ontwikkel en gesprekvoering kon plaasvind. Die Gestaltspelterapeutiese benadering is gevolg, waartydens die navorser aktief aan die bordspel deelgeneem het, deur die terapeut se vraagkaartjies te beantwoord. Op hierdie manier word die terapeut sodoende die kind se maatjie en verkeer hy in 'n gelyke verhouding met die kind (Schoeman, 1996:30). Die navorser skep ook 'n omgewing van belangstelling, warmte, aanvaarding, veiligheid, sensitiwiteit vir gevoelens en waar keuses, sonder vrees vir oordeel, uitgeoefen kan word (Axline in Landeth, 1991:78).

Deel Twee

Vir die **tweede deel** van die bordspel, was die tema die fantasievlug. Die doelstelling was om die kind sensories te stimuleer en te assesseer. Die

sensoriese stimulasie het ten doel gehad om die kind in kontak met sy omgewing, homself en die terapeut, te bring. In die klassieke werke van Clarkson (1989:33) noem sy: “Our sensory and motor functions (seeing, hearing, feeling, moving, touching) are potentially the functions through which contact is made.” Vir Yontef en Jacobs (2000:305) verwys kontak na “being in touch with what is emerging here and now, moment to moment”. Dit is dus betekenisvol om die kind sensories te stimuleer om hom bewus te maak van die hier-en-nou sowel as van sy omgewing en sy eie proses.

Schoeman (1996:29) verduidelik dat sensoriese stimulering binne die terapeutiese konteks, so 'n belangrike rol vervul dat sinvolle terapeutiese intervensie en verhoudingstigting uiters onwaarskynlik is daarsonder. Deur middel van sensoriese kontakmaking, met die gebruik van die fantasievlug, kon die kinderrespondent in kontak gebring word met sy emosies, sy proses en sy omgewing. Volgens Oaklander (1999:163) kan effektiewe kontak gesien word as die kind se vermoë om kontak te maak met sy omgewing deur gebruikmaking van sy sintuie, bewussyn en effektiewe liggaamstaal. Sy noem ook dat dit aan die kind die vermoë gee om sy emosies op 'n meer gepaste manier uit te druk en om meer gepas gebruik te maak van sy intellek soos sy vermoë om idees, denke en behoeftes uit te druk. Volgens Blom (2004:98) het die ontwikkeling van sensoriese en liggaamlike bewustheid spesifieke terapeutiese waarde vanuit die Gestaltbenadering, aangesien dit bydra tot die kind se holistiese funksionering.

Assesseringspel is ook benut deur middel van die Roosboomtegniek (Oaklander 1988:32-33) en deur 'n probleem te skep om sodoende die kind se probleemoplossingstegniek te assesseer. Die doel van die toepassing van die Roosboomtegniek was, aldus Blom (2004:77), om te bepaal watter ondersteuning die kind vanuit sy omgewing verkry en hoe hy homself sien. Hierdie deel van die bordspel het ten doel gehad om die terapeutiese verhouding, sowel as bewusmaking van die kind se proses, te versterk.

Deel Drie

Die **derde fase** van die bordspel het gepoog om ’n holistiese beeld van die kind te verkry, deur van assesseringspel gebruik te maak om verskillende aspekte – vervat in die kind se proses – te assesseer. Die temas was soos volg:

- emosies, die uitdrukking, belewing en herkenning daarvan;
- liggaamlike aktiwiteite, om die kind in kontak te bring met sy omgewing en liggaam, sowel as om liggaamsfunksies te assesseer;
- sosiale aspekte, om inligting te bekom ten opsigte van sy skool, familie en vriende en
- fantasievrae, om inligting te verkry oor sy wense, drome en moontlike probleme.

Blom (2004:90) beklemtoon dat dit belangrik is wanneer die kind vanuit Gestaltspelterapie geassesseer word, dat ’n holistiese uitgangspunt gebruik moet word. In die derde deel van die bordspel, word die kind meer ontspanne en is dit moontlik om meer persoonlike vrae aan die kind te stel. Die kind het egter steeds 'n keuse of hy dit wil antwoord of nie.

Die bordspel het ongeveer 35 minute geduur. Deel twee het die langste geduur. Die kaartjies is ook ingedeel in verskillende areas, naamlik algemene, terapeut, liggaam, emosies, sosiaal en fantasie. Die indeling is gedoen deur die aanpassing van Oaklander (in Blom, 2004:71-73) se riglyne vir assessering gedurende Gestaltspelterapie. Die algemene area bevat hoofsaaklik vrae oor die kind se lewe wat nie-bedreigend is nie. Dit het ten doel gehad om die kind beter te leer ken, sowel as om die kind se self te versterk. Volgens Oaklander (1997:298) versterk die terapeut nie net die kind se self deur sensoriese en ligaamlike ervarings nie, maar ook deur die kind die geleentheid te gee om homself te beskryf. Vroeër noem Oaklander (1994:152) “To define the self is to make statements regarding the likes, dislikes, wants and needs of the self”. Sy

voeg by dat dit vir die kind die geleentheid bied om te sê wie hy is en wie hy nie is nie.

Die gebruikmaking van vraagkaartjies

Die **terapeutiese afdeling** is ingesluit en bevat algemene vrae waaroor kinders gewoonlik wonder, byvoorbeeld wat die terapeut se werk is, hoe lank die terapeutiese sessie duur, ensovoorts. Die fokus van die area het geval op die gelyke verhouding en die terapeut se interaksie met die kind in die bordspel. Kottman (1995:49) noem dat aangesien die terapeutiese verhouding 'n gelyke vennootskap is, die kind en die terapeut verantwoordelikheid en krag in die sessies moet deel.

Die **liggaamlike aktiwiteite** het ten doel om die kind in kontak te bring met sy omgewing, sowel as om sy liggaamlike funksies te assesseer. Volgens Blom (2004:108) het elke emosie 'n liggaamlike kontakpunt. Liggaamlike kontak-making is 'n belangrike aspek wat aandag moet verkry gedurende die Gestaltterapeutiese proses. Oaklander (1988:131) noem “How we move our bodies correlates closely with our ability to be assertive, with our feelings of entitlement and self-support.

Die **emosionele area** is geassesseer ten opsigte van die uitdrukking, herkenning en belewenis van die kind se emosies. Die terapeut wil die kind bewus maak van sy eie proses wat ook sy emosies insluit, watter emosies hy ervaar, ken, die hantering daarvan en die herkenning van emosies in ander (vergelyk Aronstam, 1989:639; Blom, 2004:52-53).

Die **sosiale area** word geassesseer om te bepaal waaruit die kind se ondersteuningsisteem bestaan. Die fantasievrae is ingesluit om inligting te verkry in terme van die kind se wense, drome en probleme. Aldus Korb *et al* (in Blom, 2004:196) “From the gestalt theory perspective, metaphors and fantasies

are considered metaphoric expressions of the content of self-experience and can be used during therapy to bring to the foreground unfinished business of which children are unaware."

Die gebruik van kaartjies (Bylaag B) in elke ontwikkelingsarea maak dit vir die terapeut moontlik om verskeie aspekte, byvoorbeeld vriende en familie en die skool binne sosiale ontwikkeling, binne 'n ontwikkelingsarea te assesseer.

Die kind is ook gemotiveer om vrae te beantwoord deur middel van die gebruik van 'n toekenning-sisteem. Daar is verseker dat die kind op soveel moontlik blokkies land, deur die gebruik van 'n dobbelsteen wat, nul, een en twee gemerk is, sowel as om probleme op die bord te skep waar die kind teruggestuur word na 'n vorige blokkie.

'n Evalueringsvorm vir die Gestaltspelterapeut is ingesluit om as 'n prosesnota te dien vir dié sessie waarvoor die bordspel gebruik word.

Vervolgens word die vierde stap van die navorsingsproses, naamlik die prosessering van inligting, asook die interpretering en integrering daarvan, aan die leser voorgehou.

4.2.4 Prosessering van data, interpretering en integrering van navorsingsbevindinge

Volgens Sherman en Reid (1994:269) het die **prosessering van data** ten **doel** om die data te verkort en te verander na konkrete data op wyses wat inligting ten opsigte van konstruksies van konsepte in verskillende vorme moontlik maak. De Vos (2002:339) noem vervolgens dat die proses van data-analise, 'n proses is om orde te bring, struktuur te gee en verklarings te gee vir al die data wat ingesamel is.

Gedurende hierdie fase van die navorsingsproses is gepoog om die bevindinge, wat vanuit die trianguleringsproses verkry is, te prosesseer, te interpreteer en te integreer. Volgens De Vos (2002:346) verteenwoordig **kodering** die bewerking van data wat onder verdeel word, voorgestel en op 'n nuwe manier weergegee word. Sy gaan verder om te noem dat dit die sentrale proses is waarby teorie vanuit inligting voortbestaan. Daar is verskeie vorme waarin die bevindinge voorgehou kan word, naamlik teks-, tabel- of grafiekvorm (De Vos, 2002:340-350). Vir die doeleindes van hierdie navorsing is teks- en tabelvorme as visualiseringsmetodes gebruik. Die proses van kodering het aan die navorser die geleentheid gegee om teorie en praktyk te integreer deur middel van die samestelling van die inligtingsdokument vir die toepassing van die bordspel as Gestalt-assesseringshulpmiddel. Verder is inligting, wat deur middel van die trianguleringsproses verkry is, in verband gebring, wat tot gevolgtrekkings kon lei oor die bruikbaarheid van die saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel.

Deur middel van die Gestalt-assesseringshulpmiddel kon die bevindinge geïntegreer word. Deur te fokus op die ingesamelde inligting, aangaande verhoudingsbou, sensoriese stimulasie en die kind se proses, kon dié drie aspekte van die Schoeman-3-aspekmodel se inligting prakties geverifeer word.

Vervolgens word die inligting van elk van die Schoeman-3-aspekmodel in tabelformaat weergegee, waarna 'n bespreking van die inhoud volg en verbande dus tussen die teorie en praktyk as 'n vorm van **literatuurkontrole,** gelê word.

Die toepassing van die Gestalt-assesseringshulpmiddel word, soos reeds gemeld, in drie onderafdelings verdeel en word aan die leser in Tabel 6 aangebied en daarna bespreek.

Tabel 6: Die toepassing van die Gestalt-assesseringshulpmiddel op die kinderrespondent

Deel 1: Verhoudingbou en oriëntering

Assesseringsdoelwitte: Bou van terapeutiese verhouding, sensoriese stimulasie en die ontdekking van die kind se proses				
Dobbelsteen (0/1/2)	**Aktiwiteitsarea**	**Spelvorm**	**Aktiwiteit/vraag**	**Respondent se reaksie**
Kies 'n kleur	Skuifklippie	Assesseringspel	Watter kleur wil jy verteenwoordig op die bord?	Blou, want dis my gunsteling kleur.
Begin	Ysbreker	Ontspanningspel	Verander drie dinge van jouself	Kind lag en geniet dit. Erken maklik goed wat die navorser verander het, en verander maklik dinge van haarself. Trek haar kous, trui, mou op.
2	Liggaamsaktiwiteit	Assesseringspel Ontspanningspel	Kan jy op een been spring? Links? Regs?	Kind doen dit met gemak.
0	Liggaamsaktiwiteit	Assesseringspel Ontspanningspel	Kan jy soos 'n leeu brul?	“Nee”. Kind voel skaam.
2	Algemene	Assesseringspel	Dit is vir my lekker om…	“…te glimlag.”

Deel 2: Die fantasievlug

Assesseringsdoelwitte: Bou van terapeutiese verhouding, sensoriese stimulasie en die ontdekking van die kind se proses			
Aktiwiteitsarea	**Spelvorm**	**Aktiwiteit/vraag**	**Respondent se reaksie**
Fantasievlug	Ontspanningspel Assesseringspel Bibliospel	➢ Watter geluide kon jy alles hoor? ➢ Watter plan sal jy maak om aan die ander kant by die piekniek kos uit te kom?	• "Voëltjies, water, krieke." • "Ek sal iemand bel. Ek sal probeer om oor te spring."
Sensoriese stimulasie (tas)		➢ Kan jy sê hoe elkeen voel: Klip, blaar en sand? ➢ Watter een voel die lekkerste? ➢ Laat dit jou aan iets dink? ➢ Watter een hou jy nie van nie? ➢ Het jy dit al voorheen êrens gevoel?	• "Almal voel lekker. Die klip voel koud en sag; blaar voel sag; en die sand voel grof en krummelrig." • "Ek hou die meeste van die klip, want ek hou van sy vorm, kleur en hy voel lekker koud en sag." • "Nee, net blare en klippe". • "Ek hou van almal." • "Ja in my tuin."
Roosboomtegniek	Assesseringspel	➢ As jy een van hierdie bome kon kies watter een sou jy kies? ➢ Staan hierdie boom alleen of is daar goed om hom? ➢ Is daar iets om die boom? ➢ Voel die boom veilig? ➢ Het die boom wortels? ➢ Wie kyk na die boom, is daar iemand wat vir hom water gee? ➢ Waar bly die boom? ➢ Hoe voel die boom? ➢ Is dit koud of warm waar die boom bly?	• Boom nommer 3. • "Nie alleen, voëls, blommetjies, kat en 'n hond." • "Ja, 'n muur, sodat niemand op hom klim nie." • "Ja, meeste van die tyd." • "Ja, om hom regop te hou." • "Die persoon wat die boom geplant het." • "In die bos" • "Hy voel gelukkig, want hy kry water en son. Soms voel hy ongelukkig, want die mense klim op hom." • "Dis warm maar net lekker."

Deel 3: Verdere verloop en einde

Assesseringsdoelwitte: Bou van terapeutiese verhouding, sensoriese stimulasie en die ontdekking van die kind se proses				
Dobbelsteen (0/1/2)	**Aktiwiteitsarea**	**Spelvorm**	**Aktiwiteit/vraag**	**Respondent se reaksie**
1	Algemene	Assesseringspel	My beste herrinnering is…	“My familie en om saam met hulle te wees.”
1	Sosiaal	Assesseringspel	Dit wat ek die meeste van hou om saam met my familie te doen is…	“..om met my niggies en nefies te speel.”
0	Sosiaal	Assesseringspel	Ek hou daarvan om op…… se skoot te sit?	“My pa.”
0	Sosiaal	Assesseringspel	My beste maatjie is…..	Naam, “wat getrek het. Ek sien haar nog maar min.”
2	Fantasie en wense	Assesseringspel	As 'n feetjie na my toe kom en sy sê ek het drie wense, sou my drie wense wees?	“Vir 'n fiets, net dit.”
2	Emosies	Assesseringspel	Die gevoel wat my die meeste probleme gee is…	“Mense wat baklei en ongeskikte is, want dit laat my hartseer voel.”
2	Terapeut	Assesseringspel	My gunsteling kos?	“Pizza”
0	Terapeut	Assesseringspel	My gunsteling speelding?	“Lego”
1	Sosiaal	Assesseringspel	Ek dink pa’s is…	“Vriendelik”
0	Sosiaal	Assesseringspel	Ek hou daarvan as… saam met my speel.	“My niggies en nefies.”
0	Sosiaal	Assesseringspel	Soms kan ek nie konsentreer nie, want…	“Die mense praat te veel.”
2	Fantasie en wense	Assesseringspel	Ek wens daar was meer…	“Stilte.”
0	Fantasie en wense	Assesseringspel	As ek 'n towerstok gehad het, sou ek…	“sodat mense sal ophou praat, baklei en lelik wees.”
1	Emosies	Assesseringspel	Wanneer ek bang voel wil ek…	“Huil.”

Dobbelsteen (0/1/2)	Aktiwiteitsarea	Spelvorm	Aktiwiteit/vraag	Respondent se reaksie
1	Sosiaal	Assesseringspel	My ma…	"Is oulik."
2	Obstruksie, water	Assesseringspel	Hoe sal jy oor die rivier kom?	"Ek sal oor swem."
1	Fantasie en wense	Assesseringspel	Ek wens en het nooit…	"Hartseer gevoel nie."
1	Emosies	Assesseringspel	Hartseer gesiggie: ➢ Hoe dink jy voel hierdie apie? ➢ Het jy al so gevoel? ➢ Wat doen jy as jy so voel? ➢ Het jy al iemand anders gesien wat so gevoel het? ➢ Wat het daardie persoon gedoen? ➢ Weet jy hoekom hy so gevoel het?	• "Hartseer." • "Somtyds." • "Ek gaan na my kamer toe en lê op my bed. As ek by die skool is dan lê ek op my arms." • "Ja 'n seuntjie by die skool." • "Hy het op sy arms gelê." • "Ja, die ander kinders was lelik met hom."
2	Algemeen	Assesseringspel	My gunsteling speelding?	"Barbie's."
0	Algemeen	Assesseringspel	My gunsteling kos?	"Mac Donald's."
2	Obstruksie, vuur	Assesseringspel	Hoe sal jy verby die vuur kom?	"Ek sal in die spasies tussen in verbyskuif."
1	Terapeut	Assesseringspel	Wie is jou beste maatjie?	"Mariê."
1	Fantasie en wense	Assesseringspel	As ek 'n dier kon wees, sou ek graag 'n … wou wees, want…	"Hond, want hy bly in mense se huise en beskerm mense."
2	Ligaamsaktiwiteit	Assesseringspel	As jy 'n seerower was en jy het deur jou teleskoop gekyk, wat sien jy?	"Ek kan baie ver sien." Regteroog dominansie.

Vanuit die bogenoemde aanbieding kom dit na vore dat die kinderrespondent ontspanne in die omgewing gevoel het en gedurende die aktiwiteite betrokkenheid, belangstelling en opgewondenheid getoon het. Volgens West (1996:13) kan spelaktiwiteite angs en spanning verlig, sowel as ontspanning, vermaak en plesier bevorder. Dit was vir die kind betekenisvol ook dat die terapeut deelneem en betrokke was by die spel. Dit sluit aan by Schoeman (1996:30) wat beskryf dat in die terapeutiese verhouding die terapeut die kind se speelmaat word en in gelyke verhouding met die kind staan. Aldus Oaklander (1997:293) is dit belangrik dat die kind en terapeut mekaar as twee aparte en gelyke individue sien. Daar is gedurende die toepassing van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, die bordspel, regstreeks gefokus op die stig van die terapeutiese verhouding. Volgens Kottman (1995:50) werk die spelterapeut aan die stig van die verhouding nog voordat die kind vir die eerste sessie kom tot na die beeindiging van die spelterapie.

Bevindings deel een

Die fokus in die **eerste deel** van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, was die skep van 'n **ontspanne atmosfeer** en die **stigting van die terapeutiese verhouding**. Daar was dus begin met aktiwiteite wat nie-bedreigend vir die kind is nie en vrae waarmee hy gemaklik sou voel om te beantwoord. Dit word ook deur die literatuur uitgelig. Axline (in Landreth, 1991:78) verwys na die terapeutiese verhouding as die skep van 'n ontspanne omgewing van aanvaarding, waarin die kind veilig voel om van homself te deel.

Die kinderrespondent het maklik kontak met die navorser gemaak, deur deel te neem aan die spel. Die feit dat die kind so goed kontak gemaak het, het daarop gewys dat hy moontlik gesonde vlak van vertroue het. Gesonde kontak volgens Oaklander (1999:163) kan gesien word as die kind se vermoë om kontak te maak met die omgewing deur gebruikmaking van sy sintuie, bewustheid en effektiewe gebruik van sy liggaam. Volgens Yontef en Jacobs (2000:313) is

kontak 'n noodsaaklike deel van alle ervarings en om hierdie rede kan geen ervaring sonder kontak bestaan nie.

Die kind het ook gepaste weerstand getoon, deur nie die tweede liggaamsaktiwiteitkaartjie te beantwoord nie, omdat hy nie gemaklik gevoel het om soos 'n leeu te brul nie. Oaklander (1997:295) noem dat meeste kinders weerstand bied om hulself tot 'n sekere mate te beskerm. Sy voeg ook by dat sy weerstand respekteer en meer bekommerd is wanneer dit nie voorkom nie. Blom (2004:61) kom tot die gevolgtrekking dat weerstand gesien kan word as 'n gesonde reaksie, aangesien kinders wat nie weerstand bied nie, gewoonlik 'n swak siening van die self het. Die kinderrespondent het ook in die aanvangsfase van die sessie alles versigtig dopgehou en deurdink voordat hy gereageer het. Hy het in die begin stil en teruggetrokke voorgekom. Deur die kies van 'n skuifklippie, was dit duidelik vir die navorser dat die kind met gemak en onafhanklikheid, keuses kan uitoefen, ten opsigte van wat hy self wil hê. Volgens Oaklander (1997:299) kan die kind se innerlike krag versterk word deur die skep van verskeie geleenthede vir hom om keuses te maak. Sy voeg ook by dat sy soveel moontlike nie-bedreigende keuses aan die kind bied as wat sy kan, so kan die kind byvoorbeeld kies waar hy wil sit. Blom (2004:118) voeg ook by dat kinders soms angstig is om eenvoudige keuses te maak, omdat hulle te bang is hulle maak die verkeerde keuse.

Die Gestaltspelterapeutiese benadering kon hier benut word, om sodoende die kinderrespondent gemaklik te laat voel in die omgewing en om die terapeutiese verhouding te stig.

Blom (2004:53) noem dat deur die bevordering van die kind se bewussyn, word die kind op 'n kognitiewe, sensoriese en affektiewe vlak in volle kontak met homself, sowel as met ander mense in sy omgewing gebring, sodat hy homself kan ken en aanvaar om die nodige verantwoordelikheid vir sy keuses te kan aanvaar. In die klassieke werke van Perls (1973:20) noem hy vir die mens om effektief in sy omgewing te bly en te kan funksioneer moet hy voldoende vlakke

van bewustheid hê. Die vlakke sluit sy liggaamstruktuur, beweging, sintuie, gevoelens, denke en fantasie in.

Bevindings deel twee

Die **tweede deel** van die bordspel het hoofsaaklik ten doel gehad om die kind sensories te stimuleer sodat hy in kontak gebring kan word met sy omgewing en met homself. Die fokus was hier ook op die bou van die terapeutiese verhouding en die ontdekking van die kind se probleemoplossingstegniek en ondersteuning-stelsel, wat vervat is in sy proses. Soos voorheen genoem kan die kind se proses gesien word as wie hy is, watter emosies hy uitdruk, waarvan hy hou en nie hou nie, wat sy behoeftes is, watter gedrag hy uitdruk en hoe hy dit uitdruk (Blom, 2004:50). Die probleemoplossingstegniek is geassesseer deur die skep van 'n fantasie waarin die kind 'n obstruksie ervaar en keuses en besluite moet uitoefen. Dit is volgens Bekker (2004:158) 'n gepaste manier om die kind se proses te bepaal. Die kind se ondersteuningstelsel is ook geassesseer wat volgens Oaklander (in Blom, 2004:73) sy sosiale vaardighede insluit. Sy noem dat vrae soos hoe die kind se verhouding met ander is, of hy maats het ensovoorts gevra kan word.

Die kinderrespondent het die terapeut genoeg vertrou om sy oë toe te maak tydens die fantasievlug. Die musiek en die fantasievlug het ook gedien as **sensoriese stimulasie** van die kind se sig-, gehoor-, reuk- en smaaksintuie. Die stimulering van die tassintuig het die kind ook aangenaam gevind en was dit vir hom maklik om die gevoel van die klippie, blare en sand te beskryf. Die sensoriese stimulasie het dus die kind se bewustheid van homself verhoog, innerlike krag verskaf, hom meer gemaklik laat voel en die verhoging van sy selfvertroue teweegbring (Blom, 2004:99). Volgens Oaklander (1988:57) maak die kind deur middel van sy sintuie: visueel, verbaal, tas, ouditief, beweging, reuk en smaak kontak. Die kind het dus kontak met homself gemaak gedurende hierdie kontakmakingsproses en as gevolg daarvan was dit vir hom makliker om van homself in die terapeutiese proses te gee. Deur middel van die sensoriese

stimulasie is die kind nie net sensories gestimuleer nie, maar het dit ook duidelik geword dat hierdie kind wel sensories in kontak is.

As deel van die bepaling van die kind se proses, is 'n fantasievlug geskep, waarin 'n probleem geskep is, om die kind se probleemoplossingstegniek sowel as sy **proses te bepaal**. Die fantasie is geskep waar die kind 'n obstruksie ervaar en keuses en besluite moet uitoefen (Bekker, 2004:158). Die probleem-oplossingstegniek wat die kinderrespondent van gebruik maak, is meer realistiese bedoel. Hy moet byvoorbeeld eerder van 'n tou of stompe gebruik maak, as om oor te vlieg. Sy tegniek was ook tot 'n mate afhanklik van die mense in sy omgewing, hy sal voorstel om iemand te bel eerder as om self 'n oplossing te kry.

Tydens die gebruik van die aangepaste Roosboomtegniek (Oaklander, 1988:32-33), kon die navorser die volgende gevolgtrekkings maak ten opsigte van die kind se ondersteuningstelsel naamlik: die kind het mense om hom wat voorsien in sy basiese behoeftes; dit is belangrik vir hom om mense om hom te hê en hy hou nie baie van alleen wees nie; die gedrag van ander mense maak hom soms ongelukkig en laat hom onveilig voel. Volgens Ladd en Lesieur, (in Kaplan, 1998:241) is die kind van hierdié ouderdom veral geneig om sy sosiale netwerke betekenisvol uit te brei en die hoeveelheid en belangrikheid van sy vriendskappe verhoog gewoonlik tydens hierdie fase. Die kind is tydens middelkinderjare besig om sosiale vaardighede aan te leer oor hoe om verhoudings in sy gemeenskap aan te knoop (Thompson *et al*., 2004:15). Dit is duidelik vanuit die literatuur dat dit as normaal beskou word vir die kind om tydens hierdie ouderdom probleme ten opsigte van vriendskappe en ander verhoudings te aanvaar. Dit is vir die kind gedurende hierdie tyd belangrik om vriendskappe op te bou, maar aangesien hy nog besig is om sosiale vaardighede aan te leer kan hy probleme ervaar.

Bevindings deel drie

In die **derde deel** van die bordspel, word daar gefokus op verskeie aspekte soos emosies, sosiaal, die liggaam, die kind se probleme en wense en algemene belangstellings. Volgens Frey (1986:24) is dit moontlik om waarnemings ten opsigte van die kind se denke, gevoelens en gedrag, verbale vaardighede, aandag, persepsie, liggaamstaal, doelgerigtheid, vermoë om gevoelens uit te druk en die vlak van sy ontwikkeling, in die speel van 'n bordspel, te maak. In die derde deel van die bordspel, het die kind baie meer begin praat en baie met die navorser gedeel. Namate die kind gewoond raak aan die terapeutiese situasie, vind hy dit makliker om homself te wees (Blom, 2004:54).

Tydens die toepassing van die bordspel op die kind kon die volgende inligting ten opsigte van die **kind se proses** gevind word.

- *Sosiaal*: Aangesien sy enigste broer/suster baie ouer as hy is, voel hy soms alleen en beteken dit dat hy soms alleen moet speel. Daarom is dit vir hom lekker as sy niggies en nefies kom kuier. Sy pa en ma is vir hom baie belangrik en hy hou daarvan om as 'n familie saam te wees. Sy beste maat het getrek en hy sien hom selde. Volgens Bee en Boyd (2003:254) beskik die kind in hierdie lewensfase oor die vermoë om ander in sy omgewing beter te verstaan en om hierdie rede begin sy sosiale verhoudings verander. Hierdie skrywers noem ook dat die kind steeds geheg bly aan die ouers maar net meer onafhanklik begin word.
- *Emosioneel*: Dit was vir hom maklik om gevoelens in homself, sowel as in ander te herken. Hy voel soms hartseer as mense stry, raas en lelik met mekaar is. Tydens die middelkinderjare leer die kind om emosies in ander te herken (Louw, 1990:362), uit te druk, te beheer, te onderdruk of weg te steek (Blom, 2004:245). Dit kom voor asof hy 'n groot behoefte aan rustigheid en stilte het en dat daar baie mense in sy omgewing is wat baklei. As hy hartseer voel, maak hy op homself staat deur hom af te sonder en daarvan te probeer vergeet. Vanuit literatuur is dit gepaste gedrag vir die kind van hierdie ouderdom, aangesien die kind emosioneel

meer volwasse is en hy van hulpeloosheid na selfondersteuning beweeg (Turner & Helms in Louw, 1990:362).

- *Wense*: Dit is duidelik vanuit die wense wat gemaak is, dat mense wat raas en baklei vir hom op hierdie huidige oomblik 'n probleem skep. Aangesien dit talle kere in verskeie areas genoem is, blyk dit dat dit op die voorgrond is en dat hy graag daaraan sal wil werk. Die kind beskik oor die vermoë om ander se emosies te herken deur inligting verkry van die persoon se gesig, stem of beide (LaFreniere, 2000:177). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat aangesien die kind oor hierdie vermoë beskik hy moontlik sensitief sal wees vir negatiewe emosies wat deur ander uit gedruk word.
- *Probleemoplossing*: Die probleme wat op die bordspel voorgekom het, kon hy onafhanklik oplos, sonder om gebruik te maak van die oplossings wat op die bordspel beskikbaar is. Daar was egter nog 'n mate van egosentrisme wat hierdeur duidelik geword het, maar dit was steeds nog in verhouding met die kind se ontwikkelingsfase. Aldus Shaffer (2002:29) beskik die kind in die middelkinderjare oor die vermoë om 'n situasie te deurdink, te analiseer en logies te konstrueer, omdat fokussering en beplanning 'n deel van sy intellektuele ontwikkeling vorm. Die gevolg-trekking kan dus gemaak word dat die kind oor onafhanklike probleemoplossingsvaardighede tydens hierdie ouderdom, behoort te beskik.
- *Liggaamlik*: Die kind is regterkant dominant en weet wat links en regs is. Hy is ook gemaklik met sy liggaam en neem 'n gemaklike portuur aan. Sy energievlakke was binne normale parameters en was konstant gedurende die sessie. Oaklander (1994:149) noem “consistent with the Gestalt therapy’s attention to all aspects of the child’s organism, attention is paid to the child’s use of the body.” Die skrywer noem ook dat die terapeut talle aktiwiteite met die kind kan doen om die kind se bewustheid van sy liggaam te verhoog.

Vanuit die bogenoemde voorstelling, was dit opvallend, dat tydens die derde deel van die bordspel, nie net die proses van die kind bepaal kon word nie, maar ook wat op daardie oomblik op sy voorgrond was. Dit sluit aan by die literatuur (Potgieter, 1998:142) dat die terapeut gedurende assessering inligting verkry oor die probleem en dit in 'n raamwerk plaas wat alle faktore wat 'n invloed op die persoon se toestand mag hê, in ag neem.

Met die interaksie tydens die bordspel was dit moontlik om 'n **terapeutiese verhouding** met die kind te stig. Die **sensoriese stimulasie** van die kind, het hom in kontak met homself en die omgewing gebring. Dit was nodig om die kind se proses te bepaal. Sekere apekte van die **kind se proses**, sowel as wat op sy voorgrond is, kon deur middel van die bordspel bepaal word. Al drie doelwitte kon dus met die gebruik van die Gestalt-assesseringshulpmiddel bereik word.

4.3 SAMEVATTING

Die fokus van hierdie hoofstuk het op die navorsingsmetodologie van die betrokke studie geval. Navorsing benodig 'n sistematiese en gestruktureerde werkswyse, ter bereiking van 'n spesifieke doel. In die eerste afdeling van hierdie hoofstuk, voorsien die navorser 'n oorsig oor hoe die beplanning van die navorsing geskied het. Aan die einde word aandag gegee aan die implementering, prosessering, interpretering en integrering van die navorsing.

Deur die benutting van verskillende spelvorme en speltegnieke in die assessering van die kind, met behulp van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, kon die terapeutiese verhouding versterk word, die sensoriese kontakmaking van die kind aangespreek word en die proses van die kind ontdek word.

Die bruikbaarheid van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, tydens die toepassing daarvan op 'n laerskoolkind, is bevestig. Die ontdekking van die kind se proses het inligting verskaf wat die navorser kan benut in verdere beplanning

van die terapeutiese proses. 'n Verhoging van die kind se bewustheid van sy eie proses, het hom in kontak met sy eie behoeftes, emosies en wense gebring en hoe hy dit huidig aanspreek en ervaar. Die doelwitte van die Gestaltspeltera-peutiese benadering sowel as die Schoeman-3-aspekmodel kon suksesvol aangespreek word.

'n Duidelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie is noodsaaklik vir die duidelike insameling van data en voorsiening van geklarifiseerde gevolgtrekkings en aanbevelings. Die aanbevelings en gevolgtrekkings sal dus in hoofstuk vyf bespreek word.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings en aanbevelings, sowel as moontlike tekortkominge en temas vir verdere navorsing aangebied.

5.2 NAVORSINGSPROBLEEM, DOELSTELLING EN DOELWITTE

Tydens hierdie studie is die navorsingsprobleem, doelstelling en doelwitte van die studie soos volg aangespreek:

Hierdie studie is gerig deur die **navorsingsprobleem**, naamlik dat *daar nie sover vasgestel of sover bekend 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel in die vorm van 'n bordspel is, wat fokus op die Schoeman-3-aspekmodel, vir die assessering van die laerskoolkind in die middelkinderjare wat in terapie is nie.* Aangesien die navorsingsvrae vanuit hierdie probleem ontstaan het, is dit beskou as die riglyn vir die ondersoek en word dit soos volg geformuleer:

- *Wat is vanuit bestaande navorsing beskikbaar in terme van assesserings-hulpmiddels?*
- *Wat is die benuttingsmoontlikhede van 'n saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie, waar gefokus word op die Schoeman-3-aspekmodel?*

Vanuit die kwalitatiewe navorsing het dit duidelik geword dat daar 'n tekort aan 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel, van hierdie vorm en omvang, is. Die navorser is van mening dat deur die benutting van die Gestalt-assesseringshulpmiddel die

Gestaltspelterapeut toegerus word met 'n hulpmiddel vir die assessering van die kind in die aanvangsfase van terapie.

Die **doelstelling** van die studie was om 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel, wat fokus op die Schoeman-3-aspekmodel in die vorm van 'n bordspel, vir die laerskoolkind in terapie, saam te stel. Die doelstelling van die navorsing is bereik nadat die navorsingsvrae beantwoord is. Dit het daarop gedui dat daar 'n leemte is ten opsigte van Gestalt-assesseringshulpmiddels van hierdie vorm, sowel as dat die benutting van die saamgestelde Gestalt-assesseringshulpmiddel voordelig is vir die terapeutiese proses. Die doelwitte het ontstaan vanuit die doelstelling.

Die doelwitte wat uiteengesit is om die doelstelling te bereik is soos volg om:

- ✓ **Eerstens** vir teoriegenerering deur middel van 'n literatuurondersoek, sentrale temas te verken en te beskryf naamlik 'n in-diepte bestudering van: Die middelkinderjare se lewensvaardighede en behoeftes vanuit 'n Gestaltperspektief; die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel; asook inligting rakende 'n bordspel om te dien as assesseringshulpmiddel vir die Gestaltspelterapeut.
- ✓ **Tweedens** verdere inligting in te samel deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met twee Gestaltspelterapeute.
- ✓ **Derdens** 'n bordspel saam te stel en as assesseringshulpmiddel toe te pas op een kind, om kwalitatiewe waarnemings te maak sowel as verdere inligting in te samel.
- ✓ **Vierdens** 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie as die navorsingsproduk saam te stel, met die oog op verdere studies. Uitkomste en bevindings is dan met die literatuur geïntegreer om te dien as literatuurkontrole.

Kwalitatiewe observasie het daarop gedui dat die kind met entoesiasme aan die bordspel deelgeneem het. Die sensoriese stimulasie het hom in kontak gebring

met sy omgewing, homself en die terapeut in die hier-en-nou. Dit het sodoende ook bygedra tot die stigting van die terapeutiese verhouding. Die kind het ontspanne voorgekom en het met verloop van die bordspel meer van homself met die navorser gedeel en so is sy proses ontdek. Die terapeut kon ook met die beantwoording van die terapeutiese vrae van haarself deel en inligting oor wat in die speelkamer verwag word, verskaf.

Na aanleiding van die oplossing van die probleem, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die doel van die navorsing bereik is, naamlik dat daarin geslaag is om deur die studie 'n gepaste Gestalt-assesseringshulpmiddel, wat fokus op die Schoeman-3-aspekmodel vir die laerskoolkind in terapie, saam te stel. Die gevolgtrekking kan ook gemaak word dat hierdie Gestalt-assesserings-hulpmiddel in die vorm van 'n bordspel, deur Gestaltspelterapeute benut kan word vir assessering in die aanvangsfase van terapie.

Die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings word ten opsigte van die doelwitbereiking van die studie gemaak.

5.3 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VOLGENS DIE DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie is sover moontlik geïntegreer met hoofstukke twee en drie. Hierdeur poog die navorser om 'n geheelbeeld van die kennisinhoude wat noodsaaklik was vir die samestelling van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, vir die kind in die middelkinderjare, wat hom in terapie bevind, daar te stel. Die gevolgtrekkings en aanbevelings word volgens die doelwitte van die studie bespreek.

5.3.1 Doelwit 1: Literatuuroorsig

Die literatuuroorsig het ten doel gehad om 'n breë teoretiese agtergrond te verkry oor die volgende sentrale temas: die kind in die middelkinderjare lewensfase en behoeftes vanuit 'n Gestaltperspektief; die eerste drie aspekte van die Schoeman-werksmodel; asook inligting rakende bordspele om te dien as assesseringshulpmiddel vir die Gestaltspelterapeut.

Die uitvoering van 'n literatuuroorsig was belangrik aangesien dit 'n raamwerk geskep het waarbinne bestaande bevindinge en leemtes, verken en beskryf kon word. Hierdie doelwit is in hoofstuk twee, sowel as hoofstuk drie uitgevoer.

Die volgende gevolgtrekkings kon in konteks van die doelwit geidentifiseer word. Die inligting in die literatuuroorsig in hoofstuk twee het oor die ontwikkelings-dinamika van die kind in die middelkinderjare gehandel. Daar is bevind dat hierdie kind reeds oor die noodsaaklike ontwikkelingstake beskik wat tydens interaksie met ander aangewend kan word en wat hy in sy omgewing kan benut om sy behoeftes te bevredig. Die identifisering van die kind se ontwikkelingstake dien slegs as 'n raamwerk vir die Gestaltspelterapeut om 'n idee te verkry van die huidige vermoëns waaroor die kind beskik.

Hoofstuk drie het verdere inligting oor Gestaltspelterapie verskaf. Die benutting van huidige Gestalt-assesseringshulpmiddels is ondersoek en die leemtes sowel as die behoefte het duidelik geword. Vanuit hoofstuk drie het dit geblyk dat spelvorme benut kan word vir assessering en die bereiking van terapeutiese doelwitte. Daar is bevind dat die Schoeman-3-aspekmodel as goeie riglyn in die aanvangsfase van Gestaltspelterapie dien en deur daarop te fokus, word die Gestaltspelterapeutiese doelwitte ook in ag geneem. Dit kan as 'n goeie grondslag vir verdere terapie dien en die Gestaltspelterapeut kan sodoende kontak met die kind maak. Vanuit die literatuur is dit duidelik dat daar 'n tekort aan assesseringshulpmiddels is en sover bekend nie 'n soortgelyke Gestalt-

assesseringshulpmiddel beskikbaar is nie. Die gebruik van bordspele as Gestalt-assesseringshulpmiddel blyk ook gepas te wees vir die kind in die middelkinderjare. Dit is duidelik dat die inligting verkry kan word rakende die kind se proses, deur die gebruik van beperkte assesseringstegnieke en –hulpmiddels. Dit kan die Gestaltspelterapeut toerus om te beplan vir toekomstige terapeutiese intervensie, wat gepas is vir die kind se spesifieke proses.

Aanbevelings wat vanuit die literatuuroorsig gemaak kan word is soos volg:

- In die literatuuroorsig is slegs inligting oor die prominente aspekte van die studie ingesamel en kan in die toekoms meer in-diepte beskryf en ondersoek word. Ontwikkelingsteorieë word slegs kortliks bespreek en daar word slegs aandag gegee aan sekere ontwikkelingsaspekte naamlik: fisies en liggaamlik; kognitief; sosiaal en emosioneel.
- Assesseringshulpmiddels behoort ondersoek, saamgestel en benut te word, vir volledige assessering, wat vir die kind aangenaam is en wat die terapeutiese proses bevoordeel. Vanuit die studie blyk dit dat die toe-passing van die Gestalt-assesseringshulpmiddel die Gestaltspel-terapeut in staat sal stel om te kan fokus op die Schoeman-3-aspek model.

5.3.2 Doelwit 2: Semi-gestruktureerde onderhoude

Die empiriese ondersoek is uitgevoer deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met twee Gestaltspelterapeute as respondente. Die Gestaltspelterapeute se aanbevelings en bydraes as kundiges, was waardevol en is deur die navorser in ag geneem met die samestelling van die Gestalt-assesseringshulpmiddel in die vorm van 'n bordspel.

Die volgende gevolgtrekkkings is uit die bogenoemde doelwit geformuleer met betrekking tot assessering en die gebruik van bestaande assesseringhulp-middels, gedurende die aanvangsfase van terapie met die kind.

- Die Gestaltspelterapeute het assessering as belangrik en noodsaaklik in die eerste kontak met die kind, beskou.
- Daar word hoofsaaklik gebruik gemaak van bestaande tegnieke en hulpmiddels soos, onvoltooide sinne, vraelyste, tekeninge en die Roosboomtegniek vir assesseringsdoeleindes.
- Die gevolgtrekking is gemaak dat bestaande tegnieke soms bedreigend vir kinders is, nie 'n holistiese beeld van die kind verskaf nie en dat die gebruik daarvan soms die terapeutiese proses verleng.
- Kinders het ook volgens die kundiges ander terapeutiese bordspele, wat vir ander doeleindes gebruik word, as positief ervaar en het baie belangstelling getoon.
- Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat daar nie sover bekend 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel bestaan wat fokus op die Schoeman-3-aspekmodel vir die kind in die middelkinderjare, in terapie nie. Dit is ook duidelik dat dit die spelterapeut kan toerus met 'n bruikbare Gestalt-assesseringshulpmiddel wat die terapeutiese proses kan bevoordeel.

Daar word aanbeveel dat:

- alternatiewe Gestalt-assesseringshulpmiddels en –tegnieke ondersoek word, aangesien dit as 'n leemte beskou word.
- die gebruik van 'n meer gepaste, nie-bedreigende, Gestalt-assesserings-hulpmiddel voordelig sal wees vir die terapeutiese proses.
- die Gestalt-assesseringshulpmiddel so saamgestel word dat dit meer areas van die kind sal assesseer eerder as om op 'n sekere area te fokus.

5.3.3 Doelwit 3: Toepassing van die Gestalt-assesseringshulpmiddel op 'n kinderrespondent

Die Gestalt-assesseringshulpmiddel is voorlopig saamgestel, om dit vir die navorser moontlik te maak om op 'n kinderespondent toe te pas. Die toepassing van die bordspel as Gestalt-assesseringshulpmiddel op een kinderrespondent, het belangrike inligting verskaf aangaande die effektiwiteit en bruikbaarheid daarvan vir verhouding bou, sensoriese stimulasie en die ontdekking van die kind se proses. Aangesien die bordspel slegs op een respondent toegepas is, waak die navorser daarteen om gevolgtrekkings te veralgemeen. Gevolgtrekkings wat vanuit die studie spruit, moet dus binne die konteks gesien word. 'n Aanbeveling sal juis wees om verdere navorsing oor die bordspel te doen – veral met 'n groter steekproef. Gevolgtrekkings wat gemaak is vanuit die toepassing van die Gestalt-assesseringshulpmiddel, het aan die navorser die geleentheid gebied om aanpassings te maak en verbeterings, waar nodig geag, aan te bring.

Gedurende die bordspel is daar van drie vorms van spel gebruik gemaak, naamlik: ontspanningspel, assesseringspel en bibliospel. Tydens die benutting van ontspanningspel kon dit nie net 'n ontspannende atmosfeer bied nie, maar ook die kind vir terapie motiveer en oriënteer ten opsigte van die speelkamer en bordspel. Die bordspel op sigself, die gebruik van die vrae-kaartjies, probleem-oplossing en 'n fantasievlug, het gedien as tegnieke van assesseringspel. Hierdie vorm van spel het die navorser in staat gestel om 'n vertrouensverhouding met die kind te bou; deur sensoriese stimulasie kontak met die kind te maak en die kind se proses te ontdek. Verder was dit ook moontlik om te bepaal of die kind oor die gepaste ontwikkelingstake vir sy ouderdom beskik. Dit was duidelik dat die inligting bekom deur die spelvorm, as basis dien en gebruik kan word vir die beplanning van verdere terapie. Oudiomateriaal is as vorm van biobliospel tydens hierdie navorsing, gebruik. Die gebruik van musiek het dit moontlik gemaak om 'n fantasievlug te skep, wat sensories stimulerend, sowel as maklik vir die kind is om te verbeel. Dit was ook

moontlik om belangrike inligting aangaande die kind se probleemoplossingstegnieke te verkry en die wyse waarop hy probleme aanspreek. Dit was ontspannend van aard en het die kind veilig in die terapeutiese milieu laat voel.

Aangesien die Gestalt-assesseringshulpmiddel fokus op die Schoeman-3-aspekmodel, is sekere gevolgtrekkings ten opsigte van die suksesvolle bereiking van hierdie drie doelwitte gemaak. Aangesien die terapeutiese verhouding van uiterse belang is, was dit ook noodsaaklik dat die bordspel daarop fokus. Daar is gebruik gemaak van ontspanningspel om 'n verhouding met die kind te stig en om 'n veilige en aangename omgewing te skep. Die gevolgtrekking wat hier gemaak kan word, is dat die omgewing, bordspel en interaksie van die terapeut, dit vir die kind maklik gemaak het om in gelyke verhouding tot die spelterapeut te staan. Dit was ook moontlik vir die kind om die terapeut te vertrou en persoonlike aspekte met die terapeut te deel.

Sensoriese stimulasie is noodsaaklik om by die kind se proses uit te kom en om die kind in kontak met homself en die omgewing te bring soos bewys in hoofstuk drie. Die kleure van die skuifklippie wat die kind kon sien; die musiek en geluide wat die kind kon hoor; sowel as die klippies, sand en blare waaraan die kind kon voel en ruik, is gebruik om die kind sensories te stimuleer. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat dit vir die kind aangenaam was en dit het hom gemaklik in die terapeutiese omgewing, laat voel. Dit het die kind in kontak met sy gevoelens, behoeftes en onvoltooidhede waarop die res van die bordspel fokus, gebring. Deur van die verskillende vorms van spel sowel as die aktiwiteite op die bordspel soos die fantasievlug, roosboomtegniek, sosiale kaartjies, emosionele kaartjies ensovoorts, gebruik te maak, was dit vir die navorser moontlik om die kind se proses te bepaal. Die evalueringsvorm het ook as verslag gedien vir die sessie en is gebruik vir die beplanning van verdere terapie met die kind.

Daar word aanbeveel dat:

- reëls en instruksies gevolg sal word vir die toepassing van die bordspel soos dit uiteengesit is in die inligtingsboek;
- die opgeleide persoon die bordspel meer as een keer met die kind sal kan speel om meer inligting oor die kind te verkry;
- die ingeslote evalueringsvorm deur die spelterapeut benut word, om as verslag te dien vir die sessie, sowel as om toekomstige intervensie te beplan; en
- die opgeleide persoon wat gebruik maak van die bordspel opleiding ontvang het of kennis dra van die Gestaltspelterapeutiese benadering.

5.3.4 Doelwit 4: Die samesteling van 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind in terapie as die navorsingsproduk

Die volgende gevolgtrekkings is uit die bogenoemde doelwit geformuleer:

- Deur die samestelling van 'n inligtingsboek as riglyn by die bordspel in te sluit, sal dit die Gestaltspelterapeut in staat stel om kinders in die middelkinderjare, in terapie, te assesseer.
- As die Gestalt-assesseringshulpmiddel benut word soos aanbeveel word, sal 'n terapeutiese verhouding met die kind gestig word; die kind sensories gestimuleer word om hom in kontak te bring met sy self en sy omgewing; sal die kind se proses ontdek word en sal die kind tegelyktydig ook bewus word van sy unieke proses.

Daar word aanbeveel dat:

- hierdie Gestalt-assesseringshulpmiddel benut sal word in die aanvangs-fase van terapie, ten einde die terapeutiese proses te versterk;
- die spelterapeut die kind se ontwikkeling, sowel as aspekte wat dit beïnvloed, in ag sal neem. Sodoende sal die spelterapeut 'n geheelbeeld van die kind se funksionering en proses te kry;

- slegs opgeleide professionele persone met die nodige kennis aangaande die Gestaltspelbenadering, hierdie Gestalt-assesseringshulpmiddel benut;
- hierdie Gestalt-assesseringshulpmiddel as navorsingsbron benut sal word ten einde toekomstige navorsing op hierdie terrein aan te moedig, sowel as die effektiwiteit daarvan te bepaal. 'n Evalueringsvorm word by die bordspel vir hierdie doel ingesluit.

5.4 TEMAS VIR VERDERE NAVORSING

In hierdie studie is 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die laerskoolkind saamgestel. As gevolg van die beperkte omvang van die navorsingsvoorlegging, is sekere temas nie gedurende hierdie studie ondersoek nie. Verdere navorsing ten opsigte van die volgende aspekte word aanbeveel:

- Verdere ontwikkeling van die voorgestelde Gestalt-assesseringshulp-middel, sodat dit op verskillende ouderdomme en kultuurgroepe toegepas kan word.
- Die moontlikheid moet ondersoek word om 'n breinprofiel vanuit die Gestalt-assesseringshulpmiddel, te kan opstel.
- Verdere ontwikkeling van die Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die ge-bruik in groepwerk.
- Ondersoek ten opsigte van die vlakke van persoonlikheid kan ook voordelig wees, sowel as die identifisering daarvan met behulp van die Gestalt-assesseringshulpmiddel.

5.5 MOONTLIKE LEEMTES VAN DIE STUDIE

Die volgende leemtes is tydens die studie geidentifiseer:

- Die steekproef was beperk tot een laerskoolkind in terapie. Gevolglik kan die bevindings nie veralgemeen word nie. Dus kan dit met 'n kwalitatiewe of kwantitatiewe studie meer in-diepte ondersoek word.

- Die navorser het 'n kinderrespondent van die studie geselekteer wat oor 'n gemiddelde intelligensie beskik. Gevolglik toon hierdie bevindinge dat die Gestalt-assesseringshulpmiddel gebruik kan word vir die assessering van die laerskoolkind, aangesien hy beskik oor die voldoende ontwikkelingstake en –vaardighede. Dit kan egter nie veralgemeen word vir 'n kind met 'n beperkte kognitiewe ontwikkelingsvermoë nie, aangesien dit nie getoets of aangepas is op die kind nie.
- Die Gestalt-assesseringshulpmiddel is toegepas op die kind wat vanuit 'n Westerse agtergrond is. Kulturele agtergrond is egter nie in ag geneem, met die samestelling van hierdie hulpmiddel nie.
- Die bordspel word egter slegs in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel.
- Die Gestalt-assesseringshulpmiddel is so saamgestel dat dit slegs die laerskoolkind assesseer op daardie oomblik, sonder bydraes van die ouers of onderwysers. Die kind word geassesseer ten opsigte van sy gevoel teenoor sy ouers en onderwysers, maar bydraes van die ouers en onderwysers word later betrek.
- Die effektiwiteit van die navorsing kan verbeter word indien ander Gestaltspelterapeute genader word om die Gestalt-assesseringshulp-middel in verskillende milieus toe te pas. Om hierdie rede word 'n evaluasievorm by die bordspel ingesluit vir terugvoering en verdere studies.

5.6 ALGEHELE GEVOLGTREKKING

In die voorafgaande hoofstuk is bepaalde verbande tussen die teorie en praktyk getref. Die navorser is in staat gestel om leemtes sowel as beperkings van hierdie studie aan te spreek en daardeur sekere aanbevelings te maak

In hierdie navorsingstudie was dit vir die navorser moontlik om die doelwitte wat in hoofstuk een geidentifiseer is, te bereik. Aangesien hierdie doelwitte bereik is, was dit moontlik om 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die terapeut saam te

stel. Vanuit die navorsing, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die bordspel as nie-bedreigende medium dien vir kontakmaking met die terapeut.

Veranderlikes soos die omgewing en interaksie met die terapeut, tesame met die benutting van die bordspel, blyk dit vir die kind maklik te maak om in 'n gelyke verhouding tot die spelterapeut te staan. Hierdie unieke bordspel, kan dus met sukses deur die spelterapeut benut word vir verhoudingstigting, sensoriese stimulasie en ontdekking van die kind se proses, wat as basis vir 'n terapeutiese proses kan dien.

BIBLIOGRAFIE

Aronstam, M. 1989. *Gestalt therapy, in South African handbook of abnormal behaviour,* edited by Louw, D.A. Johannesburg: Southern.

Axline, V.M. 1969. *Play therapy.* New York: Ballantine Books.

Axline, V.M. 1994. *Play therapy*. 4th edition. Edinburgh: Churchill.

Babbie, E. 2002. *The basics of social research.* 2nd edition. Australia: Wadsworth/Thomson Learning.

Babbie, E. 2004. *Practice of social research*. 10th edition. California: Wadsworth/Thomson Learning.

Babbie, E., & Mouton, J. 2001. *The practice of social research* with contributions by Voster, P. & Prozesky, B. Cape Town: Oxford University Press.

Babbie, A. & Rubin, E. 1993. *Research Methods for Social Work.* 2nd edition. California: Brooks and Cole Publishing Company.

Barone, D.F., Maddur, J.E. & Snyder, C.R. 1997. *Social cognitive psychology: History and current domains.* London: Plenum Press.

Bee, H. & Boyd, D. 2003. *Lifespan development: Study edition.* Boston: Allyn & Bacon.

Bee, H. 1995. *The developing child*. 7th edition. New York: Harper Collins College Publishers.

Bekker, G. 2004. *'n Spelterapeutiese program vir die emosioneel beseerde pre-adolessent: 'n Gestaltbenadering.* Unpublished Masters Dissertation, Rand Afrikaans University.

Berger, D.S. 2002. *Music therapy, sensory integration and the autistic child.* London: Jessica Kingsley Publishers.

Berk, L.E. 1996. *Infants, children and adolescents.* 2nd edition. Boston: Allyn & Bacon.

Berk, L.E. 2000. *Child development.* 5th edition. Boston: Allyn and Bacon.

Berk, L.E. 2003. *Child development.* 6th edition. Boston: Allyn and Bacon.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Fundamentals of social research methods: An African perspective.* 2nd edition. South Africa: Juta.

Blom, R. 2002. *Werkboek 2: Aspekte wat kinders se emosionele intelligensie kan beïnvloed.* Suid-Afrika: Wise Child: Foundation for the Development of Emotional Intelligence in Children

Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt play therapy: Practical guidelines for child therapists*. Bloemfontein: Published by the Author.

Brems, C. 2002. *A comprehensive guide to child psychotherapy.* 2nd edition. Boston: Allyn and Bacon.

Capacchione, L. Ph.D. 2001. *The art of emotional healing.* Boston: Shambhala.

Cattanach, A. 1992. *Play therapy with abused children.* London: Jessica Kingsley Publisher.

Clarkson, P. 1989. *Gestalt counseling in action.* London: SAGE Publications.

Cole, M. & Cole, S.R. 2001. The *development of children.* 4th edition. New York: Worth Publishers.

Corsini, R.J. 1999. *The dictionary of psychology.* USA: Brunner/Manzel.

Cresswell, J.W. 1994. *Research design – qualitative and quantitative approaches.* London: SAGE Publication.

Crocker, S.; Brownell, P.; Sternberger, G.; Gunther, S.; Just, B.; Seen, A. & Wolfert, R. 2001. *Field and boundary: A discussion of field theory in Gestalt therapy.* Gestalt Vol.5, no.2. Taken from Internet.

Dale, P. 1986. *Dangerous families: Assessment and treatment of child abuse.* New York: Travistock Publications.

Damon, W. & Eisenberg, N. 1998. *Handbook of child psychology: Social, emotional and personality development: An important reference to students, researchers and practitioners,* Volume 3. 5th edition. New York: John Wiley & Sons.

De Klerk, R. & Le Roux, R. 2003. *Emosionele intelligensie vir kinders en tieners: 'n Praktiese gids vir ouers en onderwysers*. Kaapstad: Human en Rousseau.

Demetriou, A.; Doise, W. & van Lieshout, C.F.M. 1998. *Life-span developmental psychology.* New York: Wiley.

De Vos, A.S. 1998. Program evaluation in *Research at grass roots: A primer for the caring professions*, edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, W.J. & Schurink, E.M. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002. Intervention research in *Research at grass roots: For the sciences and service professions*, edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation in *Research at grass roots: For sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. & Fouché, C.B. 1998. General introduction to research design, data collection methods and data analysis in *Research at grass roots: A primer for the caring professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, W.J. & Schurink, E.M. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: For the sciences and service professions.* 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S & Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, W.J. & Schurink, E.M. 1998. *Research at grass roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik.

Dunn, M. 2004. *The development of a board game as preventive measure against the sexual abuse of Grade Four children in South Africa.* Unpublished Doctoral Dissertation, University of South Africa.

Eysench, M.W. 1990. *The Blackwell cognitive dictionary of psychology.* USA: Basil Blackwell Incorporated.

Fouché, C.B. 2002. Problem formulation in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. 2002. Research strategies in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. 2002. Writing the research proposal in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. In-depth review of literature in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. Introduction to the research process in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2002. Quantitative research designs in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Frey, D.E. 1986. Communication board games with children in *Game play: Therapeutic use of childhood games,* edited by Schaefer, C.E. & Reid, S.E. New York: John Wiley & Sons.

Greeff, M. 2002. Information collection: Interviewing process in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Grinell, R. M. 1993. *Social work research and evaluation.* 4th edition. Calgary: F.E. Peacock Publishers, Inc.

Goleman, D. 1995. *Emotional intelligence.* United States of America: Bantam.

Goleman, D. 1996. *Emotional intelligence: Why it can matter more than IQ.* London: Bloomsbury.

Guskey, T.R. 2000. *Evaluating professional development.* California: Corwin Press, Incorporated.

Hatch, T. 1997. *Friend, diplomats, and leaders in kindergarten: Interpersonal intelligence in play.* London: SAGE Publications.

Hepworth, D.H.; Rooney, R.H. & Larsen, J.A. 1997. *Direct social work practice: Theory and skills.* 5th edition. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Hobday, A. & Ollier, K. 1998. *Creative therapy: Activities with children and adolescents.* United Kingdom: The British Psychological Society.

Huysamen, G.K. 1993. *Metodologie vir die sosiale en geesteswetenskappe.* Pretoria: Southern Publications.

Kaduson, H.G. & Schaefor, C.E. 2000. *Short-term play therapy for children*. New York: Guilford Press.

Kail, R.V. 1998. *Children and their development*. New York: Prentice Hall.

Kaplan, P.S. 1998. *Human odyssey: Life-span development.* 3rd edition. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Korb, M.P., Gorrell, J. & Van de Riet, V. 1989. *Gestalt therapy: practice and theory.* 2nd edition. Oxford: Pergamon.

Kottman, T. 1995. *Partners in play: An Adlerian approach to play therapy.* USA: Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

LaFreniere, P.J. 2000. *Emotional development: A biosocial perspective.* Australia: Wadsworth, Thomson Learning.

Lampert, R. 2003. *A child's eye view: Gestalt therapy with children, adolescents, and their families.* New York: Gestalt Journal Press.

Landreth, G.L. 1982. *Playtherapy.* USA: Charles Thomas Publisher.

Landreth, G.L. 1991. *Play therapy: The art of the relationship.* Indiana: Accelerated Development.

Laubscher, M.S. 1997. *'n Maatskaplikewerksperspektief of kindermishandeling.* Ongepubliseerde Meesters Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Louw, D.A. 1990. *Menslike ontwikkeling.* 2de uitgawe. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Human development.* 2nd edition. Pretoria: Kagiso.

Mackewn, J. 1997. *Developing Gestalt Counseling.* London: SAGE Publication.

MacMillian, J.H. & Schumacher, S. 1993. *Research in education.* 3rd edition. New York: Harper Collins College Publishers.

Marcus, C. & Knott, J. 2003. *Magical mage journey: Board game for grieving children.* The Hospice Association of the Witwatersrand.

Marshall, C. & Rothman, G.B. 1989. *Designing qualitative research methods.* USA: SAGE Publications.

McMahon, L. 1992. *The handbook of play therapy.* London: Routledge

Mokoena, C.R. 2002. *Thinking globally and acting locally rethinking classroom management in township schools.* Unpublished Masters Dissertation, Rand Afrikaans University.

Mouton, J. 1996. *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1991. *Methodology of social sciences: Basic concepts.* Pretoria: HSRC.

Neuman, W.L. 2003. *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches.* 5th edition. Boston: Allyn and Bacon

Newman, S. 2004. *Stepping out: Using games and activities to help your child with special needs.* London: Jessica Kingsley Publishers.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children: A Gestalt therapy approach to children and adolescents.* New York: Center for Gestalt Development.

Oaklander, V. 1992. *The relationship of gestalt therapy to children.* The Gestalt Journal, 5(1) 64-74.

Oaklander, V. 1994. Gestalt play therapy, in *Handbook of play therapy: Advances and Innovations, Volume two,* edited by *O'Connor, K.J. & Schaefor, C.E.* New York: John Wiley and Sons, Inc.

Oaklander, V. 1997. *The therapeutic process with children and adolescents.* Gestalt Review, 1 (4):292-317.

Oaklander, V. 1999. Group play therapy from a gestalt therapy perspective in *Handbook of group play therapy: how to do it, how it works, whom it's best for,* edited by Sweeney, D.S. & Hofmeyer, I.C. San Francisco: Jossey-Bass.

O'Connor, K.J. & Ammen, S. 1997. *Play therapy: Treatment planning and intervention.* London: Academic Press.

O'Connor, K.J. 2000. *The play therapy primer.* 2nd edition. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Owens, K.B. 2002. *Child and adolescent development: An integrated approach.* California: Wadsworth Thomson Learning.

Padgett, D.K. 1998. *Qualitative methods in social work research.* London: SAGE Publications.

Patton, M.C. 1990. *Qualitative evaluations on research methods.* London: SAGE Publications.

Perls, F.S. 1973. *The Gestalt approach and eye witness to therapy.* Palo-Ato, CA: Science and Behaviour Books Inc.

Perls, F.S. Hefferline, R.F. & Goodman, P. 1951. *Gestalt therapy, excitement and growth in the human personality.* New York: Julian Press

Pervin, L.A. & John, O.P. 1999. *Handbook of personality: Theory and research.* 2nd edition. London: The Guilford Press.

Phillippson, P. 1998. *Dialogue and experiment.* Manchester: Gestalt Center. Handleiding vir MDIAC (SPELTERAPIE). Wellington: Sentrum vir Spelterapie en Opleiding.

Plutchik, R. 2003. *Emotions and life: Perspectives from psychology, biology and evolution.* United States of America: United Book Press, Inc.

Potgieter, M.C. 1998. *The social work process. Development to empower people.* South Africa: Prentice Hall.

Potgieter, R. 1996. *'n Model vir die assessering van die seksuele gemolesteerde kind onder die ouderdom van vyf jaar – 'n maatskaplike werk perspektief.* Unpublished Doctoral Dissertation, University of Pretoria.

Rathus, S.A. 2003. *Voyages: childhood and adolescence.* California: Wadsworth.

Remocker, A.J. & Storch, E.T. 1987. *Action speaks louder: A handbook of structured group techniques.* Edinburgh: Churchill Livingstone.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 1995. *Qualitative interviewing: The art of hearing data.* Thousand Oaks: Sage.

Saarni, C.; Mumme, D.L. & Campos, J.J. 1998. Emotional development: Action, communication, and understanding in child psychology in *Handbook of child psychology: Social, emotional and personality development: An important reference to students, researchers and practitioners,* Volume 3*,* 5th edition,

edited by Demetriou, A.; Doise, W. & van Lieshout, C.F.M. New York: John Wiley & Sons.

Schoeman, J.P. 1996. Fantasy, metaphor and imagination in *Entering the child's world: A play therapy approach*, edited by Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 1996. Handling aggression in children in *Entering the child's world: A play therapy approach*, edited by Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 1996. Sensory contact with the child in *Entering the child's world: A play therapy approach*, edited by Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 1996. The Art of the Relationship with Children: A Gestalt Approach, in *Entering the Child's World: A Play Therapy Approach*, edited by Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 2002. *Advanced course in play therapy: Notes and reading material.* RSA: Centre of Playtherapy.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Publishers.

Serok, S. 2000. *Innovative application of Gestalt therapy.* Florida: Krieger Publishing Company.

Shaffer, D.R. 1999. *Developmental psychology: Childhood & Adolescence.* 5th edition. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Shaffer, D.R. 2002. *Developmental psychology: Childhood and adolescence.* 6th edition. Australia: Wadsworth/Thomson.

Sherman, E & Reid, W.J. 1994. *Qualitative research in social work.* New York: Columbia University Press.

Sheafor, B.W.; Horejsi, C.R. & Horejsi, G.A. 2000. *Techniques and guidelines for social work practice.* 5th edition. Boston: Allyn and Bacon.

Sigelman, C.K. en Rider, E.A. 2003. *Life-span human development.* 5th edition. Australia: Thomson/Wadsworth.

Sillis, C., Fish, S. & Lapworth, P. 1995. *Gestalt counseling.* United Kingdom: Winslow Press Limited.

Sinay, S. 1998. *Gestalt for beginners.* New York: Writers and Readers Publishing Inc.

Strydom, H. 2002. Ethical aspects of research in the social sciences of human service professions in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2002. The pilot study in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2002. Writing the research report in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2002. Sampling and pilot study in qualitative research in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods in *Research at grass roots: For the sciences and service professions,* edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Sybouts, W. & Wendel, F.C. 1994. *The training and development of school principals: A handbook.* Westport: Greenwood Press.

Taylor, J. & Bagdon, R. 1984. *Introduction to qualitative research methods.* New York: John Willey and Sons.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1992. *Counseling children.* 3rd edition. USA: Thomson/Brooks/Cole.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. *Counseling children.* 4th edition. USA: Thomson/Brooks/Cole.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2004. *Counseling children.* 5th edition. USA: Thomson/Brooks/Cole.

Thompson, C.L., Rudolph, L.B. & Henderson, D.A. 2004. *Counseling children.* 6th edition. USA: Thomson/Brooks/Cole.

Timberlake, E.M. & Cutler, M.M. 2001. *Developmental play therapy in clinical social work.* Boston: Allyn and Bacon.

Van der Merwe, M. 1996. Assessment play in *Entering the child's world: A play therapy approach,* edited by Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996. Basic components of play therapy in *Entering the child's world: A play therapy approach,* edited by Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996. Biblio-play in *Entering the child's world: A play therapy approach,* edited by Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Pretoria: Kagiso Publishers.

Van der Merwe, M. 1996. Relaxation play in *Entering the child's world: A play therapy approach,* edited by Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Pretoria: Kagiso Publishers.

Webb, N.B. 1999. *Play therapy with children in crisis.* 2nd edition. New York: Guilford Press.

West, J. 1996. *Child centred play therapy.* 2nd edition. London: Arnold.

Wicks-Nelson, R. & Israel, A.C. 2003. *Behaviour disorders of childhood.* 5th edition. New Jersey: Prentice Hall.

Yontef, G.M. 1993. *Awareness, dialogue and process: Essays on Gestalt Therapy.* New York: Gestalt Journal Press.

Yontef, G.M. & Jacobs, L. 2000. Gestalt therapy in *Current Psychotherapies*, edited by Corsini, R.J. & Wedding, D. 6th edition. Itasca, Illinois: F.E. Peacock.

BYLAAG A

DIE SCHOEMAN-WERKSMODEL

Die Schoeman-werksmodel bestaan uit die volgende aspekte (Schoeman, 2002:12):

- Stigting van terapeutiese verhoudingsbou
- Sensoriese kontakmaking
- Eksplorering van die kind se proses
- Die maak van ‘n projeksie
  Die projeksie kan oop of geslote van aard wees.
  Besitneming van die projeksie.
- Bespreking van alternatiewe
- Versterking van die self
- Evaluasie

Neem altyd die volgende in ag:

- ✓ Self-vertroeteling
- ✓ Verantwoordelikheid
- ✓ Struktuur

BYLAAG B

ONDERHOUDSKEDULE VIR DIE SEMI-GESTRUKTUEERDE ONDERHOUDE

Vraag 1: Waarop fokus u, gedurende die eerste twee sessies van spelterapie, met die laerskoolkind?

Vraag 2: Watter tegnieke of hulpmiddels gebruik u tydens die assessering van die laerskoolkind?

Vraag 3: Hoe reageer en ervaar die kind hierdie tegniek van assessering?

Vraag 4: Hoe vind u hierdie assesseringstegnieke en –hulpmiddels?

Bekendstelling:

Bekendstelling aan die navorsingsonderwerp geskied aan die hand van die doel van die studie: om 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel, wat fokus op die Schoeman-3-aspekmodel in die vorm van 'n bordspel, saam te stel vir die laerskoolkind in terapie. Die beplande bordspel word aan die kundige verduidelik en hoe die navorser beoog om dit saam te stel.

Vraag 5: Het u al ooit van enige soort bordspel, tydens spelterapie met ‘n laerskoolkind, gebruik gemaak?

Vraag 6: Wat was die kind se ervaring van die speel met ‘n bordspel?

Vraag 7: Dink u so ‘n Gestalt-assesseringshulpmiddel kan bruikbaar wees in spelterapie met die laerskoolkind?

Vraag 8: Wat sou, volgens u, ingesluit moet word by hierdie bordspel?

BYLAAG C

BRIEF AAN DIE SKOOLHOOF EN BEHEERLIGGAAM VAN JOHN MITCHELL PRIMARY SCHOOL

Geagte Mnr. Rotteveel en Lede van die Beheerliggaam

Elmari Botha is tans besig met haar Meestersgraad in Gestaltspelterapie, waarvan 'n navorsingstudie deel vorm. Die doel van die studie waarmee sy tans besig is, is om 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel vir die kind in die middelkinderjare wat in terapie is, saam te stel. Die assesseringshulpmiddel sal die vorm van ‘n bordspel aanneem.

Tydens die studie sal alle versamelde inligting konfidensieël hanteer word en die kind se naam sal dus geensins in die navorsingsverslag vermeld word nie. Die kind se behoeftes en probleme sal aangespreek word deur middel van ‘n terapeutiese proses.

Die doel van die studie is om:

- ✓ 'n Gestalt-assesseringshulpmiddel saam te stel vir die laerskoolkind vir die aanvangsfase van die spelterapeutiese proses;
- ✓ sodoende die spelterapeutiese verhouding met die kind te stig, in stand te hou en tot sy voordeel te benut;
- ✓ om die kind deur middel van die bordspel, sensories te stimuleer; en
- ✓ die kind se proses, vas te stel met die oog op verdere beplanning vir terapeutiese intervensie.

Toestemming

Hiermee gee ek_____ ,hoof van John Mitchell Primary School toestemming aan die bostaande navorser om die Gestalt-assesseringshulpmiddel op 'n leerling van die skool, toe te pas en dat dit ook met die beheerliggaam van die skool bespreek en goedgekeur is.

Geteken: _____

Mnr. Rotteveel

SKOOLHOOF: JOHN MITCHELL PRIMêRE SKOOL

BYLAAG D

BRIEF AAN DIE OUER

Dear Mrs. X

Elmari Botha, the counselor at John Mitchell Primary, is currently completing her Masters degree in Play therapy, where a research study has to be completed.

The aim of the study is the composing of an assessment tool for the primary schoolchild in therapy. This assessment tool will comprise of a board game.

During the study all collected data will be treated confidentially and therefore the child's name will not be mentioned in the research. This assessment tool will assist the therapist to identify areas of need in your child.

The aim of the study is to:

- ✓ Compose an assessment tool for the primary school child for the beginning phases of the therapeutic process;
- ✓ Establish a trusting therapeutic relationship with the child;
- ✓ Stimulate the child on a sensory level; and
- ✓ To determine the child's process, for further planning of a therapeutic intervention

I _____(parent) of_____ (child's name) hereby give the researcher, Elmari Botha, permission to use the assessment tool in therapy with my child.

Signed: _____ on _____ (date), at _____ (place).